Belydende Volkskerk

SJ BOTHA (RED)
HG VAN DER WESTHUIZEN
FJ VAN ZYL

BELYDENDE VOLKSKERK

BELYDENDE VOLKSKERK

SJ BOTHA (RED)
HG VAN DER WESTHUIZEN
FJ VAN ZYL

Kital

Kital
Posbus 7193
Pretoria 0001

Eerste druk, eerste uitgawe, 1989

Geset, gedruk en gebind deur
Gutenberg Boekdrukkers

ISBN 0 7986 2796 4

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word op enige manier, meganies of elektronies, insluitende plaat- en bandopnames en fotokopiëring, sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie, behalwe redelike aanhalings vir navorsings- en resensiedoeleindes, soos deur die Kopieregwet bepaal word.

LYS VAN MEDEWERKERS

PROF DR SJ BOTHA
Departement Kerkgeskiedenis,
Hervormde Teologiese Opleiding te Klipdrif,
Privaatsak X2012, Hammanskraal 0400.

PROF DR HG VAN DER WESTHUIZEN
Departement Sending- en Godsdienswetenskap,
Hervormde Teologiese Opleiding te Klipdrif,
Privaatsak X2012, Hammanskraal 0400.

PROF DR FJ VAN ZYL
Emeritus Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap,
Universiteit van Pretoria,
Bergseringlaan 437, Magalieskruin 0150.

INHOUD

Voorwoord JP Oberholzer

DIE VOLKSKERK SJ Botha

1. Inleiding 1
2. Johannes Calvyn 3
3. Calvyn se gedagtes in Nederland 6
4. Abraham Kuyper 9
5. Enkele kritiese opmerkings oor Kuyper se standpunte 13
6. Philippus Jacobus Hoedemaker 14
7. Hoedemaker en Nederland 23
   - 7.1 H Berkhof 23
   - 7.2 HJ Langman 24
   - 7.3 AA van Ruler 25
   - 7.4 Konklusies 28
8. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as volkskerk 29
   - 8.1 Die kerk aan die Kaap 29
   - 8.2 Die Voortrekkers se inrigting van hulle maatskappy en kerk 31
   - 8.3 Die maatskappy en kerk in Transvaal 32
   - 8.4 Die Algemene Kerkvergadering van 1888 34
9. Die Nederduitsch Hervormde Kerk uit beginsel volkskerk 35
10. Die Nederduitsch Hervormde Kerk as volkskerk vir die Afrikaner 41

VOLKSKERK AS NORMALE KERKBESKOUING HG van der Westhuizen

1. Grense van die volkskerk 48
   - 1.1 Volk en kerk 50
2. Opdrag van die volkskerk 53
   - 2.1 Ewigheidswaarde 55
   - 2.2 Volke en die Bybel 59
   - 2.3 Volke en die Hervormde Kerk 61
   - 2.4 Identifikasie van die Hervormde Kerk 63
   - 2.5 Belydende kerk 65
3. Gerigtheid van die volkskerk 67
   - 3.1 Verinheemsing 69
   - 3.2 Verhouding kerk en volk 71

4. Taak van die volkskerk 74
4.1 Eenheid 75
4.2 Direktheid van taak 78

5. Hoof van die volkskerk 79
5.1 Nuwe mensheid 82

VOLKSKERK EN VRYE KERK FJ van Zyl

1. Inleiding 86
1.1 Gestaltes van kerkwees 86
1.2 Ruimtes vir kerkwees 86
1.3 Roomse kerkwyse 86
1.4 Rome en Calvyn 87
1.5 Teokratiese beginsels 87
1.6 Nederlandse kerklike krankheid 88
1.7 Volkskerk in Suid-Afrika 89

2. Die Prinsiepe van volkskerk teenoor vrye kerk 89
2.1 Onkunde oor volkskerk 89
2.2 Verbondskerk 90
2.3 Volkskerk en doopppraktyk 92
2.4 Volkskerk en apostolaat 92
2.5 Kuyper en Independentisme 93
2.6 Kinderdoop en volkskerk 94
2.7 Individualisme en vrye kerk 96
2.8 Ware kerkeenheid 96

3. Samevattende konklusie 97

VOORWOORD

Wat hier aangebied word, is die gedagtes van drie prominente ampsdraers van die Nederduitsch Hervormde Kerk oor die begrip Volkskerk. Dit is uit die onderskeie bydraes duidelik dat daar verskil in beskouing en aksent bestaan oor die inhoud van die begrip. Dit is goed dat dit so is, want dit toon dat daar teologiese beweeglikheid in die kerk bestaan en dat denke rondom hierdie omstrede saak nie gestol het nie. Ek hoop van harte dat die publikasie, wat deels voortkom uit 'n opdrag van die Algemene Kerkvergadering van 1986, sal bydra tot denke rondom 'n skerper omlyning van die begrip. Dit is te hope dat persone binne en buite die kerk wat oor dié saak met die kerk in gesprek wil tree, van al drie die bydraes sal uitgaan en veral sal trag om hulle in balans met mekaar te sien. In die verlede is die kerk te dikwels aangespreek en selfs ook aangeval vanuit 'n begrip wat vreemd is aan die gedagte van die kerk self. Ek betuig graag my dank aan die drie broeders en vertrou dat die publikasie die aandag sal ontvang wat dit toekom.

JP OBERHOLZER

Die Volkskerk

SJ BOTHA

1. INLEIDING

Die Ned Herv Kerk van Afrika is kragtens sy geskiedenis Christusbelydende volkskerk en wil dit ook uit beginsel wees. Met hierdie historiese gegewendheid en doelbewuste keuse neem die Ned Herv Kerk 'n uitsonderingsposisie onder die drie Afrikaanssprekende kerke in en daarmee is ook een van die mees diepgaande verskille met die ander twee kerke gegee. Veral van die kant van die Gereformeerde Kerke word gestel dat die kerkbegrippe van die twee kerke onversoenbaar met mekaar is en dat die twee kerke op hierdie punt verder van mekaar af wegdryf. Volgens PW Buys (1970: 463) is die rede hiervoor dat die Ned Herv Kerk volkskerk wil wees, al is dit ook Christusbelydende volkskerk. Ongelukkig beveg die Gereformeerde Kerke steeds die karikatuurbeeld van die volkskerk, soos hulle dit via Kuyper gekry het en wat nie in die volkskerkgedagte van die Ned Herv Kerk teenwoordig is nie.

In die geval van die Ned Geref Kerk is daar iets van 'n dubbelslagtigheid ten opsigte van die volkskerkgedagte. Volgens Buys (1970: 470) is die Kerk wel kragtens sy geskiedenis 'n volkskerk, terwyl hy dit kragtens sy belydenis nie wil wees nie. Daar is diegene binne dié Kerk wat die gedagte voorstaan, maar ander wat dit ten sterkste afwys. Dit wil voorkom of die stemme van die Kuyperiaanse neo-Calviniste daar die hardste is. Soms word ook uit die Ned Geref Kerk aanvalle op die Ned Herv Kerk se volkskerkgedagte geloods wat nie altyd sonder 'n mate van moedswilligheid of dalk selfs kwaadwilligheid is nie. So het Van der Merwe (1986: 314–350) nie lank gelede nie in 'n artikel in die *Ned Geref Teologiese Tydskrif* op 'n baie subtiele wyse die Ned Herv Kerk se volkskerkgedagte aan die Glaubensbewegung Deutsch Christen verbind en geïnsinueer dat die Ned Herv Kerk 'n Petruskerk is en Petrus-navolger voordat hy hom deur Paulus laat teregwys het.

Die volkskerkopvatting van die Ned Herv Kerk het ook besliste konsekwensies wanneer dit kom by die sendingopdrag van die Heer van die Kerk. Die Kerk wil nie net self Christusbelydende volkskerk vir die Afrikanervolk wees nie, maar wil deur sy sendingarbeid ook Christusbelydende volkskerke onder ander volke tot stand bring. Dit is duidelik nie die bedoeling van die Kerk om sy eie geledere deur sending onder ander volkere uit te brei nie. Die gedagte lei noodwendig tot 'n eie sendingmetode, waar persone uit bepaalde volke opgelei

word om as sendingwerkkragte onder hulle volksgenote te gaan arbei. Met hierdie bepaalde sendingbeleid en sendingmetode neem die Kerk ook 'n uitsonderingsposisie in. Dit moet egter gestel word dat al is dit die Ned Herv Kerk se bedoeling om volkskerke onder die volke waar hy sending bedryf, tot stand te wil bring, die Kerk nie sy volkskerkopvatting op andere afgedwing het nie.

Dat die volkskerkgedagte die Ned Herv Kerk in 'n uitsonderingsposisie in sy verhouding tot die ander twee Afrikaanse Kerke plaas, asook ten opsigte van sy sendingbeleid en sendingmetode, vereis dat die Kerk homself voortdurend deeglik sal vergewis of sy gedagtes skriftuurlik verantwoordbaar, histories verankerd en huidig relevant is. Benewens die genoemde twee oorwegings het in die jongste jare 'n derde bygekom wat ook verantwoording oor die volkskerkgedagte vir die Kerk noodsaaklik maak. Die derde oorweging hou verband met die feit dat dit wil voorkom of die begrip "volk" in Suid-Afrika al meer en meer vermy word en in plaas daarvan gepraat word van minderheidsgroepe wat deel uitmaak van die Suid-Afrikaanse nasie. Die Kerk sal homself dus moet verantwoord of hy in die Suid-Afrikaanse opset nog so 'n entiteit soos 'n volk erken en of dit nog sin het om van volkskerk te praat.

Wanneer nou nader oor die volkskerkgedagte besin word, moet vooraf twee opmerkings gemaak word. Eerstens moet daarop gewys word dat die volkskerkgedagte met die verloop van tyd meer as een wysiging ondergaan het. Wat vandag onder die begrip verstaan word, is nie dieselfde as wat veral gedurende die eerste helfte van die vorige eeu daaronder verstaan is nie. Vandag praat die voorstanders van die gedagte meesal van 'n "Christusbelydende volkskerk" om die onderskeid met die verouderde volkskerkidee aan te dui (Joh Dreyer 1970: 1). Daar sal dus nagegaan moet word wat onder volkskerk verstaan is en vandag verstaan word. Hiermee kan dan vergelyk word wat die Ned Herv Kerk op die oog het as hy Christusbelydende volkskerk wil wees.

Tweedens moet opgemerk word dat by die vraag na die historiese oorsprong van die gedagte, die antwoord gaan afhang van wat onder die begrip *volkskerk* verstaan word. As daaronder staatskerk en massakerk verstaan word, wat bedoel om die hele volk te omvat en alle lewensterreine te verkerklik, dan word die oorsprong gesoek in die tyd van die regering van keiser Konstantyn die Grote. Die voorstanders van die vryekerk-idee en daarom verbete teenstanders van die volkskerk, sien die saak so. Volgens hulle kon die volkskerk-idee hoegenaamd nie vanaf Pinkster tot die tyd van Konstantyn in die kerk bestaan het nie. Die vyandskap van die magtige heidenwêreld sou dan in die tyd die idee van 'n volkskerk onmoontlik gemaak het (Buys 1970: 14). Hiervolgens sluit die feitlikheid van 'n situasie, byvoorbeeld vyandskap en

onderdrukking, die idee van 'n volkskerk uit. Hulle is wel bereid om toe te gee dat in die Ou Testament van 'n volkskerk sprake kon wees vanweë die noue verbondenheid tussen kerk en volk, maar onder die Nuwe Testament beslis nie.

Hierteenoor wys die voorstanders van die volkskerk juis daarop dat hierdie gedagte sy oorsprong en wortels in die Ou Testament het en dat die Nuwe Testament dit nie afwys nie, maar eerder bevestig. Daarom word in hierdie geledere ook besondere klem gelê op die noue band wat daar tussen die Ou en Nuwe Testament bestaan.

Daar sal dus nagegaan moet word wat die voor- en teenstanders onder die begrip volkskerk verstaan het en ook vandag verstaan. Dit bring asof vanself mee dat aan die denke van Abraham Kuyper, die vader van die vrye-kerk-idee en die groot bestryder van die volkskerk en aan dié van Philippus J Hoedemaker, die vader van die huidige volkskerkgedagte, aandag gegee sal moet word. Beide Kuyper en Hoedemaker se opvattinge gaan terug na die kerkstaat-ideaal van Calvyn wat by hulle in twee teenstellende rigtings uiteengegaan het. Berkhof (1950: 297) stel dat waar Calvyn die heilige volkskerk op die oog gehad het, Kuyper ter wille van die heiligheid die volk prysgegee het, terwyl Hoedemaker in die eerste plek die volk wou vashou om daarna tot die heiligheid te kom.

Beide Kuyper en Hoedemaker sluit dus by Calvyn aan, wat meebring dat met Calvyn se denke oor die kerk begin moet word. Kuyper en Hoedemaker se uiteenlopende gedagtes oor die volkskerk sal egter nie ten volle begryp kan word as die historiese agtergrond waarteen hulle hulle gedagtes ontwikkel het, nie ook bekend is nie. Ook daaraan sal dus die nodige aandag gegee moet word. Uiteindelik gaan die besinning oor skriftuurlike verantwoordbaarheid en historiese verankerdheid hand aan hand. Daar word egter by die denke van Calvyn, die groot hervormer van die sestiende eeu begin.

2. JOHANNES CALVYN (1509–1564)

Calvyn se denke oor kerk, volk en owerheid word totaal beheers deur die teokratiese gerigtheid daarvan. Van hierdie denke is die resultaat dat God in die wêreld regeer deur naamlik die kerk en die staat. Kerk, sakramente en owerheid is vir Calvyn die uiterlike middele waardeur God mense tot gemeenskap met Christus roep en daarin bewaar (Calvyn IV/1, 2, 3 en 4 en Mans 1962:94).

Die kerk is vir Calvyn die liggaam van Christus en die moeder van die gelowiges waarbuite geen vergewing van sondes en saligheid kan wees nie. Die kerk het 'n sigbare en onsigbare sy. Dit beteken egter nie

dat daar twee kerke is nie. As vergadering van die uitverkorenes is die kerk 'n onsigbare werklikheid wat onderskei moet word van die sigbare gestalte waarin die kerk openbaar word. In die sigbare kerk is die ware gelowiges en die hipokriete vermeng. Om te kan weet of die sigbare kerk die ware of die valse kerk is, is daar sekere kenmerke of "notae ecclesiae" waaraan die kerk getoets kan word. Calvyn self noem drie merktekens van die ware kerk, naamlik die suiwer verkondiging van die evangelie, die regte bediening van die sakramente, terwyl die derde, te wete die toepassing van die tug, nie heeltemal dieselfde gewig as die eerste twee gedra het nie. Vir Calvyn het die eerste twee te doen gehad met die wese van die kerk en die derde met sy welwese. Tog het Calvyn selfs verklaar dat geringe afwykings van hierdie merktekens nog nie as genoegsame rede beskou kon word om 'n kerk sonder meer as valse kerk te verklaar nie. Wat Calvyn wel geëis het, was dat geen gelowige hom van die ware kerk afsydig sou hou nie maar hom inderdaad by die ware kerk sou voeg (Calvyn IV, I 1, 9, 10, 11 & 12).

Calvyn sien egter nie net die kerk objektief as die plek waar deur Woord en sakrament die evangelie verkondig word en waar die mens slegs hoorder is nie. Vir hom is die roeping van die gelowige ook van belang en daarom is die kerk ook subjektief die gemeenskap van die gelowiges met Christus en met mekaar. Dit moet 'n heilige gemeenskap wees waar Christus alleen regeer en wat die taak het om die eer en die koningskap van God oor die wêreld uit te roep. Om dit 'n heilige gemeenskap te hou, waar Christus oor die hele lewe en elke lewensterrein van elke gelowige regeer, is die tug nodig. Calvyn stel dit egter baie duidelik dat God se aanbod van genade die beslissende bly en nie die mens se heiligheid nie. Daarom gee hy toe dat die tug in teenstelling met Woord en sakrament, nie 'n onmisbare teken van die ware kerk is nie. Die doel wat Calvyn met sy aandrang op streng tug op die oog gehad het, was om 'n gehoorsame en strydbare gemeenskap daar te stel wat werklik 'n middel kan wees om God se eer in die wêreld te verwerklik (Berkhof 1950: 193).

In die kerk regeer Christus alleen, onmiddellik deur sy Woord en Gees en middellik deur die ampte. Alle ampte is gelyk en enige hiërargie is uitgesluit. Hierdie Christokratiese visie het ook enige owerheidsvoogdyskap of inmenging in die kerk se sake uitgesluit. Dit beteken nie dat Calvyn daarmee die owerheid neutraal wou hê nie. Inteendeel, hy het 'n neutrale owerheid wat ten opsigte van die waarheidsvraag onverskillig kon wees, afgewys. Ook die owerheid moes 'n beslissing ten opsigte van die Waarheid, dit is Christus, neem.

Die owerheid is 'n instelling van God wat 'n Godgegewe taak het. Die taak is om self God te dien deur so oor die volk te regeer dat die volk God sal kan dien. Die owerheid is dus ten volle aan God verantwoor-

ding verskuldig. Oor die verhouding tussen owerheid en kerk, het Calvyn baie skerp tussen die twee groothede onderskei sonder om hulle van mekaar te skei. Anders as Zwingli en Luther wat die organisasie van die kerk volkome aan die owerheid oorgelaat het, het Calvyn die volstrekte vryheid van die kerk teenoor die staat geleer. Die kerk moes selfstandig oor al sy sake op 'n kerklike wyse kon beslis en sy eie organisasie op 'n kerklike wyse kon hanteer sonder enige inmenging van die owerheid, selfs al was dit 'n Christelike owerheid. Christus as Heer van die kerk wil wel deur die kerk heen ook beslag lê op die hele lewe van die hele volk en staat. Daarom is dit die opdrag van die kerk om God se koningskap oor die wêreld uit te roep en aan hierdie koningsheerskappy is ook die owerheid onderworpe (Calvyn IV, I 20). Daarom moet die owerheid in sy roeping dan onthou dat die Wet van God, albei tafels, die hele openbare lewe wil beheers. Die owerheid het dus nie maar net met sake onder die tweede tafel van die Wet te make nie.

Dit beteken nou nie dat die kerk weer oor die owerheid heers nie. Inteendeel, die owerheid is geroep om op eie terrein in eie verantwoordelikheid en gehoorsaamheid teenoor God, die reg te handhaaf en 'n menswaardige bestaan te bevorder ooreenkomstig die wil van God. Die menswaardige bestaan mag egter nie doel op sigself wees nie, maar dit moet die kerk as die gemeenskap waar met Christus gemeenskap beoefen word, op die oog hê. Die vername taak van die owerheid is dus die sorg vir die suiwere godsdiens. Trouens, 'n owerheid wat nie vir die suiwere godsdiens sorg nie, kan nie blywende rus en geluk in sy ryk verwag nie. Die owerheid moet die welsyn van die kerk beskerm en bevorder sodat die kerk sy geestelike taak kan uitvoer deur die lig van God se Woord te laat skyn voor almal, enkeling, volk en owerheid, met die duidelike oproep dat die hele lewe van elkeen en alle lewensterreine aan die soewereiniteit van God onderwerp moet wees. Die beskerm en bevorder beteken nie dat die owerheid enigiemand tot geloof moet dwing nie. Geloof is 'n geestelike beslissing wat nie deur dwang bewerkstellig kan word nie. Hieruit volg dat die owerheid geloofsvryheid moet handhaaf (Berkhof 1950: 195). Calvyn het dus wel aan die owerheid 'n "jus circa sacra" toegeken, maar nie 'n "jus in sacra" nie.

Soos die ander reformatore het Calvyn net een kerk per land of per staatsgebied geken. Hy het slegs die onderskeid tussen ware en valse kerk geken en daarom kan daar net òf die ware òf die valse kerk in 'n land wees. Daar kan nie sprake wees van meer as een ware kerk in 'n land nie. Immers, dan sou Christus verdeel wees en dit kan nie. Afwykende persone of groepe kan wel getolereer word, maar nie as nog 'n ware kerk of kerke naas die ware, openbare en van owerheidsweë erkende kerk nie. Die ware kerk moes onder die volk arbei en alle

lewensterreine kersten. Dit was dus ook die enigste kerk waartoe die volk kon behoort. Wie nie aan die kerk behoort het nie, was nie lid van die ware kerk nie. Daar was net een kerk vir die volk van 'n bepaalde land. Lidmaatskap van die volk het egter nie outomaties lidmaatskap van die kerk meegebring nie, maar die eise van God se Woord moes in hierdie verband gehoorsaam word.

Konkluderend kan gestel word dat vir Calvyn net een ware kerk per volk en land kon bestaan. Dit was die enigste kerk waartoe die volk kon behoort en dit was dié kerk se taak om die lede van die volk en ook alle lewensterreine langs die deur God bepaalde weë te kersten. Hierdie kerk was die openbaring van die liggaam van Christus, die moeder van die gelowiges, die gemeenskap van die heiliges wat aan die "notae ecclesiae" moes voldoen en wat deur die owerheid beskerm moes word.

3. CALVYN SE GEDAGTES IN NEDERLAND

Hierdie gedagtes van Calvyn het ingang gevind in alle lande waar die Calvinistiese Reformasie aanvaar is en in byna alle gereformeerde belydenisskrifte neerslag gevind. Ook in Nederland het die Calvinisme, na aanvanklike suksesse van die Lutherse Reformasie, die oorhand gekry. Uiteindelik het die reformatoriese arbeid van Calvyn vir die hele geskiedenis van die Nederlandse volk bepalend geword. In Nederland was dit ook die kerk wat onder heerskappy van Rome 'n afgedwaalde kerk geword het, maar nou weer hervorm is na die eise van God se Woord, wat as die enigste publieke en erkende kerk gesien is en wat gegeld het as die volkskerk vir die Nederlandse volk. Die onwilliges moes nie gedwing word nie en die afwykendes kon getolereer word, maar tog was dit die veronderstelling dat alle Nederlanders tot hierdie kerk sou behoort (Kleyn 1888: 36). Dit was ook al kerk wat deur die owerheid erken is. Alleen die gereformeerde religie of hervormde godsdiens is deur die owerheid erken, beskerm en bevorder. Daarom het slegs dié kerk alleenreg op openbare optrede gehad en was selfs staatskerk. Hoewel hierdie laasgenoemde ontwikkeling seker nie in die lyn van Calvyn se teokratiese siening gelê het nie, was die kerk tog nie staatskerk soos by die Anglikaanse Kerk, waar die koning die hoof van die kerk was nie, maar eerder die publieke en bevoorregte kerk. Verder moet ook onthou word dat die Nederlandse Kerk dit self ook nie wou gehad het nie en voortdurend beswaar gemaak het teen die owerheid-seggenskap in kerksake. Vir die kerk was die probleem egter dat die owerheid die besittings van die Roomse Kerk oorgeneem het en nie die Hervormde Kerk nie. Gevolglik was die owerheid eienaar van al die voormalige Rooms-Katolieke kerkgeboue, eiendomme en bates en

vanuit sy beheer daarvan het die owerheid die Hervormde Kerk finansieel gedra (Reitsma – Lindeboom 1949: 180).

Belangrik om te onthou is dat die Nederlandse owerheid op daardie stadium nie 'n neutrale nie, maar 'n Christelike owerheid wou wees. Kragtens artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, wat in beginsel na Calvyn teruggevoer kan word, wou die Nederlandse owerheid 'n Christelike owerheid wees, wat hulle roeping van Godsweë om die volk te regeer na die eise van God se Woord en om die nodige beskerming en bevordering aan die kerk te gee, noulettend wou vervul. Tog is dit waar dat die owerheid te ver gegaan het en seggenskap, nie alleen rondom nie, maar ook in die kerk verkry het. Calvyn se teokratiese visie waarvolgens hy wel 'n "jus circa sacra" maar nie 'n "jus in sacra" nie aan die owerheid toegeken het, is dus nie volkome in Nederland verwerklik nie, soos hy dit trouens self ook nie te Genève heeltemal kon deurvoer nie (Dankbaar 1957: 130).

Hoewel dus onder 'n Christelike owerheid, was die kerk tog nie volkome vry om deur Christus alleen regeer te word nie. Die owerheid het op so 'n wyse seggenskap gekry dat dit van die owerheid se welwillendheid afgehang het of die kerk sy eie sake, soos byvoorbeeld leerkwessies, sou kon besleg. Selfs die groot Sinode van Dordrecht (1618–1619) was slegs deur owerheidstoestemming moontlik. Later weer is die kerk deur die owerheid verhinder om onder andere die stryd tussen die Voetiane en die Coccejane by te lê en daarmee is die kerk gedwing om verskille van opinie binne die kerk te tolereer. Hoewel dit in die bepaalde geval om middelmatige sake gegaan het, is die kerk hier deur die owerheid in beginsel verhinder om oor sy eie sake te beslis en sodoende gedwing om verskille van opinie binne die kerk te aanvaar, wat weer die weg gebaan het dat latere partye binne die kerk gevorm sou kon word en dat selfs variasies van die leer binne die kerk verdra sou moes word (Berkhof 1950: 227). Selfs binne die kerk het die waarheid dus relatief geword. Mettertyd is hierdie toleransie-beginsel waartoe die kerk deur die owerheid gedwing is, verder vanuit ander bronne soos die filosofie, die Aufklärung en veral die Franse Rewolusie, versterk (Buys 1970: 51, 54 en 56). Die toenemende sekularisasie, wat ook deur hierdie bronne sterk aangewakker is, het die gesag en die invloed van die kerk in die volkslewe steeds kleiner laat word. Dit alles het daartoe gelei dat daar 'n steeds groter wordende lidmatetal in die kerk was wat formeel nog lidmate van die kerk was, maar vir wie hulle lidmaatskap prakties van geen betekenis was nie.

Uiteindelik het die rewolusionêre denke van die Franse Rewolusie daartoe gelei dat met die Franse oorheersing van Nederland, die owerheid absoluut neutraal geword het, terwyl die kerk nou bloot gesien is as 'n vrye genootskap binne die volk. Vir die kerk in

Nederland het hierdie radikale omwenteling geweldige ontwrigting, chaos en probleme meegebring. Die Nederlandse koning Willem I het na die Napoleontiese oorheersing van die Nederlande beëindig is, die nodige staatsmasjinerie daargestel om die chaotiese kerklike sake te probeer orden. Terwyl die goeie bedoelinge van koning Willem I nie betwyfel hoef te word nie, het dit tog vir die kerk noodlottige gevolge gehad. In beginsel was die owerheid nou 'n neutrale owerheid wat nou die kerk se sake vir hom gereël het en ook selfs seggenskap in die kerk gehad het. Die gevolg was onder andere dat die totaal vreemde Kollegiale kerkregeringsisteem in 1816 vir die Nederlandse Kerk ingevoer is. Dit was vreemd aan die reformatoriese beginsels in verband met die kerkreg en het daarom ook nie gepas by die gereformeerde belydenisskrifte van die Nederlandse Kerk nie. Die moontlikheid vir die hou van 'n sinode is wel geskep, maar die sinode sou in wese niks anders as 'n blote bestuursliggaam wees wat nie aan die vereistes van die presbiteriaal-sinodale vorm van kerkregering van Calvyn voldoen het nie. Hoewel gepraat is oor die handhawing van die suiwerheid van die leer en met die oog daarop 'n ondertekeningsformulier ingebring is, was daar tog prakties geen leertug nie (Engelbrecht 1953: 15).

Tesame met die verkeerde toleransiebeginsel het die nuwe en vreemde kerkregeringstelsel die weg gebaan vir die sogenaamde rigtingstryd wat in die netengiende eeu in die Nederlandse Hervormde Kerk ontbrand het en waardeur die teologiese liberalisme en modernisme ook voet gekry het in dié Kerk met treurige en selfs noodlottige gevolge (Haitjema 1953 en Fiolet 1953). Van Calvyn se teokratiese denke het byna niks meer in Nederland oorgebly nie. Die antroposentriese liberalisme het die oorhand gehad.

Die Nederlandse volkskerk was nou 'n ernstig kranke kerk. Die kerk is wel nog as volkskerk gesien, maar daaronder is nou verstaan, ook onder invloed van die Duitse volkskerkgedagte van dié tyd, dat elke lid van die volk daartoe moes behoort (Langman 1950: 2 en 3) en dat alles wat in die wêreld en die tyd aan die gang was, ook in die kerk 'n nawerking moes hê (Scheers 1939: 191). Die gevolge was enersyds sterk ontkerstening en ontkerkliking en andersyds 'n ernstige kerkstryd, wat selfs op kerkskeurings uitgeloop het.

Die eeste reaksie teen hierdie verwording in die Nederlandse Kerk het gekom van persone soos Willem Bilderdyk, Isaac da Costa en ds D Molenaar. In 1834 het selfs 'n kerklike afskeiding onder ds H de Kock plaasgevind, terwyl ook die groot Nederlandse staatsman, Groen van Prinsterer, sy stem laat hoor het. In hierdie situasie het daar egter die twee groot figure, Abraham Kuyper en Philippus J Hoedemaker, na vore getree. Die eerste 'n teenstander en die tweede 'n vurige voorstander van die volkskerkgedagte.

4. ABRAHAM KUYPER (1837–1920)

Kuyper se houding teenoor die Nederlandse Hervormde Kerk is gebore uit die konkrete situasie waarin hy geleef het. Die kerk wat hy leer ken het, was 'n siek kerk wat nie die moeder van die gelowiges kon wees nie. Al is hy binne hierdie kerk gebore en al was hy vir 'n tyd lank predikant in die kerk, het hy geen besondere liefde en bewondering nie, maar eerder verset en afkeer vir die kerk gehad. Eienaardig genoeg was Kuyper aanvanklik self teologies liberaal, maar hy het so radikaal verander dat hy hierdie kerk die stryd aangesê het.

Volgens Kuyper was die krankheid van die kerk die gevolg van die pretensie van die kerk om volkskerk te wou wees. So 'n volkskerk het hy dan "'n onheilige fantoom en 'n gedrochtelijke kolossus" genoem (Buys 1970: 60).

Onder die begrip volkskerk het Kuyper nou die volgende verstaan:

Eerstens was dit vir hom die massakerk waarin die hele volk voor die voet deur die doop opgeneem is en sonder tugoefening geduld word, selfs diegene wat totaal vreemd was aan die gees van die kerk en wie se innerlike lewe ver van die kerk af was. Volgens Kuyper is dit 'n beginsel van die volkskerk om die totale volk deur die doop in die kerk van Christus in te lyf, ondanks die feit dat ongeloof selfs op 'n brutale wyse te voorskyn tree. Juis as gevolg van dié beginsel word die antitese tussen kerk en wêreld opgehef en word die kerk totaal verwêreldlik.

Tweedens noem Kuyper die volkskerk van sy tyd 'n nabootsing en dan 'n ongeoorloofde nabootsing van die volkskerk van die volk Israel en daarom 'n "joodse insluipsel" (Langman 1950: 100 en 152). Daarmee sê hy dus dat by die volk Israel wel van 'n volkskerk sprake kon wees, maar dan verstaan hy dit ook so dat die grense van die kerk en die volk presies saamgeval het. Dit wil sê kerk en volk was identies en elke lid van die volk was lid van die kerk. In die Ou Verbond kon dit gegeld het, maar Kuyper sê dat onder die Nuwe Verbond 'n totaal nuwe situasie ontstaan het. Die koms van Christus het naamlik die simboliese betekenis van Israel tot 'n einde laat kom en daarmee die kerk losgemaak van 'n band aan 'n volk of aan die burgerlike lewe, en daarom moes die kerk wêreldkerk in plaas van volkskerk wees. Kuyper het gemeen dat hy die motivering van die volkskerk met hierdie argument totaal weerlê het (Buys 1970: 116–117).

Derdens het Kuyper onder die volkskerk die staatskerk verstaan. Trouens dit volg in werklikheid asof vanself uit die vorige opmerkings. Die ontstaan van die volkskerk sien hy dan juis in die feit dat die kerk onder Konstantyn die Grote tot staatskerk en dus volkskerk verhef is. Hy stel dat terwyl die kerk vanaf Pinkster geen staatskerk en dus volkskerk was nie, daar nou deur 'n ongeoorloofde nabootsing van die

Israelitiese volksbestaan tot 'n staatskerk en daarmee volkskerk gekom is. Die ongeoorloofde nabootsing was volgens hom die gevolg daarvan dat na 'n valse eenheid van die kerk gesoek is. Om net een kerk in een staat te kry, ter wille van die eenheid van die staat, is in dié tyd op die sigbare kerk toegepas wat alleen van die onsigbare kerk geld. Hierdie valse eenheidsoekery het nou tot gevolg gehad 'n te nou saamgaan tussen kerk en staat en so het die kerk staatskerk en daarmee volkskerk geword. Volgens hom het die reformatore wel die regte rigting ingeslaan deur die verbreking van die eenheid van die wêreldkerk, maar hulle het nie ver genoeg gegaan nie en hulle het ook nie ontkom aan die dwaling om ter wille van eenheid soveel moontlik landgenote in een kerk saam te bring nie. Omdat eenheid van die staat noodsaaklik is, het dit by noue verbondenheid tussen kerk en staat 'n gedwonge onnatuurlike eenheid van die kerk tot gevolg (Langman 1950: 100).

Oor die massakerk, staatskerk en dus volkskerk sê Kuyper (1873: 83): "Een volkskerk is tegen de analogie des geloofs, en weerspreekt de groote tegenstelling tusschen Christus en de wereld, die van Genesis drie tot Openbaring negentien de hoofdgedachte der Schrift vormt". In hierdie woorde lê 'n baie belangrike beswaar van Kuyper teen die volkskerk opgesluit. Hy het geweldig klem gelê op die heiligheid van die kerk as die vergadering van die uitverkorenes, maar het beweer dat dit in die volkskerk nie moontlik is nie omdat daar in die volkskerk dan geen sprake sou wees van 'n antitese tussen kerk en wêreld nie. Die gevolg is dat die volkskerk so verwêreldlik raak dat dit uiteindelik geen kerk meer is nie. Die poging van die volkskerk om die wêreld te verkerklik, loop gewoonlik daarop uit dat die kerk verwêreldlik. Volgens hom is hierdie verwêreldliking van die kerk die vernaamste probleem van die volkskerk waaruit al die ander probleme voortvloei. Die volkskerk pretendeer immers om die hele volk te omvat en alle lewensterreine van die volkslewe te kersten, deur dit binne die kerk op te neem en dit dus institutêr te oorkoepel. Op die wyse is die kerk nie meer die vergadering van die ware gelowiges wat antiteties teenoor die wêreld staan nie.

Op hierdie problematiek van die volkskerk wil Kuyper dan antwoord deur die kerk as instituut en as organisme te onderskei. Hierdie antwoord het egter nie sy wortels gehad in die teokratiese gedagtegang van Calvyn nie, aangesien Kuyper die "kerkstaat" van Calvyn verwerp het en voortdurend teen die teokrasie gewaarsku het (Van Rooyen 1964: 27 en Berkhof 1950: 293). Die antwoord het wel teruggegaan op Kuyper se beskouing omtrent die algemene en besondere genade waarin hy sy uitgangspunt geneem het (Van Rooyen 1964: 13–38). Kuyper se onderskeiding van organisme en instituut het ook meer as een betekenis gehad. So het hy aanvanklik daarmee onderskei tussen die wese en die

vorm van die kerk en later tussen die institutêre en buite-institutêre openbaring van die kerk (Buys 1970: 467).

Volgens Kuyper was die verwêreldliking van die kerk soos dit by die volkskerk voorgekom het, die gevolg daarvan dat in die volkskerk nie genoegsaam rekening gehou is met die feit dat die kerk organisme is nie. Die kerk as instituut is daarom so oorbeklemtoon dat die volkslewe op geen ander manier bereik kon word en gekersten kon word as om dit institutêr te oorkoepel nie. Daarmee word dus 'n stuk wêreld in die kerk ingebring en word die kerk verwêreldlik. Met die onderskeiding organisme en instituut meen Kuyper om die verwêreldliking van die kerk teen te gaan. Kuyper lê 'n voorstander van die volkskerkgedagte die volgende woorde in die mond:

> "Alleen in mijn kerk brandt het licht. Buiten mijn kerk is niets dan stikdonkere nacht. Mijn kerk heeft geen vensters. De muuren laten geen enkele lichtstraal door. En daarom moet ik wel de muuren mijner kerk uitzetten, opdat allen er plaats in vinden, en zich in de schittering van het licht des evangelies verheugen mogen" (Buys 1970: 137).

Dit is duidelik dat Kuyper beweer dat die voorstanders van die volkskerk die kerk net as instituut ken en dat net binne die instituut heil te vinde is. Vanweë hierdie totale en onskriftuurlike oorbeklemtoning van die kerk as instituut beteken dit dat die volkslewe alleen deur oorkoepeling of verkerkliking binne die kerk as instituut opgeneem moet word om dit te kan bereik en dit te kan kersten. Die oorbeklemtoning van die kerk as instituut lei verder daartoe dat alleen die besondere ampte funksioneer en dat die kerstening van die volkslewe daarom deur hulle moet geskied, terwyl die amp van die gelowige totaal vergeet word. Alle lede van die volk word dus genooi om in die kerk in te kom en sonder tugoefening word hulle geduld, juis omdat in die volkskerk ook prakties geen tugoefening plaasvind nie.

Waar die kerk so verwêreldlik word, tas dit die heiligheid van die kerk as vergadering van die gelowiges aan en dit bring mee dat die kerk nie meer sy roeping na behore kan vervul nie. Kuyper wil nou hierdie probleem van die volkskerk teengaan deur die kerk as instituut suiwer te hou deur die wêreld uit die kerk uit te hou deur middel van die kerklike tug. Daarna kom die kerk as organisme, waar die amp van die gelowige funksioneer, in aksie om die verskillende lewensterreine van die volkslewe effektief te kersten. Vanuit die kerk as instituut gaan daar nooit direkte beïnvloeding van die volkslewe of teenoor die staat uit nie. Daar is alleen sprake van 'n sydelingse beïnvloeding deur die "partikuliere inisiatief" van die gelowige wat sy amp van gelowige

vervul (Langman 1950: 191 en Buys 1970: 138). Alle verdere probleme wat Kuyper meen om in die volkskerk raak te sien, vloei vir hom uit die onsuiwere kerkbegrip en die gevolglike verwêreldliking van die kerk voort. Deur sy onderskeiding kerk as instituut en kerk as organisme meen hy kan hy al hierdie probleme onderskep.

'n Enkele opmerking moet gemaak word oor Kuyper se opvatting oor doop en verbond. Kuyper het dit die sonde van die volkskerk genoem dat die volkskerk alle kinders wat binne die kerk gebore en opgevoed is, tot die "zaad der kerk" gereken het (Engelbrecht 1945: 36). Van 'n ruim doopprаktyk wou Kuyper hoegenaamd nie weet nie en hy het geleer dat die doop aan kinders alleen bedien kan word op grond van die veronderstelde wedergeboorte. Wedergeboorte kon alleen veronderstel word by kinders van wedergebore en gelowige ouers of hoogstens grootouers (Engelbrecht 1945: 38). Hierdie doopopvatting van Kuyper was beslis nie reformatories nie, maar wesenlik 'n anabaptistiese siening wat deur De Labadie in die Nederlandse kerklike wêreld ingedra is. Vanuit die Piëtisme waar baie van De Labadie se opvattings 'n neerslag gevind het en waardeur Kuyper beslissend beïnvloed is, het hierdie onreformatoriese doopopvatting by Kuyper geldigheid gekry (Oorthuys 1935: 125).

Verder is Kuyper se kerkbegrip nie deur die verbondsgedagte nie, maar deur die uitverkiesingsgedagte beheers. Volgens hom het God slegs persone tot saligheid uitverkies en nie geslagte of volkere nie. As die uitverkiesing in aanmerking geneem word, stort die hele volkskerkgedagte volgens hom in duie (Langman 1950: 109–110).

Uiteindelik konkludeer Kuyper dat die volkskerk onreformeerbaar is. Deur die beeld van 'n huis te gebruik, stel hy dat in die Nederlandse volkskerk, dit is massakerk en staatskerk, nie goed gewoon word nie en daarom moet verbou of verhuis word. Verbouing sal nie werklik hervorming bring nie, daarom kies hy vir verhuising. Hierdie verhuising om aan die valse eenheid en onreformeerbaarheid van die volkskerk te ontkom, wil hy dan bewerk deur die Nederlandse Kerk in soveel kerke op te splits as wat daar rigtinge in die Kerk bestaan. Hy stel dit so:

> "De eenheid der Kerk heeft de eenheid der Geest gebroken – alleen door de veelheid der kerken keert de eenheid in Christus... De eene groote volkskerk heeft schuld. Splits haar in zooveel groepen of kringen als er werkelijk beginselen bepleit worden en elk, dien geestesdrang tot het ambt wijd – van anderen rep ik niet – zal den lering mijden, die hem afstoot en zijn Kerk vinden, passend bij zijn aard" (Engelbrecht 1945: 33).

Prakties het die verhuising vir Kuyper ingehou dat die Nederlandse

volkskerk in sogenaamde "vrye kerke" verdeel moes word, wat volgens die onderskeiding organisme en instituut gestruktureer is en in hierdie vrye kerke moes die belydenis as "accoord van kerkelijk gemeenskap" geld (Engelbrecht 1945: 38). Om hierdie opvattings van 'n basis te voorsien, ontwikkel Kuyper sy "pluriformiteitsleer" van die veelheid van kerke (Van Rooyen 1964: 176–204). In die vrye kerke wou Kuyper die kerk as instituut suiwer hou deur die strenge en nougesette handhawing van die tug, sodat die kerk as organisme dan die volkslewe effektiewer sou kon kersten (Buys 1970: 138).

Kuyper se kerkbeskouing en staatbeskouing staan in nou verband met mekaar. Kuyper praat van 'n "vrye kerk" in 'n "vrye staat". "Vrye staat" beteken egter vir hom 'n godsdienstig neutrale staat omdat hy die moderne neutrale staat, wat vrug van die Franse Rewolusie was, volkome aanvaar het (Scheers 1939: 235). Trouens sy pluriformiteitsleer van die veelheid van kerke veronderstel dat die owerheid neutraal sal wees.

5. ENKELE KRITIESE OPMERKINGS OOR KUYPER SE STANDPUNTE

Die kerk wat Kuyper leer ken het en wat hy as volkskerk aangesien het, was 'n kerk wat ernstig krank was en wat nie meer ten volle en duidelik alle trekke van 'n reformatoriese kerk vertoon het nie. Terwyl die kerk se belydenis suiwer was, kon die kerk tog nie belydende kerk wees nie vanweë die feit dat die kerk deur die owerheid gedwing is tot 'n vreemde kerkregtelike stelsel en 'n algemene verdraagsaamheid ten opsigte van die leer van en in die kerk, wat nie by die kerk se belydenis gepas het nie.

Kuyper neem sy uitgangspunt in die algemene en besondere genade. Die Bybel ken egter slegs die genade van God in Christus Jesus.

Met sy doopopvatting kom Kuyper baie naby aan die Wederdopers. Ten diepste is die doop nie meer by hom 'n seël van die verbond nie, maar van die geestelike staat van die mens, naamlik die wedergeboorte. Trouens in beginsel moet Kuyper se ekklesiologie die kinderdoop verwerp. Daarom het hy, om die kinderdoop met sy ekklesiologie te rym, by die veronderstelde wedergeboorte uitgekom. Hierteenoor is die kinderdoop in sy reformatoriese siening 'n tiperende en komplimenterende faset van die volkskerkgedagte (Engelbrecht 1945: 37). Die geweldige oorbeklemtoning van die uitverkiesing dring die uitverkore mens na vore. Die vraag kom na vore wat van Woord en sakrament word as die uitverkiesing die konstituerende van die kerk is. Al is dit ook die wedergebore en uitverkore mens, is dit duidelik dat die mens

se rol baie belangrik is. Dit gaan eerder om die beslissing *van* die mens as die beslissing *oor* die mens. Kuyper se ekklesiologie en sy leer van die veronderstelde wedergeboorte was in wese Labadisties.

Kuyper se independentistiese neigings het hom laat wegbuig van die reformatoriese beginsels. Sy pluriformuteitsleer was independentisties en beslis nie reformatories van oorsprong nie. Sy gedagte van "verhuising" was in wese niks anders as afskeiding en kerkskeuring nie, wat ook nie in die lyn van die Bybels-reformatoriese teologie te verantwoord is nie. Begrippe soos "splitsing" en "pluriformiteit" het tot gevolg dat kerkskeurings en afskeidings altyd in die kerk latent teenwoordig is en juis daadwerklik onder dekking van hierdie begrippe kan plaasvind. Die afskeidings in die Nederlandse Gereformeerde Kerk bewys dit inderdaad. Uiteindelik was dit ook juis een van die grootste oorsake dat die gereformeerde Protestantisme in Nederland totaal verskeur en verdeel is.

Kuyper se beeld van die vensterlose kerk wat hy op die volkskerk toepas, kan in effense gewysigde vorm ook op die vrye kerk van toepassing wees. Vanweë die oordrewe gedagte van suiwerheid en heiligheid van die kerk as instituut, skyn die evangelie deur die venster maar die deure word sorgvuldig toegehou dat niemand kan inkom nie, uit vrees vir verwêreldliking van die kerk.

Afgesien van kleiner verskille is die gedagtes in die vrye kerke, soos die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, nog basies dieselfde as dié van Kuyper. Net soos vir hom is die volkskerk vir hulle steeds die massakerk, wat 'n verwêreldlikte kerk is, wat Godsvolk en nasie so verwar en vermeng dat daar geen onderskeid meer is nie. Om aan hierdie probleem te ontkom, is hulle antwoord steeds die vrye kerk wat gestruktureer is as instituut en organisme (Buys 1970: 188, 245, 247 en 468).

6. PHILIPPUS JACOBUS HOEDEMAKER (1839–1910)

Hoedemaker, wat oorspronklik uit die kring van die Christelijke Afgescheiden Gereformeerden Kerk afkomstig was, het 'n totaal ander gees as Kuyper teenoor die Nederlandse Hervormde Kerk geopenbaar. Hy het baie goed besef dat dit 'n kranke kerk was en hy het die gebreke van dié Kerk ook baie duidelik, miskien selfs skerper as Kuyper, raakgesien en aangetoon. Hy wou wel dat die siek kerk gesond word, maar beslis nie verskeur word nie. Sy ideaal was hervorming van die Ned Herv Kerk langs die weg van reorganisasie, waar die kerkregering herstel sou word in die gees van die reformatore en sodat die kerkregering weer by die belydenis van die kerk sou aanpas (Berkhof 1950:

297). Daarom moes en het Hoedemaker en Kuyper se weë uiteengegaan, hoewel hulle 'n ver pad saamgeloop het. Hoewel daar vroeg reeds diepgaande verskille na vore gekom het, was Hoedemaker nogtans 'n hele aantal jare hoogleraar aan die Vrye Universiteit van Amsterdam. Die finale breuk het eers na die Doleansie van 1886 gekom.

Om die gedagtes van Hoedemaker oor die volkskerk saam te vat, is geen gemaklike saak nie. Die baie sterk polemiese en antitetiese karakter daarvan moet in gedagte gehou word. Sy gedagtes het juis hierdie bepaalde karakter vertoon omdat hy hom voortdurend na twee kante moes afgrens, naamlik teen die sinodale organisasie van 1816 aan die een kant en die kerkbegrip van Kuyper aan die ander kant. Hoedemaker het in sy felle en ernstige kritiek van die organisasie van 1816 nie in die minste teruggestaan vir Kuyper se kritiek nie. Inteendeel, hy het die verderflike invloed van die organisasie selfs dieper gepeil as Kuyper en sy verdoemende kritiek was dat dit onwettig in oorsprong, onbybels in wese en verderflik in strekking was (Scheers 1939: 184 en Kamps huis 1967). Hy het die organisasie van 1816 as onwettig in oorsprong beskou omdat koning Willem I nie die reg gehad het om die kerk van sy meerdere vergaderings te beroof, die kerk tot 'n genootskap te maak en 'n vreemde bestuursorganisasie, vreemd aan die wese van die kerk, aan die kerk op te dring nie. Die optrede van koning Willem I het inderdaad die lofwaardige bedoeling gehad om die chaos waarin die kerk gedompel was, te beëindig. Tog kan nie ontken word nie dat dit óók bedoel was om die kerk by die moderne staatsbegrip, soos dit uit die Franse Rewolusie voortgevloei het, te laat aanpas. Die owerheid het hom dus wel deeglik skuldig gemaak aan 'n vergryp teenoor die kerk.

Die onbybelse wese van die organisasie van 1816 blyk uit die feit dat die amp nie meer op skriftuurlike wyse tot sy reg kom nie. In plaas daarvan dat, in ooreenstemming met Bybels-reformatoriese beginsels, alle ampsdraers en alle vergaderings in die kerk gelyke gesag gedra het, het hulle kragtens die organisasie van 1816 op ongeoorloofde wyse hulle gesag aan kerklike besture oorgedra. In beginsel was die organisasie episkopaal en amptelike tug was feitlik onmoontlik.

Die organisasie van 1816 het gelei tot die vorming van strydende partye binne die kerk. Daaruit blyk die verderflikheid van die organisasie van 1816 wat geheel en al in stryd met die karakter van die kerk was. Dit het van die kerk, dit is die liggaam van Christus, 'n karikatuur gemaak (Fiolet 1953: 135).

Negatief het Hoedemaker ses sieninge van die kerk afgewys. Die kerk is nie 'n vereniging nie. Die kerk is daarom nie gegrond op die wilsbeslissing van die mens nie en word ook nie uitgebrei deur die vrywillige toetrede van mense nie. God self het die omtrek en die grens

van die kerk in die verbond gegee, en dit geld van die kerk in die Ou en Nuwe Verbond. Reeds hier is verskil tussen Hoedemaker en Kuyper, omdat Kuyper met sy pluriformiteitsleer die beginsel van vrywilligheid in praktyk in die kerk ingebring het (Langman 1950: 177).

Die kerk is nie 'n genootskap wat deur die ooreenkoms tussen individue tot stand kom en waarin die wil van die individue die enigste wet is wat dan deur die besture, wat hierdie wet moet gehoorsaam, bestuur moet word nie (Scheers 1939: 226). Dit is juis wat met die organisasie van 1816 gebeur het. In die organisasie is daarvan uitgegaan dat die kerk 'n genootskap binne die staat is wat sy eie bestuur behoort te hê.

Die kerk is nie 'n instituut nie. Christus het nie die kerk gestig of geïnstitueer nie, maar die kerk bestaan van die begin van die wêreld af. Hier grens Hoedemaker hom teenoor sowel Rome as Kuyper af. Veral teenoor Rome, waar die instituutbeskouing daartoe gelei het dat die hele maatskappy verkerklik moes word en waar die staat in wese slegs as die lasdier van die kerk gesien is. Dit beteken nie dat Hoedemaker ontken het dat die kerk 'n institutêre sy gehad het nie. Hy stel dat die kerk liggaam van Christus is, ook onder die Ou Verbond, en as sodanig 'n organisasie met 'n institutêre sy.

Die kerk is nie te vereenselwig met die koninkryk van God nie. Dit is wat by sowel Rome as Luther gebeur het, met die verskil dat dit by Rome die sigbare kerk en by Luther die onsigbare was. Hoedemaker het gestel dat hy ook by Kuyper verwarring tussen koninkryk en kerk sou kon aantoon (Scheers 1939: 227).

Die kerk is nie 'n party nie. Vir Hoedemaker het die verskil tussen die kerk en 'n party daarin bestaan dat in die kerk daar vir die lidmaat altyd die moontlikheid tot hoër beroep was en 'n toetsing van sy oortuigings aan die Skrif. In 'n party bestaan hierdie reg en vryheid nie, omdat die leier sonder meer gevolg moet word. Hoedemaker wou daarom niks van partyskappe binne die kerk weet wat op een of ander manier in die kerk sou regeer nie, selfs al was dit die party waartoe hy behoort het, naamlik die konfessionele Gereformeerde party (Fiolet 1953: 128).

Laastens is die kerk ook geen konfederasie nie. Kuyper se leer van die outonomie van die plaaslike gemeente het ingehou dat daar alleen sprake kan wees van 'n kerkverband met die belydenis as akkoord van kerkgemeenskap wat dan 'n konfederatiewe kerkverband genoem word. Hieroor sê Hoedemaker:

> "dan bestaat er geen 'kerk' in den zin, waarin dit woord ook wel wordt gebezigd, om de georganiseerde eenheid van een bepaalde kerkengroep aan te wijzen... Dan kan maw het 'kerkverband' als iets bijkomstigs en uitwendigs worden weggedacht... dan heb-

ben de opzieners der gemeente zich alleen in zoover om de organisatie te bekommeren, als zij gedwongen worden voor het recht van den sterkste te buigen" (Fiolet 1953: 128).

Positief sien Hoedemaker die kerk as die verborge liggaam van Christus, die gemeente wat die Seun van God vir Hom van die begin van die wêreld af tot die einde deur sy Woord en Gees versamel (Scheers 1939: 228). Hy praat ook van die kerk as Christus in dienskneggestalte en hy onderskei 'n sigbare en onsigbare kerk, maar dan nie as twee kerke nie maar as twee sye van dieselfde openbaring. Die sigbare kerk tree te voorskyn deur die verbond, waar die bondeling is, daar is die kerk. Die sigbare kerk verskyn plaaslik en het alle wesenskenmerke van die kerk as liggaam van Jesus Christus. Hierdie plaaslike kerke is organies en nie konfederatief nie, in verband met mekaar as een groot landskerk en wel as die openbaring van die liggaam van Christus vir die bepaalde land.

In hierdie kerk is die amp vir Hoedemaker van die grootste betekenis. In die Bybel word nie 'n uitgespelde model van kerkinrigting gevind nie, maar Christus self moet dien as model van kerkinrigting. Hy stel dat Christus nie 'n spesifieke inrigting gegee het nie, maar bepaalde ampte om die gemeente tot die volle grootheid van Christus te bring. Die amp is die orgaan waardeur Christus sy heerskappy in die gemeente oefen. Die ampsdraers oefen hulle gesag gemeenskaplik uit in mindere en meerdere vergaderings waar 'n kummulasie van gesag is en nie 'n delegering van die lidmaat aan die ampsdraer en van die mindere na die meerdere vergadering nie (Scheers 1939: 229–330).

In Hoedemaker se kerkbegrip is die verbond baie belangrik. Anders as Kuyper wat van die uitverkiesing die allesoorheersende saak maak, wil Hoedemaker volle erns maak met die verbond, sonder om aan die uitverkiesing te kort te doen (Langman 1950: 183). Die verbond met die doop as teken het die grense van die kerk aangedui. Dit het hoegenaamd nie beteken dat die massas van die volk in die kerk tugloos toegelaat is nie. Die kerk moes inderdaad die tug toepas, maar dan moes die tug reg verstaan en tot behoud van die kerk en die lidmate toegepas word. God het wel 'n lyn tussen kerk en wêreld getrek en die kerk mag nie toelaat dat hierdie lyn uitgewis word nie. Hiertoe moet die tug aangewend word, maar slegs in die uiterste gevalle soos die operasiemes van 'n snydokter en dan op ongeveer dieselfde wyse en onder dieselfde voorwaardes. Dit moet immers nie net gaan om die behoud van die kerk nie, maar ook om die behoud van die lidmaat. Die tug as regterlike uitspraak en vonnis moes daarom liewer op die agtergrond bly (Scheers 1939: 221).

Ook ten opsigte van die plek van die belydenis in die kerk het Hoedemaker 'n ander standpunt as Kuyper daarop nagehou. Die

belydenis was vir hom saamgevat in die *Drie Formuliere van Enigheid,* maar hierdie belydenis kon nooit as 'n selfstandige en geïsoleerde grootheid wat weg van die kerk enige betekenis kon hê, gesien word nie. Kuyper se siening van die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap, ruk die belydenis uit die liggaam van die kerk. Dan is dit net soos 'n hart op versterkwater. Dit is wel 'n volkome hart en nie nagemaak nie, maar 'n hart moet in 'n liggaam klop om sy doel te kan dien. Buite die liggaam is dit alleen maar vorm en dood (Scheers 1939: 206).

Die organisasie van 1816 het die lewende belydenis van die kerk tot 'n dooie versteende leer gemaak. Hoedemaker soek egter nie die heil van die kerk bloot daarin dat die kerk 'n suiwer regsgeldige belydenis sal hê nie, maar daarin dat die kerk 'n belydende kerk sal wees (Scheers 1939: 206). Die inhoud van die belydenis van die kerk kan egter nooit iets of iemand anders as Jesus Christus wees nie. Daarom moet die kerk Christus-belydende kerk wees.

Die kerk is verder ook één en algemeen. Dit wil sê nie aan 'n bepaalde plek gebonde nie, nie tot 'n bepaalde land of volk beperk nie en ook nie in enige instituut opgesluit nie. Maar as liggaam van Christus gaan die kerk, wat een is en algemeen, in die organiese geledinge van die mensheid, dit is die verskillende volkere, en dan vertoon die kerk 'n ryke veelvormigheid. Sigbaar is die kerk nie een nie en dit sou slegs kon gebeur as al die mense op een plek sou kon saamkom. Maar dan sou daar ook geen afstand tussen mense moes wees soos die verskil in taal, nasionaliteit, denkwyse of inrigting nie. Die verdeeldheid van mense in byna elke opsig maak een institutêr sigbare kerk onmoontlik.

Hoedemaker het egter nie die kerk soos hy dit vanuit die Bybel verstaan het, in die kerk in Nederland terug gevind nie. Hy het duidelik besef dat dit 'n kranke kerk was, wat vasgevang gesit het onder 'n vreemde bestuursorganisasie wat die kerk soos 'n dwangbuis omhul het en hom verhinder het om in die volle sin van die woord kerk te wees. Hoedemaker wou 'n kerk hê wat gereformeerd was in leer en kerkregering met 'n behoorlike skriftuurlike organisasie (Scheers 1939: 225–226). Anders as Kuyper wat die Nederlandse Kerk deur splitsing in soveel kerke as wat daar rigtings was, wou verskeur, wou Hoedemaker die eenheid bewaar en deur reorganisasie tot reformasie van die kerk kom (Langman 1950: 204 en Scheers 1939: 223). Hoedemaker het gewaarsku dat die beginsel van splitsing die teken tot ontkerstening van die Nederlandse volk sou wees. Vir Hoedemaker was dit nie van primêre belang om die organisasie van 1816 te breek nie, maar om terug te keer tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en dan die Woord toe te laat om die reformasie te bewerk.

Hoedemaker se staatsbeskouing verdien ook enkele opmerkings

omdat dit ook van belang is vir sy beskouing van die kerk en die volkskerk in besonder. Anders as Kuyper wat die neutrale staat aanvaar en as noodsaaklik vir sy vrye kerk-idee gesien het, het Hoedemaker die neutrale staat totaal verwerp en dit 'n onding, antichristelik en onsinnig genoem (Scheers 1939: 233–270 en Haitjema 1939: 200–214). Hy wou 'n staat met die Bybel hê, dit wil sê 'n staat en 'n owerheid soos in artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* geleer word. Juis daarom was hy 'n onvermoeide stryder vir die handhawing van 'n onverkorte artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*. Dit was sy oortuiging dat die owerheid ook van Godsweë geroepe was om die volk te regeer na die eise van albei tafels van God se wet. Die kerk moes, indien nodig, die owerheid voorlig en die owerheid moes ook na die oordeel van die kerk luister. Daarmee wou Hoedemaker nie die owerheid aan die kerk onderworpe maak nie. Al moes die owerheid na die voorligting van die kerk vra, moes die owerheid nogtans ook self onafhanklik en selfstandig, kragtens die algemene priesterskap van die gelowiges, die Skrif ondersoek en tot 'n beslissing kom. Vir hierdie beslissing moes die owerheid self alleen die verantwoordelikheid aanvaar (Haitjema 1939: 204–210). Hoedemaker het die teokratiese siening van Calvyn volkome gedeel en het die moderne neutrale staat daarom ten ene male verwerp.

Dit is baie duidelik dat Hoedemaker gesoek het na die kerk in die Bybels-reformatoriese lyn wat moes voldoen aan die bedoeling, voorskrifte en eise van die hervormde belydenis. Op hierdie kerk moes die drie notae ecclesiae, naamlik die suiwer verkondiging van die Woord, die regte bediening van die sakramente en die handhawing van die tug toegepas kon word. Om die Nederlandse Hervormde Kerk hieraan te laat voldoen, wou Hoedemaker die Kerk reformeer deur hom te reorganiseer. Hy wou op die wyse die Ned Herv Kerk weer Christusbelydende kerk laat wees.

In die lig van die voorafgaande kan nou nader op Hoedemaker se siening van die volkskerk ingegaan word. Die eerste wat dan gestel moet word, is dat hy die gereorganiseerde, en langs dié weg gereformeerde, Christus-belydende kerk waarna hy gestrewe het, as die volkskerk wat in die Christelike staat moes funksioneer, gesien het. Ook in verband met die idee van die volkskerk het hy sekere sienings en beskuldigings negatief afgewys. Die volkskerk was beslis nie die karikatuur wat die Sinodale organisasie van 1816 daarvan gemaak het en wat deur Kuyper verwerp en beveg is nie. Die volkskerk was ook nie die kerk waarin alles moes nawerk wat in die tyd gegis het nie. Hy stel baie skerp dat so 'n kerk inderdaad opgehou het om kerk te wees, want alles naamlik Arianisme, Pelagianisme, Remonstrantisme, Modernisme en Ateïsme gis in die tyd en moet dan in die kerk nawerk (Scheers 1939: 191).

'n Volkskerk wat volkskerk is omdat hy al die lede van die volk en alle burgers van die staat omvat het, het Hoedemaker net so sterk as Kuyper verwerp en as 'n onding beskou wat nooit kan bestaan nie. Dit is immers volkome in stryd met wat die Heilige Skrif omtrent die kerk en die volk van die Here leer (Langman 1950: 185). Tog is dit juis ook hier dat verdere verskille tussen Hoedemaker en Kuyper aan die lig kom. Kuyper het naamlik toegegee dat sodanige volkskerksiening wel in die geval van die volk Israel, moontlik was. Hoedemaker daarteenoor het beslis ontken dat daar by Israel van 'n vermenging of identifisering van kerk en volk of kerk en staat sprake was. Die grense van kerk en volk het ook nie in Israel presies saamgeval nie. So was die regering van kerk en staat in Israel nie dieselfde nie. 'n Nie-Jood kon lid van die staat wees met 'n aansienlike amp, sonder om tot die kerk te behoort en iemand kon tot die Joodse kerk behoort sonder om staatsburger te wees (Scheers 1939: 256). Daarom verklaar Hoedemaker dat ook by Israel daar nie sprake van 'n volkskerk was in die sin dat elke volksgenoot lid van die kerk moes wees nie. Die volkskerk as massakerk het dus ook nie in die gedagtes van Hoedemaker bestaan nie.

Aan die ander kant is dit nie daarom vanselfsprekend dat noodwendig net party lede van 'n volk tot die kerk kan behoort nie. Dit moet altyd die bedoeling van die kerk wees om indien moontlik op die wyse en deur die middele wat God verorden het, indien moontlik, al die lede van die volk wel lede van die kerk te maak. Die gesindheid van Paulus, wat gewens het dat almal soos hy sou wees, moes by die kerk teenwoordig wees. Dan sou die kerk volkskerk wees (Langman 1950: 185–186). Hieruit volg dat die volkskerk die kerk is wat so onder die volk arbei dat, indien moontlik, die hele volk tot die kerk van Jesus Christus gebring sou word. Dié voorwaarde was egter dat dit deur die middele en op die wyse wat deur God verorden is, sou geskied. Die volkskerk is daarom 'n kerk wat nooit daarmee tevrede sou kon wees dat daar lede van die volk of lewensterreine van die volkshuishouding sou wees wat nie na die eise van God se Woord wil luister nie. Die volkskerk is juis daarom voortdurend daarop ingestel om sonder ophou elke lid van die volk en elke lewensterrein van die volkslewe met die evangelie te konfronteer en te probeer kersten tot eer van God. Dit beteken dat 'n volkskerk nooit moeg sal word en daarvan sal terugdeins om voortdurend by elke lid van die volk en elke lewensterrein betrokke te wees om hulle vir God se heerskappy op te eis nie. Die volkskerk is dus voortdurend en onvermoeid besig en solank daar lede van die volk is wat nie tot die kerk behoort nie, sal die kerk besig moet bly. Dit sal in hierdie bedeling nooit ophou nie.

Word nou gevra wat Hoedemaker daaronder verstaan het dat die volk alléén op die wyse en deur die middel wat God bepaal het tot die kerk

sou kon toetree, dan moet veral na sy klassieke opmerking geluister word: "zodra men zegt tot de kerk behoren de geloovigen en hun zaad heeft men de volkskerk in de kiem" (Langman 1950: 186). As Hoedemaker hier van die gelowiges en hulle saad praat, dan het hy inderdaad die volk op die oog. Die "volk" is vir hom 'n term wat nie deur bloed bepaal word nie, maar deur die water van die doopsakrament. Vir hom is die volksgeheel die gesin van die Here wat die doopvont in hulle midde het en daar by die doopvont onder die opdrag van die beloftes en die eise van die God van die verbond kom (Haitjema 1939: 223). Hieruit is dit duidelik dat die genadeverbond met die doop as seël onontbeerlik is vir die gedagte van die volkskerk. Inderdaad bepaal die genadeverbond die sin van die volkskerk. Die genadeverbond bepaal die omtrek en die grense van die kerk en dit is van die volkskerk. Daarom is die doop en dan in die besonder die kinderdoop vir die volkskerk van lewensbelang (Oorthuys en Kromsigt 1933: 59–66). Sonder die kinderdoop is die volkskerkgedagte nie moontlik nie. Die kinders word gedoop, nie op grond van die veronderstelde wedergeboorte nie, maar op grond van die feit dat die kind binne die sfeer van die genadeverbond val. Die ruim doopopvatting van Calvyn is hier geldig waar hy stel dat God se beloftes oor 'n duisend geslagte uitgestrek word en nie net tot die eerste of tweede geslag nie.

Ten opsigte van die doopbevel (Matt 28: 19), lê Hoedemaker baie sterk klem op die "nasies". Hy leer dat die nasies "volksgewys" tot Christus gebring moes word. Anders as Kuyper wat slegs die gelowige en sy gesin ken, wil Hoedemaker "de mensheid ziet in haar organische geledingen – dat zijn de volkeren – en zo ziet hy God ook bij de uitbreiding zijn eigen scheppingsordinantie respecteren, om de menscheid volksgewijze tot Christus te doen komen" (Langman 1950: 187).

Vir Hoedemaker het en moes 'n besondere nou verband tussen kerk en volk bestaan. Dit word juis in die begrip *volkskerk* tot uitdrukking gebring. Hy noem die volkskerk die hart wat in die middelpunt van die volkslewe as liggaam geplaas is en daarvan onafskeidelik is. Waar die hart die funksie het om die bloed na elke liggaamsdeel te pomp, daar het die volkskerk die taak om die hele volk, elke lid en elke lewensterrein met die evangelie te konfronteer en indien moontlik, te kersten. Dit is 'n taak wat in hierdie bedeling nooit ophou nie. Hoedemaker lê daar ook sterk klem op dat die kerk direkte verantwoordelikheid teenoor die volk het en daarom nie maar net op 'n indirekte wyse invloed op die volk moet uitoefen nie. Kuyper daarenteen wou slegs van 'n indirekte beïnvloeding van die kerk op die volk weet, van persone op persone of langs die weg van die Christelike skool en die Christelike party. In wese het Kuyper met hierdie siening aan die kerk as liggaam van Christus die moontlikheid ontsê om op die verskillende terreine op te tree. Dit

moet deur allerlei verenigings, partye of groepe gedoen word, wat wel lidmate van die kerk moes wees, maar nie die kerk nie. Die direkte seggenskap van die kerk ten opsigte van onderwys, kultuur, politiek ensovoorts, word afgesny (Langman 1950: 191 en Scheers 1939: 242).

Om volkskerk te wees het vir Hoedemaker baie beslis nie beteken dat die kerk ook staatskerk moes wees nie. Inderdaad verwerp hy die hele gedagte van 'n staatskerk en stel baie duidelik dat dit ook onder die Gereformeerdes in Nederland nooit 'n beginsel was nie, selfs nie voor 1795, toe daar nog sprake van 'n Christelike owerheid was nie. Reeds toe al het die kerk ernstig beswaar gehad teen die inmenging van die staat en dit beskou as oorskryding van grense (Haitjema 1939: 224). Dit beteken aan die ander kant ook nou weer nie dat Hoedemaker kerk en staat uit mekaar haal en van mekaar skei nie. Daar is en moet steeds 'n noue verband tussen die twee bestaan. Die kerk is vir hom volkskerk en in die staat, terwyl die staat, staat met die Bybel is. Hy praat ook van 'n vrye kerk in die vrye staat, maar dan in die sin dat in gehoorsaamheid aan God se Woord, elkeen 'n selfstandige plek inneem waar die een ook nie oor die ander heers nie. Kerk en staat het wel elkeen sy eie roeping, maar die roeping van beide het ten doel om die volk by Christus te hou. Die kerk vervul sy roeping deur die openbare uitleg van die Skrif. Die staat moet wel hierna luister, maar moet uiteindelik na die ondersoek van die Skrif selfstandig tot 'n beslissing kom, waarvoor volle verantwoordelikheid aanvaar word. Teenoor Kuyper leer Hoedemaker baie duidelik die "sufficientae scripturae sacrae" en die "perspicuitas" van die Skrif en daarmee ontneem hy die owerheid elke verskoning om nie self die Skrif te ondersoek en tot 'n beslissing te kom nie (Langman 1950: 193–194).

Konkluderend kan Hoedemaker se gedagtes rondom die volkskerk soos volg saamgevat word:

(i) Die volkskerk was vir hom nie massakerk en staatskerk, soos Kuyper dit gesien het nie.

(ii) Hy het die identifisering van die volkskerk met die volkskerk-idee, soos deur die bestuursorganisasie na 1816 verstaan, beslis afgewys.

(iii) Hy wou die kranke Ned Herv Kerk reformeer deur die Kerk te reorganiseer en nie soos Kuyper dit op te splits en van die Kerk af te skei nie.

(iv) Hoedemaker het gesoek na 'n kerk in die sin waarin die reformatore dit bedoel het. Dit moes 'n kerk wees na die voorskrifte en eise van die Bybels-reformatoriese denke, waarop die notae ecclesiae toegepas kon word en wat nie 'n genootskap was, soos die kerk na 1795 in Nederland geword het nie.

(v) Hierdie kerk moes dan ook nie maar net 'n belydeniskerk wees nie, maar beslis 'n belydende kerk en dan vanselfsprekend 'n Christus-belydende kerk.
(vi) Hierdie gereformeerde, Christus-belydende kerk was vir Hoedemaker die volkskerk, dit is die kerk wat dieselfde funksie en taak in die volkslewe verrig as wat die hart in die liggaam het.
(vii) Hierdie volkskerk het 'n direkte verantwoordelikheid teenoor die owerheid en volk om die lig van die evangelie duidelik te laat skyn en om elke lid van die volk tot gehoorsaamheid aan God se Woord te roep en voortdurend kerstenend of reformerend aan elke lewensterrein te werk.
(viii) Die kerk kon dus nie anders as volkskerk wees nie.

7. HOEDEMAKER SE GEDAGTES IN DIE NEDERLANDSE HERVORMDE KERK

In sy eie tyd was Hoedemaker 'n eensame figuur en mense het hom nie begryp nie. Tog het sy gedagtes nie verdwyn nie en is dit veral danksy verskillende volgelinge lewend gehou en verder gevoer. Langsaam het dit soveel veld gewen dat dit min of meer gestalte gevind het in die Kerkwet wat in 1950 in die Nederlandse Hervormde Kerk ingevoer is. Van die belangrikstes was onder andere dr PJ Kromsigt, dr G Oosthuys, prof dr Th L Haitjema, H Berkhof, AA van Ruler en HJ Langman. Hier word slegs kortliks na enkele gedagtes van die laaste drie verwys.

7.1 H Berkhof

Ook Berkhof wys ten sterkste die gedagte af dat die volkskerk dié kerk is wat die massas omvat, of wat die onderste lae van die volk omvat, of wat 'n "volkse kerk" is waarin alles nagis wat in die volk gis. Met die woord *volkskerk* word egter, as dit Bybels verstaan word, gesê dat die kerk daar is vir elke lid van die volk. Die boodskap wat hierdie kerk het, gaan elke lid van die volk ten diepste aan. Die Nederlandse Hervormde Kerk het die Nederlandse volk in al sy geledinge en lewenskringe as arbeidsveld waar die Kerk as wagter moes optree om die volk in sy geheel te waarsku en die heerskappy van God oor al die lede en alle lewensterreine van die volk uit te roep. In die sin is elke kerk wat werklik kerk wil wees, volkskerk. 'n Volkskerk is dan 'n kerk wat vir 'n volk in al sy geledinge en node daar is en nie vir homself nie (Berkhof 1947).

7.2 HJ Langman

Langman lê in sy siening van die volkskerkgedagte baie sterk klem op Matteus 28: 19. In hierdie teks lê vir hom die Nuwe-Testamentiese

gronde vir die volkskerkgedagte. Hy sien in hierdie teks wel 'n ruimtelike universaliteit, want die kerk kon nie langer binne die grense van Israel se volksbestaan opgesluit word nie, maar moes wêreldkerk word. Die boodskap van die universaliteit is egter nie die primêre betekenis van die teks nie. Dit vloei wel daaruit voort. Die teks moet binne die verband gelees word en dan is die voorafgaande woorde van Jesus, "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde" (Matt 28: 18), van baie groot betekenis. Dit gaan dus om die koningsheerskappy van Christus, nie alleen in die hemel nie, maar ook op die aarde. Die koningsheerskappy van Christus het wel begin, maar is verborge. Tog is dit ook weer slegs ten dele verborge en daarom vereis sy koningsheerskappy wel gehoorsaamheid en erkenning, ook op aarde. Dit geld vir sowel die persoonlike as die openbare lewe.

In hierdie verband moet Matteus 28: 19 nou gelees word. Dan is dit duidelik dat die volkere opgeroep word tot die erkenning van die heerskappy van Christus. Uit hierdie volkere is daar dan diegene wat gehoor gee en aan hulle moet die doop bedien word en alles wat Christus beveel het, moet aan hulle geleer word. Die "hulle" in die woorde "doop hulle" en "leer hulle" slaan nie op die volk nie, maar op die persone wat wel tot geloof gekom het.

Op die wyse, sê Langman, kom in hierdie teks volk en kerk in hulle verband tot Christus voor. Die volkere word by name genoem, hulle word geroep tot erkenning van die heerskappy van Christus, hulle word geroep tot sy dissipelskap. Die kerk word weer aangedui deur die "hulle" wat gedoop en geleer moet word, alles wat Christus beveel het. Volk en kerk staan dus in hierdie teks in baie noue verband met mekaar. Dit gaan dus nie maar net slegs om die kerk of gemeente in 'n volk, sonder dat dit ook om die volk gaan nie. Dit gaan nie slegs om die behoud van hulle wat die boodskap gehoor het en aangeneem het en as teken daarvan die doop ontvang het nie. In Matteus 28: 19 gaan dit in die eerste plek om die volke wat tot gehoorsaamheid aan Christus geroep word. By die verwerkliking van hierdie roeping en opdrag kom die kerk, die gemeente, na vore. Die kerk staan dus nie los van die volk nie, maar in noue verbondenheid met die volk. So nou is hierdie verbondenheid, sê Langman, dat dit tot die wese van die kerk behoort om op die volk gerig te wees. 'n Kerk wat dit nie verstaan nie en hom in afsondering sou terugtrek, doen skade aan sy wesenlike roeping as kerk. Hierdie roeping van die kerk moet gerig wees op die totale volkslewe, die maatskaplike, kulturele en ook staatlike lewe, dit wil sê ook die owerheid word ingesluit. Uiteindelik sal elke kerk wat wesenlik kerk wil wees, volgens Langman, sy roeping ten opsigte van volk en owerheid moet verstaan, soos dit uit Matteus 28: 19 voortvloei en daarom volkskerk moet wees (Langman 1958: 155–156).

Dit behoort dus tot die wese van die kerk om op die volk gerig te wees. Die een algemene kerk, in sy ekumenisiteit, sweef nie êrens in die lug rond nie, maar gaan in in die geledinge van die natuurlike lewe en ontmoet daar die volke. Dit mag egter nie daartoe lei dat die kerk sonder meer te wyd alle lede van die volk en alle lewensterreine in die kerk opneem nie (Langman 1958: 164).

Oor die verhouding kerk en verbond het Langman 'n eie siening wat nogal verskil van dié van Hoedemaker, Kromsigt en Van Ruler. Volgens hom is dit nie korrek om te praat van God wat sy verbond ook met volke sluit nie, maar wel dat God sy verbond in die midde van 'n volk oprig. Dit kan dan wel gebeur dat soveel van die volk gelowig word dat uiteindelik gepraat sou kan word van 'n gedoopte nasie. Maar dan is dit nie omdat die nasie as nasie gedoop is nie, maar omdat kerk en volk prakties saamval. Dit kan egter ook gebeur dat 'n volk wat eenkeer wel vir die evangelie gewen is, tog weer afvallig word en die kring van die verbond dan weer baie klein is in die volk. Nogtans sou dit nie beteken dat die kerk dan moet ophou om volkskerk te wees nie. Die kerk het dan steeds die roeping teenoor volk en owerheid wat vervul moet word (Langman 1958: 173).

7.3 AA van Ruler

Van Ruler lê baie groot klem daarop dat dit vir God primêr gaan om sy koninkryk en om in hierdie wêreld gestaltes van sy koninkryk op te rig. Daarom is die kerk daar ter wille van die wêreld. Die kerk as "totaliteit van die positiewe tekens van die koninkryk" is juis op aarde geplaas ter wille van die staat en die volk (Van Rooyen 1964: 80). Die kerk het van Godsweë 'n roeping en taak teenoor die wêreld buite die kerk. Die kerk kan dus nie agteroor sit asof alles in die wêreld rondom hom ter wille van hom daar is nie. Inteendeel, die kerk is ter wille van almal en alles rondom hom, in die wêreld. Die kerk moet kerk van die Woord wees, dit wil sê draer van die koninkryk van God.

Van Ruler sien die kerk en die staat as die twee brandpunte waaromheen die totale volkslewe soos 'n elips beweeg. Dit is vir hom die kerk van sy corpus christianum-idee waarin dit gaan om die inrigting van die hele aardse lewe tot diens van God. Van Ruler verstaan egter nie onder die corpus christianum dieselfde as die Middeleeuse gedagte dat die kerk alle lewensterreine moet beheers nie (Van Rooyen 1964: 81). Dit is die roeping en taak van die kerk om voortdurend die Woord van God tot die owerheid en die volk te rig, sodat die owerheid as dienaar van God die volk sal regeer in die lig van God se Woord (Van Rooyen 1964: 88). By die bring van die Woord van God aan die volk moet die kerk die hele volk en elke lewensterrein en

nie slegs 'n gedeelte van die volk en party lewensterreine in die oog hou nie. Immers, die hele volk en elke lewensterrein moet met die evangelie gekonfronteer word en geroep word tot erkenning van God se koningsheerskappy. Daarom is dit die wesenlike van die kerk, dit is die volkskerk, om die Woord van God tot die volk te bring.

Van Ruler verstaan ook nie onder die volkskerk 'n kerk wat die hele volk omvat of in al sy bedoelinge daarop ingestel is om die hele volk te omvat nie. Behalwe dat dit prakties nooit voorkom nie, is dit prinsipieel ook nie in orde nie, omdat dit sou veronderstel dat die hele volk kerk moet wees. Dit is nie so dat die wêreld kerk moet word nie, maar wel dat die kerk sy roeping in die wêreld moet vervul sodat die volke van die wêreld tot die koninkryk van God geroep sou word om ook in hulle politiek-kulturele instellings die God van die heil te dien (Van Ruler 1947(a): 225).

Die volkskerk-idee bring ook nie die katolisiteit van die kerk in gedrang nie. Van Ruler onderskei hier tussen die ekstensiewe en intensiewe katolisiteit van die kerk. Hy stel dat die kerk van pure katolisiteit onder andere ook nasionaal is. Die ekstensiewe katolisiteit beteken dat die kerk uitgaan tot alle volke, terwyl die intensiewe katolisiteit beteken dat die kerk ingaan in al die momente van die lewe van die volk (Van Ruler 1958: 13). Die kerk moet hom so nou met sy omgewing, die volk, verbind dat hy die kleur daarvan aanneem en nasionale kerk word. Die gebruik van die landstaal in die erediens en die vertaling van die Bybel is die bewyse daarvan. So gesien is die kerk nasionale volkskerk, sonder dat die katolisiteit van die kerk daardeur opgehef word. Die kerk mag die volk nooit loslaat nie.

Van Ruler self gee twee aanvullende definisies van die volkskerk:

(i) "Een kerk is dan in den echten zin van het woord volkskerk, wanneer zij voor deze rijksbedoelingen Gods met de volkeren der aarde en met hun culturen de oogen open houdt, wanneer zij vasthoudt aan de beloften van het koninkryk, centraal aan de belofte, dat de overheid de dienaresse in het rijk Gods is, en alomvattend aan de beloften, dat de levende God op de aarde veelvormig gediend zal worden; wanneer zij deze perspectieven op het gewone leven en op de wereld en op de cultuur en op den staat zich niet laat verduisteren, door welke goddelooze of vrome overwegingen ook, en verstaat, dat hier het eigenlike van de bedoelingen van het hart Gods ligt; en wanneer zij zichzelf dan ook volstrekt dienstbaar weet en zich daarom ook volstrekt dienstbaar stelt aan deze historisch-eschatologiese cultuurvorming als liturgie van den God des heils door de volkeren der aarde" (Van Ruler 1947(b): 225–226).

(ii) "Een volkskerk is een kerk, welke in al haar doen en laten, in al haar spreken en handelen bezig is met de publieke zaak van het volksleven en het licht van de waarheid uit het Woord Gods laat uitstralen, opdat de overheid in haar regering van het volksleven in dit licht zou wandelen" (Van Ruler 1947(b): 226).

Vir Van Ruler word die volkskerkgedagte vanuit die verbondsleer onontwykbaar. Hy sluit ten nouste aan by die uitspraak van Hoedemaker dat as 'n mens praat van die gelowiges en hulle saad, dan het 'n mens die volkskerk in die kiem. Nie die kerk nie, maar die nasie ontstaan uit die saad van die gelowiges. In die verbondsleer is daar sprake van 'n verband tussen natuur en genade en vanuit hierdie verband word die volkskerk-idee onontwykbaar. Die genadeverbond bring die samehang van die geslagte, die natuurlike geboorte van die mens, sy gesin en kultuur en die volk waarin hy gebore word, in die gesigsveld (Van Rooyen 1964: 91).

Van Ruler wil dat in die verbondsleer klem gelê word op die middelpunt van die verbond, naamlik Christus wat vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Die sentrale in die verbond is die versoening in Christus. Uiteindelik is die verbond die struktuur van die verlossing. Daar bestaan nie 'n botsing tussen verbond en uitverkiesing nie en hulle sluit mekaar nie uit nie.

Teenstanders van die volkskerkgedagte het onder andere die beswaar dat die begrip volk uit die natuur is en dat die kombinasie volkskerk dan op 'n vermenging van natuur en genade neerkom. Van Ruler se standpunt hieroor is dat die herskepping tog beslis die skepping inhou, want dit is mos die skepping wat herskep word. Die vreemdheid van die kerk in die wêreld moet nie oordryf word nie. Die vreemdheid van die kerk in die wêreld mag nie beteken dat die Christen totaal vreemd moet staan teenoor die aarde en die aardse lewe as sodanig nie. Indien dit die geval sou wees, sou dit neerkom op die uitstap uit die Israelitiese evangelie en 'n instap in 'n gnostiese evangelie. Kerk en teologie moet oog hê vir sulke natuurlike groothede soos volk, staat, maatskappy en kultuur. Indien die kerk dit nie sou doen nie, beteken dit dat hy sy eie lidmate in die steek sou laat. Immers, elke Christenmens is persoonlik 'n eienaardige verstrengeling van kerk en volk. In wese is hy 'n stukkie volkskerk. Kerk en teologie moet in hulle gesigsveld volgens Van Ruler 'n katolieke ruimte hê vir die volk, die staat, die kultuur en die wêreld. Hierdie katolieke ruimte is dan vir hom weer eens van die wesenlike samestellende dele van die begrip *volkskerk*. Alleen die volkskerk kan werklik katoliek wees (Van Ruler 1958: 9–10).

Van Ruler stel dat die volkskerk-idee 'n belangrike gesigspunt vorm

vir die verstaan van God se handelinge. Indien die volkskerk-idee prysgegee word, lei dit tot verkeerde idees en voorstellings van die handelinge van God. In verband met Van Ruler se siening oor die koninkryk van God stel hy dan baie sterk: "Wie de kerk niet meer als volkskerk verstaat, heeft Gods rijksbedoelingen verwrongen" (Van Ruler 1959: 16).

7.4 Enkele konklusies uit die denke van Hoedemaker en sy navolgers

Voorop staan dat in die verbinding volkskerk, die begrip kerk die belangrike en die bepalende is. Dit gaan om die kerk van Jesus Christus, soos wat hy in die Hervormde Kerke onder andere in die *Nederlandse Geloofsbelydenis* en die *Heidelbergse Kategismus* bely word.

Die volkskerk-idee veronderstel nie dat dit massakerk en staatskerk moet wees, waaraan elke lid van die volk moet behoort en waarin alles wat in die tyd gis, moet nawerk nie. Die verbinding volkskerk beteken ook nie dat 'n wesensverband tussen kerk en volk gelê word nie, maar wel dat die kerk met sy prediking ingaan in die organiese geledinge van die mensheid, dit is die volke. Ekstensief katoliek na alle volke en intensief katoliek na elke lid en elke lewensterrein van 'n bepaalde volk.

Wanneer die één, algemene kerk van Jesus Christus ingaan in die organiese geledinge van die mensheid, dan vertoon die kerk 'n ryke veelvormigheid. Die kerk verbind hom so nou met sy omgewing, die volk, dat hy die kleur daarvan aanneem en nasionale kerk word. Die gebruik van die landstaal in die erediens en die vertaling van die Bybel is die sprekende bewyse daarvan. Dit hef hoegenaamd nie die ekstensiewe katolisiteit van die kerk op nie. Daar bestaan egter wel afstand tussen volke vanweë verskil in taal, nasionaliteit, denkwyse en inrigting en daarom kan die kerk nooit institutêr-sigbaar één wees nie.

Die volkskerkgedagte veronderstel dat dit 'n kerk sal wees wat in 'n Christelike staat (=staat met die Bybel) en nie 'n neutrale nie, sy roeping teenoor die bepaalde volk binne daardie staat sal vervul. Vir al die voorstanders van die volkskerkgedagte is artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* steeds van groot belang.

Vir die volkskerkgedagte is die verbondsleer ook onontbeerlik. Trouens, vanuit die verbondsleer is die volkskerkgedagte onontwykbaar. Die verbond bepaal die omtrek en die grense van die kerk en dus van die volkskerk. Vanuit die gedagte dat die kerk 'n organisme met 'n institutêre sy is, in verbinding met die gerigtheid op 'n bepaalde volk en die verbondsleer, kan gestel word dat die verbond die omtrek en grense van die bepaalde volkskerk as organisme stel, terwyl die grense van die bepaalde staat weer te make het met die praktiese of fisiese grense van die institutêre sy van die bepaalde volkskerk.

8. DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA AS VOLKSKERK

Dat die Ned Herv Kerk kragtens sy geskiedenis volkskerk is, is logies, begryplik en feitlik vanselfsprekend. Die Kerk is immers histories en regmatig voortsetting van die Nederlandse Hervormde Kerk wat deur Jan van Riebeeck na die Kaap gebring is en wat deur die Voortrekkers die binneland ingedra is.

8.1 Die Kerk aan die Kaap

Met die volkplanting van 1652 het ook kerkplanting gepaard gegaan (Engelbrecht 1953: 19). Tot 1795 het die gemeentes aan die Kaap in die nouste verbinding met die Nederlandse Hervormde Kerk gestaan en het hulle min of meer onder die toesig van die klassis Amsterdam geressorteer. Die teokratiese siening van die organiese eenheid van gedoopte volk, kerk en owerheid in Nederland, het net so in die gemeentes aan die Kaap gegeld (Pont 1986: 38). Net soos wat die kerk altyd in hierdie teokratiese siening volkskerk is, dus kerk wat ook mede-bepaal word deur die kultuursituasie waarin hy leef en bestaan, so was dié kerk aan die Kaap ook in die tyd van die Verenigde Oost-Indiese Companjie volledig volkskerk. Daar is trouens hoegenaamd geen ander kerk aan die Kaap toegelaat nie en verder was alle inwoners en werknemers vanselfsprekend lid van die kerk. Dit het daarop neergekom dat prakties gesproke kerk en volk een was en dat die Christelike owerheid, in dié geval die Kompanjie, die gedoopte volk moes regeer en sorgvuldig na die belange van die kerk moes omsien.

Teen die einde van die agtiende eeu is die reformatoriese teokratiese beskouing oor die organiese eenheid van kerk en volk, geleidelik op die agtergrond gedruk deur die verdraagsaamheidsbeginsel van die opkomende rasionalisme (Pont 1986: 40). Vanuit Engeland en Frankryk is die rasionele Verligtheid die wêreld ingedra en dit het beteken dat opvattings versprei is wat direk in botsing was met die opvatting van die organiese verbondenheid van volk, kerk en owerheid in 'n eenheidsgeheel. Die Verligtheid het immers nie meer volk en owerheid as 'n Goddelike instelling gesien nie, maar bloot as 'n saak wat voortgespruit het uit die natuurlike en redelike insig van die mens. In hierdie denke het die owerheid alleen maar 'n horisontale taak gehad sonder enige verantwoordelikheid teenoor God. Daarom het die owerheid ook nie nodig gehad om die Woord van God te hoor om dit as riglyn vir hulle optrede te gebruik nie. Vanselfsprekend was die owerheid dan ook nie meer die beskermheer van die kerk sodat die kerk sy taak onbelemmerd kon uitvoer nie (Pont 1986: 41–42).

Hierdie denkbeelde het in Nederland neerslag gevind in die Patriot-

party van J D van der Capellen en vandaar ook na die Kaap deurgewerk, nie alleen na Kaapstad en omgewing nie, maar ook na die verafgeleë buite-distrikte soos onder andere na Graaff-Reinet en Swellendam. Prakties het dit ten opsigte van die verhouding kerk en owerheid, 'n strenge skeiding meegebring. Hoewel die georganiseerde Patriotbeweging na 1795 met die eerste Britse besetting van die Kaap verdwyn, het baie van hulle ideale tog bly voortleef. Dieselfde denke word later deur De Mist in die Kaapse samelewingstruktuur ingedra as hy ook kerk en owerheid van mekaar skei (Pont 1986: 44).

Die merkwaardige is egter dat, hoewel hierdie verwikkelinge die kerk self en dan veral die posisie van die kerk in die gemeenskap ten diepste geraak het, die kerk tog geswyg het. Die redes hiervoor is waarskynlik dat die kerk self nie meer 'n duidelike begrip van sy plek en taak in die volk, die gemenebes en die openbare lewe gehad het nie, en daarmee saam het die kerk ook nie besef dat die nuwere gedagtestrominge in 'n ander koers geloop het en in botsing was met die teokatiese visie van die Calvinistiese teologie nie (Pont 1986: 45). Pont skryf hierdie swye van die kerk toe aan die feit dat die omvattende teokratiese visie van die Calvinistiese teologie verwaarloos geraak het, omdat 'n teologie waarin gestrewe is na heilsekerheid en heiligheid op die voorgrond gestel is. Dit het tot gevolg gehad dat die kerk sy taak om die Woord toekomsgerig en vormend te verkondig, verwaarloos het (Pont 1986: 46).

Nieteenstaande hierdie nuwe invloede en gedagtestrominge en nieteenstaande die feit dat baie van die formele strukture wat die Voortrekkers ingestel en gehandhaaf het, na onder andere De Mist teruggevoer kan word, is dit nogtans 'n vraag of die invloede die enigste en die bepalende was wat die Voortrekkers by hulle vormgewing van hulle maatskappy vertoon het (Pont 1986: 46). As gekyk word na die godsdienstige opvattings van die Voortrekkers soos dit na vore kom in reëlings wat hulle en hulle opvolgers getref het vir die ordening van hulle maatskappy, dan wil dit voorkom of die Calvinisties-teokratiese opvattings tog nog steeds baie sterk by hulle geleef het.

8.2 Die Voortrekkers se inrigting van hulle maatskappy en kerk (Pont 1986: 46–60)

Dit was die ideaal van die Voortrekkers om in Suid-Afrika vir hulle 'n vrye vaderland te soek waar hulle hulle eie maatskappy of gemenebes in ooreenstemming met hulle eie insigte sou kon oprig. Vanaf die begin het die ordening van die maatskappy egter hand aan hand gegaan met die inrigting van die kerk. Trouens so nou verbonde was die staatsreëlings met die kerkinrigting, dat dit eintlik die burgerlike owerheid was wat die kerklike ordening behartig het. So het die Volksraad predi-

kante, naamlik Erasmus Smit en Daniël Lindley, asook kerkraadslede aangestel en later weer met emeritaat laat gaan en selfs by geleentheid vir Erasmus Smit onder sensuur geplaas. Die burgerlike owerheid het dus gewoon in kerklike sake ingetree en reëlings getref wat streng gesproke by die kerkraad berus het. Die merkwaardige is egter dat die kerk nooit beswaar gemaak het nie. Dit was vir hulle feitlik vanselfsprekend dat in hulle maatskappy, wat so sigbaar 'n organiese eenheid was, die burgerlike regering sou optree waar dit die welwese van die kerk geraak het.

Hierdie besondere noue saamgaan van kerk en owerheid sou nie werklik aanvaarbaar wees in die egte denke van die rasionele Verligtheid nie. Hieruit is dit al duidelik dat ander invloede selfs sterker by die Voortrekkers teruggevind kan word as dié van die Patriotdenke. As Pont hierdie saak ondersoek, dan toon hy aan dat die godsdienstigteologiese literatuur waarmee die Voortrekkers bekend was, ongetwyfeld 'n groot invloed op hulle denke ten opsigte van die vormgewing van hulle maatskappy uitgeoefen het. Onder die sogenaamde *oude schrijvers* of *auteurs* sonder hy dan die werk van Wilhelmus à Brakel, *Redelijk godsdienst, in welke de goddelijke waarheden des genaden-verbondt worden verklaart, tegen partijen beschermt en tot de practijke aangedrongen,* in die verband uit. So kan die voorskrifte vir die aflê van 'n gelofte soos deur À Brakel gegee en die wyse waarop die Voortrekkers in 1838 die gelofte afgelê het, alleen maar tot die slotsom lei dat die Voortrekkers sy werk geraadpleeg en hom gevolg het. Ook hulle optrede in die organisering van 'n eie selfstandige kerklike gemeenskap gee blyke van navolging van À Brakel se aanwysings. En alhoewel À Brakel nie afsonderlike voorskrifte gee ten opsigte van die strukturering van die maatskappy nie, is dit tog duidelik dat hy die teokratiese visie, soos dit in artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* verwoord is, toegedaan was. Verder is ook by À Brakel die verbondsgedagte die basiese struktuur van die hele verhouding van God en mens. Die genadeverbond en die kerk is by hom feitlik sinonieme.

Ook hierdie gedagtes is deur die Voortrekkers by À Brakel nagelees en het op hulle denke invloed uitgeoefen. Al is dit ook waar dat hulle wel bekend was met die Patriotdenke en ook van die opvattings oorgeneem het, het hulle basiese teokratiese denkpatroon tog die bepalende gebly. Met Pont (1986: 59) se konklusie kan daarom saamgestem word:

> "Samevattend ten opsigte van die Voortrekkers se vormgewing van hulle gemenebes of maatskappy, kan gestel word dat die visie van die Calvinistiese teokrasie waar die Ou Testament paradigmaties gelees en verstaan is, grotendeels hulle denke beheers het.

Dit het meegebring dat die struktuur van die genadeverbond en wat daarmee saam gehang het, 'n sentrale plek in hulle denke ingeneem het. Die genadeverbond wat die basis van hulle kerkbegrip was, het meegebring dat hulle die samehang van kerk-volk-owerheid in die sin van artikel 36 NGB gesien het. Juis omdat kerk en volk by die Voortrekkers dieselfde was, was die organiese eenheid van die kerk-volk-owerheid, soos dit gevind word in die Gereformeerde kerkstaat wat in 1651 in Nederland gevestig is, byna vanselfsprekend. Daarom kan gesê word dat met die saamval van kerk en volk in die Voortrekkerrepubliek dit vir die Voortrekkers grotendeels vanselfsprekend was dat die owerheid van die gedoopte volk, 'n Christelike owerheid sou wees wat as rigsnoer vir sy handelinge Skrif en belydenis sou hê."

8.3 Die maatskappy en die kerk in Transvaal (Pont 1986: 60–73)

Teen 1848 het nog slegs die Transvaalse gedeelte van die oorspronklike Voortrekkerrepubliek nie onder die Engelse vlag gestaan nie, omdat Natal in 1842 en die Oranje-Vrystaat in 1848 deur Brittanje geannekseer is. Met die Sandrivier-Konvensie van 1852 het Engeland die onafhanklikheid van die Oorvaalse Voortrekkergebied erken. 'n Nuwe grondwet het nodig geword om weer opnuut aan hierdie gemenebes vorm te gee. Die grondwet wat in 1857/8 opgestel is vir die Zuid-Afrikaansche Republiek, soos die maatskappy voortaan bekend sou staan, het die denke van die Voortrekkers oor die organiese eenheid van kerk-volk-owerheid gekontinueer. Die band tussen kerk en owerheid en kerk en volk is gehandhaaf en die teokratiese denke, soos in artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis,* was bepalend vir die grondliggende beginsels.

Dit is opvallend dat in die grondwet die volk voortdurend aan die woord is, dan egter duidelik te verstaan as 'n Christelike volk wat deur die doop in die genadeverbond en so in die kerk saamgesnoer is. Dit gaan om 'n volk wat 'n organiese geheel is, deur families met dieselfde taal, kultuur en godsdiens gevorm. Daarom het die volk hom in verskeie artikels in sy grondwet duidelik oor sy godsdiens en sy kerk uitgespreek.

Uiteindelik was die Nederduitsch Hervormde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek volkskerk soos dit onder die Voortrekkers was en soos dit onder die Kompanjie ook was. Terselfdertyd was die Kerk ook tot in die tagtigerjare van die negentiende eeu staatskerk. Die staatskerk-wees het egter slegs ingehou dat die Kerk die bevoorregte kerk was, dat die kerkwette deur die owerheid goedgekeur moes word en dat die predikante deur die owerheid betaal is. Op voetspoor van À

Brakel is aan die owerheid slegs gesag rondom die kerk, maar nie in die kerk nie, toegeken.

Dat die kerk as volkskerk gesien en waardeer is, is te verstane. Dit was 'n redelik ongekompliseerde situasie waarin die volk, kerk en owerheid byna vanselfsprekend in 'n eenheid saamgevoeg is en die kerk as die godsdienstige keersy van die burgerlike samelewing gesien is. Terselfdertyd kan egter tog gestel word dat die noue saamgaan tussen kerk en volk nie die kerkbegrip skeefgetrek het nie. Die kerk kon ten volle belydende kerk wees en kon die suiwerheid van sy leer handhaaf. Dit is wel waar dat vanweë die noue saamleef van kerk en volk oor en weer beïnvloeding plaasgevind het. So het by die verwerping van die inlywing onder die Kaapse Sinode in 1853, die staatkundig-politieke opvattings van die volk 'n stempel op die Ned Herv Kerk afgedruk. Aan die ander kant het die Kerk ook die ideale van die volk, sover dit op sy weg gelê het, probeer dien. In veralgemeende terme kan gesê word dat die volk die kerk was en dat die kerk die volk omvat het.

Gaandeweg het die situasie so verander dat die organiese eenheid van volk-kerk-owerheid al losser geword het. Verskeie gebeurtenisse het hiertoe bydraes gelewer. Eerstens is die situasie in die Zuid-Afrikaansche Republiek gekompliseer met twee afskeidings wat in 1859 en 1865 van die Ned Herv Kerk plaasgevind het. In 1859 het die Gereformeerde Kerk deur die eerste kerklike skeuring in die geskiedenis van die Afrikaner tot stand gekom en is vir die eerste keer die begrip "vrye kerk" in en teenoor die landskerk begin gebruik (Pont 1987: 25–45). In 1865 het die afskeiding onder ds Frans Lion-Cachet gelei tot die vorming van die Ned Geref Kerk in Transvaal. Terselfdertyd is die organiese verbondenheid volk-kerk-owerheid ook gaandeweg afgewater. Die oorsaak hiervan was dat geleidelik ook ander invloede en denkrigtings in die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n rol begin speel het en die Calvinistiese teokrasie geleidelik minder beklemtoon is.

Nogtans het die Ned Herv Kerk steeds die genadeverbond as die fondament van sy ekklesiologie bly handhaaf en steeds daarvoor gekies om volkskerk te wees. Artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* geld steeds onverkort en onveranderd vir die Kerk. Ook die feit dat die Kerk sedert 1886 nie meer staatskerk was nie, het hieraan geen verandering gebring nie.

8.4 Die Algemene Kerkvergadering van 1888 (Botha 1981: 72–76)

Tussen 1882 en 1885 is onderhandelinge gevoer tussen die Ned Herv Kerk en die Ned Geref Kerk in Transvaal om tot kerkvereniging oor te gaan. Die vereniging misluk egter omdat nooit werklik tot 'n diepte-

diskussie van die werklik tersaaklike aangeleenthede gekom is nie. In elk geval het dit die Ned Herv Kerk as 'n totaal gedisorganiseerde kerk agtergelaat sonder 'n enkele predikant. As ds MJ Goddefroy in 1887 uit Nederland in die Zuid-Afrikaansche Republiek aankom, dan wag daar die byna bomenslike taak van reorganisasie op hom. Na afhandeling van die voorlopige reorganisasiewerk op plaaslike vlak, is op 13 Februarie 1888 en volgende dae 'n Algemene Kerkvergadering gehou. Hierdie vergadering was vir die Kerk van die uiterste belang, want duidelike standpunt sou gestel moes word oor waar die Kerk dogmaties, kerklik en staatkundig-kultureel gestaan het en wat die koers in die toekoms sou wees.

Op 'n vanselfsprekende wyse is op hierdie vergadering juis ook aandag gegee aan die verhouding kerk en volk en baie duidelik was die beslissing dat die Ned Herv Kerk sou voortgaan op dieselfde pad, soos dit reeds in 1853 aangedui is. Die Kerk wou steeds volkskerk wees, selfs al was hy nie meer die enigste kerk nie. In die "Broederlijk Schrijven" wat deur die Algemene Vergadering uitgereik is, is die saak so gestel:

> "Onze Kerk, de Nederduitsch Hervormde Kerk, is de Kerk onzer vaderen, de Kerk van het volk dat de Republiek heeft gesticht. Vrij in het politieke, wenschten zij nu vooral hunne vrijheid te gebruiken, om boven alles en voor alles den God der vaderen te dienen; even als den Staat wenschten zij de Kerk in te richten, overeenkomstig de heilige verordeningen Gods, maar tevens als de waarborg van hare staatkundige onafhanklikheid ... Onze vaderen wilden zichzelven zijn, geen kerkelijke invloed van onderdanen van engelsch bestuur: de mannen die de Republiek in het staatkundige gesticht hadden, gevoelde zich ook in staat een eigen Kerk op te richten: voor het volk, om het volk en door het volk! Laat ons het voorbeeld onzer vaderen in eere houden! Het is bewonderenswaardig hoe onze vaderen met vaste stap op den rechten weg zijn voortgegaan".

Uitdrukkings soos "Kerk van het volk" en "voor het volk, om het volk en door het volk", dui op die noue verbondenheid wat daar tussen kerk en volk veronderstel is. Die Voortrekkerdenke in die verband is dus behou: die Ned Herv Kerk wou steeds volkskerk wees. Vir die woordvoerders van die Kerk, soos onder andere ds Goddefroy, was dit vanselfsprekend dat die begrip "kerk" die bepalende was en nie die begrip "volk" nie. Die bedoeling was dat die kerk sy deur God toegekende posisie van hart in die liggaam en onafskeidelik van die liggaam, dit is die volk, moes inneem. Uit hierdie hart, die kerk van Jesus Christus, moes die krag in die volkslewe uitgaan. Van 'n wesens-

verband tussen kerk en volk was hier hoegenaamd geen sprake nie, maar wel van 'n roeping en verantwoordelikheid teenoor die volk. Die kerk het egter nie vreemd gestaan teenoor die ideale van die volk nie, maar moes dit aan die Woord van God toets en daaraan rigting gee. Die evangelie moes die bepalende invloed hê op die staatkundige, maatskaplike en kulturele lewe, wat voortdurend die volk daartoe oproep om 'n heilige gemeenskap te wees wat alleen tot eer van God leef.

Dit is interessant om daarop te let dat ds MJ Goddefroy, wat so 'n geweldige rol gespeel het in die reorganisasie van die Ned Herv Kerk en veral ook in die Algemene Kerkvergadering van 1888, die wegbereider was dat die gedagtes van Hoedemaker rondom die volkskerk en dan uitdruklik gesien as die Christus-belydende volkskerk, 'n pad na die Ned Herv Kerk kon vind waar dit ook dié Kerk se denke oor die volkskerk verder gestimuleer en help vorm het.

In latere jare was dit weer veral dr Johannes Dreyer, vir baie jare predikant van Potchefstroom en redakteur van *Die Hervormer*, wat gesorg het dat die gedagtes van Hoedemaker en sy navolgers oor die Christus-belydende volkskerk binne die Ned Herv Kerk bekend geraak het en ook tot 'n groot mate aanvaar is.

9. DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK UIT BEGINSEL VOLKSKERK

Dat die Ned Herv Kerk uit beginsel volkskerk wil wees en dan volkskerk vir die Afrikanervolk, is waar. Trouens die woord Nederduitsch in die naam van die Kerk kan verklaar word as 'n aanduiding dat die Kerk volkskerk is en wil wees. Met hierdie begrip of woord, wat deur die Kerk nog in sy Nederlandse spelvorm behou word, word dit beklemtoon dat hierdie Kerk uit die Nederduitse, dit wil sê Nederlandse taalgebied afkomstig is en dat die lidmate van hierdie Kerk 'n bepaalde identiteit het. Die begrip is dus 'n kultuurmatige en nie geografiese omskrywing nie. So belangrik is die bepaalde taal- en kultuurafkoms vir die Kerk dat die begrip steeds in die naam van die Kerk behou word. Daarmee word aangedui dat die taalomgewing, kultuuromgewing en volksomgewing waarbinne hierdie Kerk vorm en gestalte aangeneem het en waarbinne die Kerk leef en werk en sy roeping uitvoer, dit wil sê waarbinne hierdie Kerk kerk van Jesus Christus moet wees, genealogies bepaald Nederduits is.

Hoewel die Kerk nêrens in sy Kerkwet uitdruklik verklaar of bepaal dat hy volkskerk is of wil wees nie, is dit tog gemaklik af te lei uit bepaalde artikels van die Kerkwet. So word in Artikel III onder andere gestel dat die Kerk "beoog die vorming van ander volkskerke onder die

verskillende volksgroepe, ..." Dit is tog net logies dat die Ned Herv Kerk homself as volkskerk sien en juis daarom ook die vorming van volkskerke voorstaan. 'n Bespreking van Artikels IX en XXIV waar onderskeidelik oor die apostolaat en oor Kerk en owerheid gehandel word, kan 'n nadere siening van die Kerk in verband met die volkskerk na vore bring.

Dit is egter eers vooraf nodig dat beklemtoon word dat die volkskerk-gedagte van die Ned Herv Kerk gesien moet word teen die agtergrond dat dié Kerk in die eerste plek kerk van Jesus Christus wil wees met alles wat dit inhou. As vir 'n oomblik weer na die naam van die Kerk gekyk sou word, moet beklemtoon word dat die woord *kerk* die belangrikste en die bepalende is. Hierdie kerk is 'n vorm, 'n gestalte, 'n openbaring van die een heilige, algemene, Christelike kerk en hierdie kerk grond hom op die Bybel as Woord van God en hierdie kerk se belydenis word uitgedruk in die formuliere van eenheid, naamlik die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, die *Heidelbergse Kategismus* en die *Dordtse Leerreëls*, in 1618 en 1619 in Dordrecht vasgestel (Art I Kerkwet). Daarmee word dan verder geïmpliseer dat dié Kerk bedoel om kerk te wees in die reformatoriese sin van die woord en dat hierdie kerk ten volle moet voldoen aan die vereistes van die drie notae ecclesiae van die ware kerk, soos die reformatore dit geleer het. Om weer terug te keer na die naam van dié Kerk, moet dan uitgelig word dat die tweede belangrikste woord in naam van die Kerk die woord "Hervormde" is. In hierdie begrip lê opgesluit dat hierdie kerk voortsetting is van die kerk wat van die Roomse dwaalleer hervorm is na die eise van die Heilige Skrif. Hierdie woord is egter ook gelyktydig uitdrukking daarvan dat hierdie kerk steeds getrou wil bly aan die beginsel om kerk te wees wat in leer en lewe voortdurend gerig en gemeet wil word deur die eise van die Skrif. Dié Kerk is dus eerstens kerk van Jesus Christus, dus Christus-belydende kerk. Tweedens is dié Kerk ook hervormde kerk wat na die eise van die Skrif hervorm is en voortdurend hervorm wil word. En eers omdat die Ned Herv Kerk hervormde kerk van Jesus Christus is, is hy en kan hy ook volkskerk wees vir 'n volk van mense wat hulle Nederduitse afstamming, taal- en kultuurerfenis en tradisie steeds hoog ag, koester en beskerm.

Verder is dit ook van groot belang om daarop te wys dat die Ned Herv Kerk die genadeverbond sien as die bepalende van wie tot die kerk behoort (Art II van die Kerkwet). Die genadeverbond wat God in Jesus Christus met die mens opgerig het en waarvan die doop die seël is, is die grondslag van die kerk. Dit gaan dus nie maar net om die vrywillige toetrede van individue tot die kerk nie, maar wie binne die genadeverbond gebore is of langs die deur God bepaalde weg en die deur God bepaalde middele en die verbond opgeneem is, word tot die

kerk gereken. Dit gaan dus hier om die gelowiges en hulle saad. Juis deur die genadeverbond as die grondslag van die kerk te sien, is die Ned Herv Kerk volkskerk. Daarmee word egter ook gesê dat die Ned Herv Kerk as volkskerk vir die Afrikaner nie sonder meer alle Afrikaners in die kerk insluit nie, maar alleen die gelowiges en hulle saad. Daarmee word dan gesê dat die grense van die volkskerk die genadeverbond is en dit is tog ook die grens van die kerk. Dit wil sê die volkskerk het nie 'n ander grens as die kerk nie.

Die belydenis van die kerk is ook nie vir die Ned Herv Kerk die akkoord van kerklike gemeenskap of net 'n statiese iets wat alleen maar juridiese betekenis het nie, maar 'n dinamiese krag wat bely moet word teenoor en voor alle mense. Daarom wil die Kerk Christus-belydende kerk wees. In Artikel XI van die Kerkwet word daarom onder andere gesê dat die Kerk in alles waarmee hy besig is, telkens opnuut Christus as die Hoof van die Kerk en as Heer van die wêreld bely. In dieselfde artikel word verder gestel dat die Kerk alles uit sy midde weer wat die belydenis weerspreek. Daarmee word gesê dat ook die belydenis 'n grens van die kerk trek. Deur die belydenis word die grens getrek tussen ware kerk en valse kerk, maar selfs ook tussen ware kerk en ware kerk, soos byvoorbeeld tussen Calvinisties en Luthers (Pont 1981: 240). As die belydenis 'n grens van die kerk vorm, dan vanselfsprekend ook van die volkskerk. Tegelyk word daarmee dan gesê dat die Ned Herv Kerk se volkskerk-wees nie beteken dat hy in sy midde enige leerstelling sal toelaat wat in stryd met sy belydenis is nie. Uit die Kerk se geskiedenis kan dit ook duidelik aangetoon word (Botha 1982: 30–43).

Nou kan enkele opmerkings oor Artikel IX van die Kerkwet gemaak word. Die artikel lui soos volg:

(i) In die verwagting van die koninkryk van God, met die volmag van Jesus Christus die Here aan wie alle mag in hemel en op aarde behoort, en in gehoorsaamheid aan sy bevel: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt 28: 19, 20), vervul die Kerk sy apostoliese opdrag deur sending onder alle volke, die arbeid onder die Moslems, die getuienis teenoor die Jode, die arbeid onder diegene wat van die evangelie vervreem is, en die voortdurende evangelisering en hervorming van die volkslewe.

(ii) Die Kerk rig hom in die sending tot bevolkingsgroepe of gemeenskappe in Afrika wat nog heidens of gedeeltelik heidens is, om hulle te help met die verspreiding van die evangelie in hulle eie gemeenskappe en kerstening van hulle gemeenskapslewe en deur

diegene wat deur daardie diens tot geloof gekom het, by te staan by die inrigting en opbou van 'n eie kerklike lewe sodat hulle uiteindelik tot afsonderlike selfstandinge kerk(e) kom.

(iii) Die Kerk getuig teenoor die Jode dat die God wat Hom aan Israel geopenbaar het, die Vader van Jesus Christus is, en dat Jesus Christus die Verlosser is in wie al die beloftes van God bevestig is (2 Kor 1: 20).

(iv) Die Kerk roep diegene wat van die evangelie vervreem is, tot bekering en betuig teenoor owerheid en volk die heerskappy van God op elke terrein van die samelewing en die eis dat die samelewing ingerig word volgens die beloftes en die wil van God.

Wat hier baie duidelik na vore kom, is dat die Ned Herv Kerk aanvaar dat hy 'n roeping en verantwoordelikheid het teenoor die hele wêreld. Hierdie roeping en verantwoordelikheid het hy van die Hoof van die kerk, Jesus Christus, ontvang. Dit gaan om die evangelie wat aan elke volk, elke bevolkingsgroep, elke gemeenskap en elke mens, verkondig moet word. Dit is egter ook onmiddellik duidelik dat die Kerk die bestaan van volke erken en daarvoor sensitief is, sonder om egter die enkelinge wat nog vreemd is van die evangelie of van die evangelie vervreem is, uit die oog te verloor. Dit gaan egter nie net om volke nie, maar óók om elke lewensterrein van elke volk. Dit moet ook gedurig geëvangeliseer en hervorm word.

Dit is ook duidelik dat die Kerk in sy sending primêr volke en gemeenskappe in Afrika op die oog het. Maar weer eens is dit opmerklik dat daar respek is vir hulle eie volksbestaan en gemeenskapslewe. Hulle wat tot geloof gekom het, moet gehelp word om die evangelie verder in hulle eie volksgemeenskap te versprei en hulle gemeenskapslewe te kersten. Uiteindelik moet die kerk van Jesus Christus dan in hulle gemeenskap 'n eie afsonderlike selfstandige vorm en gestalte aanneem wat dan as volkskerk op daardie volk gerig lewe, dit wil sê *vir* daardie volk of gemeenskap daar is. Al staan dit nie hier uitdruklik dat die Kerk deur sy sending volkskerke beoog nie, impliseer die uitdrukking in Artikel IX.2. "afsonderlike selfstandige kerk(e)" dit wel. Nogtans is dit nie so dat die Ned Herv Kerk sy volkskerksiening op kerk(e) wat deur sy sendingarbeid tot stand kom, wil afdwing of afgedwing het nie. Die geskiedenis van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika is daarvan 'n praktiese bewys. Dié Kerk het sy eie siening wat ook deur die Ned Herv Kerk gerespekteer word.

Laastens is dit ook duidelik dat die Ned Herv Kerk die heerskappy van God op elke lewensterrein gevestig wil sien. Daarom betuig hy dit teenoor owerheid en volk en stel dat dit 'n eis van God is dat die samelewing ingerig word volgens die beloftes en die wil van God.

Die Ned Herv Kerk wil dus ten volle erns maak met die apostoliese opdrag waarop hy sy roeping en verantwoordelikheid ten opsigte van alle volke in al hulle geledinge baseer. Hierdie apostoliese aktiwiteit kan saam met Van Ruler gesien word as 'n aanval op die heidendom, om die werke van die duiwel op aarde te verbreek, sodat die ryk van God in die plek van die heidendom kan kom (Van Ruler 1958: 15–16). Dit is 'n roeping en verantwoordelikheid wat in hierdie bedeling nooit ophou nie.

Die Ned Herv Kerk sien hierdie roeping en verantwoordelikheid as sy direkte taak wat hy self as kerk moet uitvoer. Daarom wil die Kerk nie op indirekte of sydelingse wyse, byvoorbeeld deur die Christelike skool of 'n Christelike party ensovoorts, invloed op die volkslewe uitoefen nie, maar wil die Kerk midde in die volkslewe staan en direk teenoor volk en owerheid getuig met die oog op die kerstening of hervorming van die hele volk op elke lewensterrein. By hierdie taak is elke lidmaat van die Kerk betrokke en daarom word elke lidmaat in Artikel VIII van die Kerkwet opgeroep om sy priesterskap te vervul.

Hier word nie skeiding gemaak tussen die kerk as instituut, waarin die besondere ampte die klem dra en die kerk as organisme, waarin die amp van die gelowige die inisiatief het nie. Die kerstening en reformasie van die hele volk en elke lewensterrein, die evangelisering van Jood en heiden, is die roeping en verantwoordelikheid van die Kerk in sy geheel, van elke lidmaat van die Kerk. Dit is daarom nie so dat die Ned Herv Kerk, as volkskerk, dit so verstaan dat alleen die besondere ampte in die Kerk funksioneer en dat alle lewensterreine daarom eers oorkoepel en verkerklik moet word om die besondere ampte dan te laat funksioneer nie.

Met die feit dat die Ned Herv Kerk sy volkskerk-wees fundeer in die apostoliese opdrag aan die kerk, wil die Kerk sê dat hy geen doel in homself wil wees nie, maar middel in die hand van sy Heer en Sender. Die Kerk wil hom nie soos 'n sekte afhok om net vir homself en sy lede te bestaan nie, maar hy wil midde in die volkslewe staan en 'n belydende kerk wees: "'n Kerk wat nie leef vir homself nie, maar vir sy Heer, wie se primêre taak nie is om te behou en te versorg wat hy het nie, maar wat aggressief is en uitgaan om die wêreld vir Christus te win. Dan is hy nie meer 'n doel in homself nie, maar 'n middel in die hand van die Hoof van die kerk om daarmee sy Koninkryk te bou" (Dreyer 1960: 1 en 2).

Uit die voorgaande volg dit logies dat die Ned Herv Kerk in sy volkskerk-wees, inderdaad leef vanuit die reformatoriese teokratiese visie, dat geen volk of mens of lewensterrein buite God se heerskappy val nie en dat elkeen en alles voor sy soewereiniteit moet buig. Hierdie teokratiese gedagtegang van die Ned Herv Kerk blyk ook uit sy siening

in verband met sy verhouding tot die burgerlike owerheid. Hier verklaar die Kerk: "Dit is die plig van die owerheid om wet en orde te handhaaf en reg en geregtigheid vir sy onderdane te verseker sodat die Kerk sy dienswerk rustig kan verrig. Dit is die taak van die Kerk om voorbidding vir die owerheid te doen en almal aan te moedig om hulle aan die owerheid te onderwerp, eer en eerbied aan die owerheid te betoon en aan hom gehoorsaam te wees in alles wat nie in stryd met die Woord van God is nie" (Kerkwet, Artikel XXIV).

Die Ned Herv Kerk aanvaar dus nie iets soos 'n neutrale owerheid nie. Baie duidelik sien die Kerk die owerheid in die sin van artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*. Dit kan tog alleen 'n Christelike owerheid wees van wie verwag kan word om so 'n situasie te skep dat die Kerk sy dienswerk rustig kan uitvoer. Die Kerk het weer die taak om vir die owerheid te bid en almal aan te moedig om hulle aan die owerheid te onderwerp. Die Kerk huldig dus wel steeds 'n teokratiese visie en die ideaal is steeds 'n Christelike owerheid in 'n Christelike staat, dit is 'n staat met die Bybel. Met ander woorde die Ned Herv Kerk idealiseer vir sy volkskerk-wees steeds 'n organiese eenheid van kerk, volk en owerheid.

Hierdie noue band tussen kerk en owerheid beteken nie dat die Ned Herv Kerk in sy volkskerk-siening aspireer om staatskerk te wees, of dat die "staatskerk-wees" noodsaaklik is om volkskerk te wees nie. Inteendeel, met reg kan verklaar word: "Die opheffing van hierdie bevoorregte posisie (die Ned Herv Kerk was vroeër wel staatskerk) het die Hervormde Kerk nie tot nadeel gestrek nie en geensins die noue band tussen kerk en staat verbreek nie" (Dreyer 1961: 1). Die teokratiese siening maak die noue verbondenheid tussen kerk en staat onontwykbaar. Kerk en staat of owerheid word gesien as die twee instrumente waardeur God die wêreld regeer. Daarom sien die Ned Herv Kerk die saak van die uitbouing van die Republiek van Suid-Afrika so dat dit nie maar net 'n saak is wat aan die politieke leiers oorgelaat kan word nie. Ook vanuit die kerk moet daar krag uitgaan. "Kerk en owerheid moet dit as 'n gesamentlike taak beskou en saam skouer aan die wiel sit. Saam moet kerk en owerheid die knieë voor Hom buig wat die Heer van die here is en saam buk voor die gesag van die Woord van God en saam sy leiding soek vir die toekoms van land en volk" (Dreyer 1961: 2). Hier is daar geen sprake daarvan dat die staat die kerk oorheers of die kerk die staat nie. Beide is diensknegte van God, elkeen met sy eie taak en terrein, maar met 'n gemeenskaplike doel, naamlik om die volk by Christus te hou.

Samevattend kan gesê word dat die Ned Herv Kerk 'n teokratiesapostolêre visie op sy volkskerk-wees het. Daarom wil die kerk 'n gereformeerde Christus-belydende volkskerk wees wat al die momente

van die volkslewe wil aanraak, dit wil deurdring vanuit die heil in Christus en dit omset, sodat die hele lewe tot Godsryk wedergebore word. Getalle en politieke status het met die Kerk se volkskerk-wees niks te make nie. Ook veronderstel dit geen wesensverband tussen kerk en volk nie, maar wel roeping en verantwoordelikheid. Die Ned Herv Kerk wil volkskerk wees, omdat die kerk as sodanig volkskerk is of geen kerk nie. In die verbinding volkskerk, is die begrip *volk* nie die bepalende nie, maar die begrip *kerk*.

Die teenwerping is in die verlede dikwels gemaak en word steeds gemaak, dat die hele gedagte van die volkskerk 'n anomalie en anakronisme is, omdat nie rekening gehou word met die werklike situasie soos dit bestaan, waarin die liberaal-moderne lewensbeskouing en die neutrale staat 'n feit is nie. Hier kan 'n woord van Hoedemaker as antwoord dien, naamlik: "Het is altijd praktisch te vragen naar Gods wil, te luisteren naar de uitspraak van Gods Woord, zich niet neer te legge bij het bestaande, indien dit bestaande in strijd is met onze belijdenis. En het is, indien wij dit doen, toch wel mogelijk tegelijkertijd het ideaal vast te houden en met de werklikjheid te rekenen. Ieder, die in abnormale toestanden tot handelen geroepe is, zou dwaas doen of niet te handelen of te handelen alsof het abnormale niet bestond. Maar hij handelt anders, indien hij zich niet voorgoed bij dat abnormale neerlegt" (Haitjema 1939: 220–221).

10. DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK AS VOLKSKERK VIR DIE AFRIKANER

Vanuit die voorgaande is dit duidelik dat as die Ned Herv Kerk sê dat hy in beginsel volkskerk is en dan spesifiek volkskerk vir die Afrikanervolk, dan hou dit in dat die Kerk homself sien as apostel wat in die midde en gerig op hierdie volk staan en solidêr is met hierdie volk; so solidêr soos Moses (Eks 32: 32) en Paulus (Rom 9: 3) met hulle volke was. As volkskerk staan die Kerk in die midde van die Afrikanervolk, midde in die politiek, die kultuur, die ekonomie en die gemeenskapslewe van die volk as apostel wat die Godsheerskappy proklameer (Oberholzer 1960: 176). Hy is nie volkskerk wat die ganse Afrikanervolk omsluit nie. Hy werk en beywer hom wel om dit reg te kry om die hele volk en elke lewensterrein te kersten omdat hy dit in opdrag moet doen. Of hy dit gaan regkry, is nie regtig ter sake nie. Wat belangrik en bepalend is, is dat hy in noue verbondenheid met hierdie volk die Woord van God sal bly verkondig soos dit op elke lewensterrein geld. As ecclesia militans wil dié Kerk as volkskerk vir die Afrikaner, elke lewensterrein van hierdie volk en volksbestaan konfronteer met die vleesgeworde Woord. Dit is die Kerk se wapen.

Negatief gestel beteken dit daarom baie beslis nie dat dit inhou dat die Ned Herv Kerk as volkskerk alles wat die Afrikanervolk doen en nastreef sonder meer moet goedkeur en goedpraat, asof dié volk die uitverkore volk sou wees wat foutloos en bo kritiek verhewe is nie. Inteendeel, sy volkskerk-wees hou juis in dat die Kerk militant apostolêr en daarom krities maar solidêr, elke sektor, elke verhouding en elke ideaal binne die Afrikanervolk sal meet aan en konfronteer met die Woord van God. Selfs al sou dit by geleentheid pynlik wees, vereis sy verantwoordelikheid as volkskerk vir die Afrikaner dit van die Ned Herv Kerk. Dit beteken egter aan die ander kant ook nou weer nie dat die Kerk alleen maar voortdurend en onophoudelik kritiek en oordeel oor die Afrikanervolk *moet* uitspreek nie.

Wat seker wel baie duidelik is, is dat die Ned Herv Kerk met sy volkskerkgedagte en dan wat homself betref, volkskerk vir die Afrikanervolk, dus die bestaan van volke in die algemeen en van die Afrikanervolk in die besonder as realiteit aanvaar en ook positief waardeer.

Wat hy presies onder volk verstaan, het die Ned Herv Kerk nog nooit per definisie in sy Kerkwet of kerklike uitsprake uitgespreek nie. Hy het ook nog nooit die Afrikaner gedefinieer nie. Tog word binne die Ned Herv Kerk op so 'n vanselfsprekende wyse oor volk in die algemeen en die Afrikanervolk in die besonder as aanvaarde feitlikhede gepraat, asof almal dit eens is oor wat die inhoude van hierdie realiteite is. 'n Lidmaat van die Ned Herv Kerk, wat ook 'n Volkekundige is, definieer die begrip *volk* soos volg (Coertze 1979: 159):

> "'n Volk kan gedefinieer word as 'n groep mense wat 'n eenheid vorm op grond van die besit van 'n eenvormige kultuur of lewenswyse wat deur 'n lang proses van samewoning, ondertrouing en kultuuroordrag na opvolgende generasies verwerf is."

Prof PS Dreyer, filosoof en ook teoloog van die Ned Herv Kerk se siening in dié verband kan soos volg opgesom word: Die begrip volk het te doen met 'n groot aantal mense met 'n gemeenskaplike afstamming, 'n eie moedertaal, 'n eie nasionale gevoel, gemeenskaplike kultuur, sedelike en godsdienstige oortuigings en norme, tradisies en gewoontes, geskiedenis en eie vaderland (Dreyer 1978: 6–7).

Wanneer prof Breytenbach die begrip volk in die Ou Testament nagaan, stel hy (Breytenbach 1979: 170):

> "Die begrip volk figureer in die Ou Testament dus waar mense en groter groepe saamgebind word deur familieverwantskap en gemeenskaplike taal, grondgebied en godsdiens."

Uiteindelik konkludeer hy dan soos volg:

> "Die Ou Testament waardeer die volkereverskeidenheid as 'n skepping van God. Hierdie verskeidenheid word in verband gesien met God se doel dat die mensdom die aarde moes vul . . ."

Alhoewel die volkereverskeidenheid erken word as 'n skepping van God, is daar geen aanduiding dat dit 'n ewige verordening is wat nooit verbreek mag word nie. Die Ou Testament *verplig nie die* handhawing van die verskeidenheid nie en dit word ook *nie verbied nie.*

Vanuit sy studie oor *Volkereverskeidenheid en die Nuwe Testament* (1979: 178) konkludeer prof Van Aarde dat die Nuwe Testament wel die verskynsel van sosio-politieke groeperinge ken en dat in Handelinge 17: 26 verwys word na 'n skeppingsreëling waardeur God die verskeidenheid van sosio-politieke groepe gewil het. Hy stel egter ook dat die Nuwe-Testamentiese begrip van "sosio-politieke groepering" nie presies met die huidige begrip volk identifiseerbaar is nie en dat die Nuwe Testament dit ook nêrens as Goddelike eis of imperatief sien dat 'n bepaalde sosio-politieke groep gehandhaaf moet word nie.

Die verskillende elemente wat in hierdie uitsprake rondom die begrip volk na vore kom, figureer wel in debatte in die Ned Herv Kerk wat die begrip volk raak en dan sonder teenspraak. Dit kan dus aanvaar word dat binne die Kerk redelik algemene eenstemmigheid bestaan dat hierdie elemente wel ter sprake is wanneer die Kerk oor volk en dan in die besonder die Afrikanervolk dink en praat. Trouens oor sekere van hierdie elemente het die Kerk wel in amptelike stukke al uitsprake gemaak. Hier kan onder andere verwys word na die *Herderlike Skrywe van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die lidmate van die Kerk oor sy opvatting met betrekking tot volkereverhoudings in die Republiek van Suid-Afrika* (1973) Voorop staan dat die Kerk erken en bely:

> "dat God die Maker van nasies is en dat Hy die geskiedenis van volkere beskik. (Vergelyk Gen 10, Ps 86: 9). Nasies ontstaan nie sommer toevallig nie, maar hulle bestaan moet teruggevoer word na die wil van God" (Herderlike Skrywe 1973: 4).

Uit hierdie uitspraak volg logies en vanselfsprekend dat die Kerk dan verder ook sal moet bely (bl 4):

> "So *glo* ons was die ontstaan van die Afrikanervolk aan die suidpunt van Afrika nie toeval of die gril van 'n noodlot nie, maar die wil van God."

Selfs ook oor sekere eiendomlikhede wat die Kerk by die Afrikanervolk vind en wat hy bewaar wil sien, óók omdat hy dit as gawes van God beskou, het hy hom al uitgespreek. Een van die belangrikste eiendomlikhede is dat die Afrikanervolk as 'n Christengelowige volk gebore is. Die Kerk sien dit as 'n "besondere genade wat aan weinig volkere gegun word" (Herderlike Skrywe 1973: 4). 'n Tweede eiendomlike wat na die oordeel van die Kerk ook uit God se hand ontvang is, is die feit dat die volk as blanke volk ontstaan het. In die genoemde *Herderlike Skrywe* word dit so gestel:

> "Nie net die ontstaan van die Afrikanervolk as sodanig nie, ook die feit dat hy as blanke volk ontstaan het, wil ons erken as 'n beskikking van God. As daar ooit 'n volk was by wie se ontstaan al die faktore en omstandighede aanwesig was wat moes veroorsaak dat hy nie blank gebore sou word of blank sou bly nie, dan seker die Afrikaner. Dat dit nie gebeur het nie en dat ons is soos ons is, kan alleen, so glo ons, teruggevoer word na die wil van Hom wat beskik oor nasies en hulle lotgevalle."

Dat die Ned Herv Kerk die Afrikaanse taal as 'n verdere eiendomlike van die Afrikanervolk sien en daarmee saam ook die verwante sake soos die Afrikaner-kultuur, geskiedenis, tradisies en eie vaderland, vra nie nadere beredenering nie. Hierdie eiendomlikhede vorm dan die omgewing waarvan die Ned Herv Kerk die kleur aanneem, omdat hy as volkskerk so nou met hierdie volk verbind was, is en wil wees. Hierdie eiendomlikhede medebepaal ook die Ned Herv Kerk. Daarom bely die Kerk dan onder andere in Afrikaans dat Jesus Christus die Here is, sing die Kerk in Afrikaans die lof aan die Here, bid in Afrikaans, verkondig en hoor die evangelie in Afrikaans. Die Kerk sien dit daarom ook nie as onskriftuurlik "as hy die eiendomlike wat God aan die volk, uiterlik en innerlik, gegee het wil bewaar, beskerm en bestendig nie" (Herderlike Skrywe 1973: 4).

Dit beteken ook nou weer nie dat die Ned Herv Kerk enige van hierdie eiendomlikhede van die Afrikaner of die Afrikanervolk as sodanig op enige wyse wil verabsoluteer tot ewige en onveranderlike groothede nie. Die Kerk beskou nie die Afrikaner as 'n meerderwaardige volk bokant ander volke en veral in besonder die nie-blanke volke in Suider-Afrika nie. Die Kerk glo wel "dat God aan elke volk sy eie aard en wese gee, en omdat dit sy besondere gawe is, moet dit deur elkeen hoog geag, gewaardeer, bewaar en bestendig word" (Herderlike Skrywe 1973: 5). Daarmee sê die Ned Herv Kerk dan dat die identiteit en eiendomlikhede van alle volke vir hom, juis omdat hy volkskerk is, van belang is.

Dit is juis vanweë hierdie siening dat daar vir alle volke se identiteit en eiendomlikhede agting en respek moet bestaan, dat die Ned Herv Kerk binne die gekompliseerde situasie in die Republiek van Suid-Afrika, waar verskillende volke en volksgroepe in een staatsbestel en land saam gegroepeer is, vir 'n staatsbeleid van afsonderlike ontwikkeling teen 'n staatsbeleid van integrasie gekies het en nog steeds by die keuse bly (Herderlike Skrywe 1973: 5 en Kerk en Wêreld 2000 1985: 65–67). Bowendien is die situasie nie maar net gekompliseerd nie, maar bevat dit ook 'n botsingspotensiaal wat op 'n tragedie kan uitloop (Coertze 1979: 165). In so 'n situasie is dit feitlik vanselfsprekend dat die Ned Herv Kerk vanuit die volkskerkgedagte in beginsel hoop op 'n politieke beleid wat voorsiening maak vir afsonderlike en gelyke geleenthede (in watter vorm ook al), wat die moontlikheid skep dat die verskillende volke nie in die demografiese pot in Suider-Afrika weggekook sal word nie (Kerk en Wêreld 2000 1985: 66).

Binne hierdie gekompliseerde situasie kan dit ook nie anders as dat die Kerk buitengewone maatreëls nodig sal vind nie, veral ten opsigte van die sending. Want terwyl die Ned Herv Kerk in sy volkskerk-wees ten nouste verbonde wil wees aan die Afrikanervolk en van voorneme is om die eie identiteit van hierdie volk te help bewaar en versterk, aanvaar hy ook onvoorwaardelik sy verantwoordelikheid ten opsigte van die geestelike heil van elke ander volk in hierdie land, waarvan die meeste nie-blanke volke is.

In die *Herderlike Skrywe* van 1973 is dit soos volg verwoord:

> "Hoewel hy homself nie anders ken dan as kerk vir die Afrikaner nie, wil hy die evangelie nie net vir homself hou nie en die kerk van Christus nie beperk tot hierdie volk alleen nie. Hy wil help dat die een kerk van die Here ook onder ander volke gestalte sal aanneem soos wat dit die geval met die Afrikaner is. Daarom aanvaar hy die kerkvorming onder die nie-blanke volksgroepe."

Nou is dit juis hierdie gedagtes wat ten grondslag lê van Artikel III van die Ned Herv Kerk se Kerkwet waar die Kerk uitdruklik verklaar dat hy vermenging of integrasie verwerp, maar kies vir volkskerke vir die verskillende volksgroepe. In die artikel aanvaar die Kerk sy sendingtaak en verwoord in 'n neutedop sy sendingbeleid en sendingmetode: volkskerke. Terwyl die vorming van volkskerke deur baie as 'n gesonde sendingkundige beginsel erken word (Van der Westhuizen 1981), wil die Kerk met die praktiese werkverdeling en werkwyse wat in Artikel III verwoord word, ook in die gekompliseerde situasie 'n bydrae maak dat volke mekaar nie sal verdring nie maar hulle eiendomlikhede sal bewaar, beskerm en bestendig om God nog des te beter te kan dien.

LITERATUURVERWYSINGS

Berkhof, H 1950. *Geschiedenis der kerk.* Nijkerk.

Berkhof, H 1947. *Wat is een Volkerk?* In: *De Hervormde Kerk,* 31 Mei 1947.

Breytenback, APB 1979. *Die waardering van die volkereverskeidenheid in die Ou Testament.* In: *Lidmaatskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Ongepubliseer.

Botha, SJ 1981. *Ds Marie Joseph Goddefroy 1848–1920: Sy lewe en betekenis.* Pretoria-Kaapstad.

Botha, SJ 1982. *Die Belydenis in Kerkregtelike verband In die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* In: *Hervormde Teologiese Studies.* Jg 38 (2 & 3).

Buys, PW 1970. *Die ekklesiologiese onderskeiding Organisme en Instituut as antwoord op die problematiek van die Volkskerk.* Ongepubliseerde proefskrif, PU vir CHO.

Calvinus, J. *Institutio Christianae Religionis.*

Coertze, RD 1979. *Memorandum oor die Volkekundige implikasies van Artikel III van die Kerkwet.* In: *Lidmaatskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Ongepubliseer.

Dankbaar, WF 1957. *Calvijn zijn weg en werk.* Nijkerk.

Dreyer, Joh 1970. *'n Verouderde volkskerkidee.* In: *Die Hervormer.* Jg LX1 (2).

Dreyer, Joh 1960. *Nie doel nie maar middel.* In: *Die Hervormer,* Februarie 1960.

Dreyer, Joh 1961. *Kerk en Republiek.* In: *Die Hervormer,* Julie 1961.

Dreyer, PS 1978. *Revolusie en Tereur.* Arcadia: Boekenhout Uitgewers.

Engelbrecht, SP 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika,* derde druk. Pretoria-Kaapstad.

Engelbrecht, SP 1945. *Neo-Calvinisme – Ontwikkeling en Afwykings.* Pretoria-Kaapstad.

Fiolet, Armand 1953. *Een Kerk in onrust om haar Belijdenis.* Nijkerk.

Haitjema, Th L 1953. *De Richtingen in de Nederlandsche Hervormde Kerk,* tweede druk. Wageningen.

Haitjema, Th L 1939. *Het Erfgoed der Hervorming.* Wageningen.

Herderlike Skrywe van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die lidmate van die Kerk oor sy opvatting met betrekking tot volkereverhoudings in die Republiek van Suid-Afrika, 1973. Pretoria.

Kamphuis, J 1967. *Op zoek naar de Belijdende Volkskerk.* Groningen.

Kerk en Wêreld 2000, 1985. Pretoria: Kital.

Klein, HG 1888. *Algemene Kerk en plaatselijke Gemeente.* Dordrecht.

Kuyper, A 1873. *Confidentie-Schrijven aan de weled. Heer JH van der Linden.* Amsterdam.

Langman, JH 1950. *Kuyper en de Volkskerk – Een Dogmatisch ecclesiologische studie.* Kampen.

Langman, JH 1958. *De Volkskerk I, II, III, IV.* In: *Hervormd Weekblad,* Februarie 1958, bl 140–141, 146–147, 155–165 en 172–173.

Mans, CJ 1962. *Die Owerheid in die Nuwe Testament en by die Reformatore.* In: *Hervormde Teologiese Studies.* Jg 18 (3).

Oberholzer, JP 1960. *Die Apostolaat van die Kerk in hierdie tyd ten opsigte van binne- en buiteland.* In: DJC van Wyk (red) *Stemme uit die verlede,* 1978. Pretoria-Kaapstad.

Oorthuys, G en Kromsigt, PJ 1933. *Grondslag en Wezen der Kerk.* Wageningen.

Pont, AD 1986. *Verbond en Volkskerk.* In: *Hervormde Teologse Studies.* Jg 42 (1).
Pont, AD 1987. *Die vrye kerk. Enkele opmerkings oor die herkoms en inhoud van die opvattings.* In: *Hervormde Teologiese Studies.* Jg 43 (1 & 2) Maart/Junie, 1987.
Reitsma en Lindeboom, 1949. *Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk der Nederlanden.* Den Haag.
Scheers, TPh 1939. *Philippus Jacobus Hoedemaker.* Wageningen.
Van Aarde, A 1979. *Volkeverskeidenheid en die Nuwe Testament.* In: *Lidmaatskap in die Nederduitsche Hervormde Kerk van Afrika,* Ongepubliseer.
Van der Merwe, H 1986. *Noordmans en die Duitse Kerkstryd in Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 27, 3 Julie bl 314–338.
Van der Westhuizen, HG 1981. *Volkskerk en Sending.* Kital: Pretoria.
Van Rooyen, JHP 1964. *Kerk en Staat – 'n Vergelyking tussen Kuyper en Van Ruler,* Groningen.
Van Ruler, AA 1947. (a). *Droom en Gestalte.* Amsterdam.
Van Ruler, AA 1947 (b). *Visie en vaart.* Amsterdam.
Van Ruler, AA 1958. *Heeft het nog zin van volkskerk te spreken?* Wageningen.

Volkskerk as normale kerkbeskouing

HG VAN DER WESTHUIZEN

Die ware betekenis van volkskerk soos gefundeer in die Bybelse kerkgegewens, verskil van die verkeerde historiese konsepte van volkskerk soos dit op sekere terreine van die Duitse en die Nederlandse teologie gevind kan word. Die egte konsep soos dit in die Nederduitsch Hervormde Kerk bedink word, verskil ook van sekere moderne ideologiese konsepte van "people's church" soos byvoorbeeld Canaan Banana in Zimbabwe dit wil beoefen. Graag wil ons met hierdie besinning oor volkskerk in die reformatoriese tradisie van Calvyn, Hoedemaker en Van Ruler staan. Daarby kan ook 'n eie ontwikkeling nie ontken word nie.

Hier gaan dit ook om die inspraak wat uitverkiesing en verbond by die saak van die volkskerk het. Die omskrywing van volkskerk, veral in die lig van uitverkiesing en verbond, bring die volgende vyf aspekte na vore: die grens, die gerigtheid, die opdrag, die taak en die hoof van die volkskerk.

1. GRENSE VAN DIE VOLKSKERK

Die grense van die volkskerk is die kerk. Die grense van die kerk word deur uitverkiesing en verbond bepaal. Redding, verlossing en saligheid, die omvattende nuwe skepping van die mens, is genade van God. Weens die sondetoestand van die mens, waaraan hy aandadig is maar waarin hy hulpeloos is om homself daaruit te lig, is dit louter genade indien iemand tot geloof in Jesus Christus kom.

Deur die geloof in Christus leef die Christen reeds in hierdie bedeling in 'n nuwe lewe en verwag hy die opstanding tot die ewige lewe.

Omdat ons aan die een kant slegs deur hierdie geloof deel kry aan die nuwe lewe en hierdie geloof aan die ander kant genade van God is, weet die gelowige dat sy hele lewe, ja alles, genade is. Hy beleef die almagtige en regverdige God as 'n God van genade.

Die wydheid van God se genade oor ons, word in ons begripsvermoë onbereikbaar by die oorweging van ons beperktheid daarvan. Die inperking deur God self maak van genade, genade. Algemene genade is

'n teenstrydigheid. Niemand sou genade as genade geken het as dit algemeen was nie.

Die geloof in Christus is nie almal se deel nie. Die geloof is die menswording van God se genade en die gelowige is die mensheid van God se uitverkiesing. Geloof as die spruit van genade bestaan uit die waaragtige kennis van die Woord van God, die vaste vertroue in die God van die Woord en gehoorsaamheid aan die Godswoord.

God kom nie anders as deur sy Woord genadiglik na ons toe nie. Die woordelike koms van God is altyd in sy diepste wese – vanweë ons sonde – roepstem. Reeds in die paradys het God na die mens geroep. Hy roep ons uit die sonde uit. Hierdie roepe het 'n hoogtepunt aan die kruis bereik toe Jesus uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U My verlaat?"

Om uit die sonde geroep te wees, gelowig te wees, is die uitverkiesing. Daar is geen menslike grond vir die uitverkiesing nie as net Jesus Christus, dit wil sê die grondelose genade van God.

Niemand word meegevoer deur God se roepe as God hom nie meesleur nie (Joh 6:44), maar niemand word weggevoer na die oordeel as hy deur God genadiglik tot die geloof bestem is nie (Hand 13:48).

Die diepte van die verbond is dieselfde as die uitverkiesing. Daarom is die verbond in sy diepste dieselfde genade as die uitverkiesing. Maar tog is verbond en uitverkiesing nie dieselfde nie. Die verbond is breër as die uitverkiesing. Uitverkiesing spreek van genade. So ook die verbond. Maar die verbond spreek daarby ook van oordeel by verbondsontrou. Omdat verbond en uitverkiesing in genade dieselfde is, is dit in hierdie opsig in volgorde omruilbare begrippe.

Die verbond is God se verbintenis met die mens waarbinne sy genade historisiteit ontvang.

Net soos die begrip uitverkiesing in die Bybel 'n verskeidenheid betekenisse het, so het die begrip verbond ook 'n verskeidenheid betekenisse.

Onder uitverkiesing kan die Bybel soms bedoel 'n bestemming tot een of ander diens of taak, van een of ander individu of groep of volk. Selfs van engele word as uitverkore gepraat (1 Tim 5:21). Uitverkore kan ook bloot die betekenis hê van bevoorregting. Miskien is daar dikwels op die klank van die woord af verkeerdelik elke keer waar die woord uitverkiesing voorkom, gedink die Bybel handel oor die ewige begenadiging. Onder uitverkiesing bedoel hierdie skrywe die hele saak van die ewige begenadiging teenoor die feitlikheid van 'n verdoemenis.

Omdat uitverkiesing meer is as lotsbepaling, totale lewensbeskikking is, roep dit tot verantwoordelikheid by die mens. Uitverkiesing is roeping, 'n verbond tot gehoorsaamheid (2 Tess 2:13; 1 Pet 1:2).

Die Bybel praat in 'n groot verskeidenheid betekenisse van verbond:

verbond of ooreenkoms tussen individue – vriende of meer formeel; kontrak tussen partye – soos huweliksgenote; verdrag tussen volke of tussen 'n groot koning en klein konings. Voortvloeiend uit verdrae tussen 'n groot koning en onderdaan-konings, kom 'n verskeidenheid aspekte na vore, soos vasal- of afhanklikheidsooreenkomste, beskerming-ondernemings, diensbaarheid, beloftes, straf en so meer.

God se verbintenis met mense met die oog op ewige begenadiging is die snylyn van die hele Bybel. Die ewige verbond tussen die Groot Koning by die skepping en sy verteenwoordiger op aarde, wat die aarde moet onderwerp, regeer, bewerk en bewaar, het vanweë die sonde historisiteit verkry. Soos tye en omstandighede vanweë die geskiedenis verander, het God sy verbondenheid met mense met die oog op die ewige begenadiging aangepas. Hierdie verskeidenheid van administrasies is slegs faseologies en raak onderdele en detail, nie essensie en hoofsaak van die verbond nie. Die Adamistiese belofte dat die mens die slang se kop sal vermorsel, is as 'n belofte van herstel van die skeppingsheerskappy van die mens onder die heerskappy van God, 'n terugkoppeling na die ewige verbond. Die Noagitiese verbond openbaar die ruimte wat God in die geskiedenis gaan bewaar om sy ewige verbond histories te realiseer. Elke volgende administrasie van die verbond, byvoorbeeld met Abraham, die Sinai-verbond, die Moabitiese, en die Nuwe Verbond in Jesus Christus, het behalwe die historiese inhoud, waarde en vreugde, die ewige begenadiging van uitverkorenes op die oog. Daarom word hierdie verbond tussen absolute ongelyke vennote, deur God se inisiatief en bewaring, 'n genadeverbond genoem. Die diepte daarvan is soos die uitverkiesing alleen genade.

God werk egter histories. Daarom is uitverkiesing sy wondergebeure in die wêreld; en verbond is omgewingsgekleurd. Volke as 'n wêreldverskynsel en 'n mensdomlike omgewingseienskap, is historiese weë en adresse om die ewige begenadiging te realiseer.

Geen wonder dat die voertuig wat God wil gebruik as 'n tydelike tuiste vir sy gelowiges om die mensdomweë te bevaar en die mensdomadres te bereik, die kerk, ook volk genoem word nie. Kerk en volk het so baie met mekaar gemeen. Maar in dieselfde mate waarin kerk en volk ooreenkom, verskil hulle in omgekeerde orde totaal van mekaar.

1.1 Volk en kerk

Die term "volkse kerk" (Heyns 1977:217) is behalwe gedwonge om tog van die term "volkskerk" weg te kom, ook 'n grammatikale oorbeklemtoning van 'n besitlike element wat totaal onbedoeld die kerk as eiendom van die volk kan kommunikeer. Met volkskerk kan dus ook nie bedoel word dat volk en kerk identies is nie, maar dat die kerk as

volk van God in 'n volk lewe. 'n Volk in 'n volk; waarvan die eerste volk die beginsel van die tweede volk is – die tweede volk in redding.

Die grense van die volkskerk is dus nie die volk van die volkskerk nie. Onder volkskerk het baie mense baie dinge, ook en veral onaangename dinge, verstaan. Maar alles wat onder kerk verstaan word, wat bots met die Bybelse kerkbeskouing, moet ook by die volkskerk verwerp word.

Die volkskerk se grense is nie die volk nie. Dit is nie 'n volksomsluitende kerk of 'n kerk wat deur kultuur, tradisie of volksgrense bepaal word nie. Indien die kerk die grense van die volkskerk is, is 'n opvatting wat meen dat kerk en volk tot een organisasie moet saamgroei, foutief. Die klem en die kwalifikasie van die saamgestelde woord volkskerk lê op kerk en nie op volk nie. Die volkskerk waarteen Kuyper in Nederland rede gehad het om te velde te trek, het die onderskeid tussen volkslewe en kerklewe gelykvormig gemaak.

By volkskerk mag die gedagte van oerdomlike bindinge van bloedverwantskap en bodemgebondenheid, nooit kwalifiserend vir die kerk word nie. Die negentiende-eeuse Duitse teoloë het soms so 'n kwalifiserende klem op die volk van volkskerk gelê. Dink maar aan G Warneck, K Graul, Heinrich Frick, Bruno Gutman, Siegfried Knak en Christian Keysser. Aan die ander kant kry ons vandag met al die nasionalistiese vryheidsbeskouings, gepaardgaande met 'n verwaterde, onbybelse, sinkretistiese, ekumeniese gees, ook die gedagte dat kultuur, tradisionele godsdiens en sosialistiese opvattings kwalifiserend vir 'n sogenaamde "people's church" kan wees (Van der Westhuizen 1981:24).

Niks meer, minder of anders as wat die Bybel van kerk sê, mag 'n volkskerk wees nie. Omdat sy grense kerklik is en nie volksmatig nie, kan 'n volkskerk baie klein in vergelyking met 'n volk wees. Wanneer 'n kerk immers in 'n heidense volk met kersteningwerk begin, is die kerk wat reeds volkskerk kan wees, maar klein. 'n Kerk word nie 'n volkskerk wanneer hy 'n groot kerk in die volksbestaan is nie. Omdat volkskerk en volk nie dieselfde grense, kwalifikasies en eienskappe het nie, kan daar meer as een volkskerk in een volk wees. Indien daar teologiese aanvaarding van meer as een kerklike organisasie in dieselfde volk is, moet daar ook akkommodasie vir meer as een volkskerk in 'n volk kan wees. Die grootte van 'n kerk ten opsigte van 'n volk bepaal nie die volkskerklike nie. Net so bepaal die getal volke ook nie die getal kerklike organisasies nie.

Omdat 'n volk, miskien vandag al effens anders as in Calvyn se tyd, uit meer as een milieukomponent bestaan, sou meer as een volkskerk in 'n bepaalde volk nie prinsipieel onmoontlik wees nie. In wese is daar maar een kerk in 'n volk en in die ganse mensdom op aarde. Die meerdere kerkformasies hang saam met die welwese van die kerk.

Sodat die kerk met sy roeping en as geestelike tuiste kan indring in al die verskillende milieukomponente van 'n volk, indien 'n volk uit so 'n verskeidenheid bestaan, sal meer as een kerkformasie aanvaarbaar wees. Dit moet natuurlik nie die wesenlike eenheid ontken of ondergrawe nie, maar beleef.

In vroeër tye het kerke soos die Rooms-Katolieke Kerk en die Oosters-Ortodokse Kerk bo-oor volksgrense ontwikkel. Die vraag is waarom – indien dit dan so normaal is vir die kerk om volkskerk te wees? Kortliks moet drieledig hierop geantwoord word. Eerstens was daar in vroeër tye nog nie sprake van volke in die presiese sin wat ons vandag oor volke praat nie. Daardie tyd was daar wel groot komponente van totaal verskillende kultuurgemeenskappe. Vandag praat ons sterker in die gees van nasionalisme van verskillende volke, selfs in die geval van kultuurfamilie-komponente soos die Duitsers, Nederlanders, Belge, Vlaminge, Afrikaners en so meer. Tweedens het die genoemde kerke selfs bo-oor die klowe van totaal verskillende mensegroepe beweeg, maar sy eie seremonies en selfs taal, Latyn, soos in die geval van die Roomse Kerk, behou. Op hierdie wyse het die kerk nie waarlik sy roeping vervul nie maar kultuuroordrag, al was dit ook beperk, in plaas van evangelie-oordrag in al die geledinge van die nuwe gemeenskap in, beoefen. Derdens is dit so dat die kerk waarlik oor die grense van volke na ander volke toe móét gaan. Die kerk is tog katoliek, algemeen. Maar dan gaan hy nie bo-oor die grense en daarmee met sy eie vorige kultuur bo-oor die kultuur van die nuwe volksterrein nie. Die kerk gaan oor die volksgrense heen om immers dissipels te maak van al die nasies – maar nie om een nasie te maak van al die dissipels nie. Sedert die tyd van die Reformasie, toe daar begin is om die Bybel in al die volkseie tale te vertaal, het die egtheid van die beskrywing van die kerk as volkskerk na vore kon tree. Hiermee is dit duidelik dat die kerk nie 'n eie, objektiewe en altyd geldende begrip het van wat die taal of hoe die volk moet wees waar hy gaan werk en leef nie. Volkskerk beteken juis aanpassingskerk. Sy wese, roeping, funksie en gehoorsaamheid kom uit die Woord van God. Daarom beoefen hy geen natuurlike teologie of geskiedenisteologie nie.

Maar sy formasie, organisasie, metode en wyse moet medebepaal word deur sy milieu. Die woord *volkskerk* sou miskien selfs vervang kon word met 'n beter woord, indien daar vir die tyd en omstandighede een is, soos byvoorbeeld milieukerk, sonder om die begripslading van volkskerk te verloor. Onder dié begrip is die kerk wêreldkerk – want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy Seun gestuur het. Die kerk is egter nie 'n wêreldse of verwêreldse kerk nie. Die kerk bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. Die kerk is nogtans op die aarde, in die wêreld.

Daar moet onthou word dat die kerk in verstrooiing altyd één in 'n volk en in die wêreld is, terwyl die kerk in vergadering (insluitende organisasie, strukture en bedieningspatrone) veeltalig en veeltallig kan wees.

Die grense en kwalifikasies van die volkskerk kom, sowel vir die volkskerk in verstrooiing as die volkskerk in vergadering, van die Bybelse grense en kwalifikasies vir kerk. Maar die feit dat die kerk altyd bestaan, ook as hy nie êrens in vergadering is nie, dit wil sê in verstrooiing bestaan, beklemtoon die volkskerklike van die kerk. Die gewone en normale natuurlike leefruimte van die kerk in verstrooiing is die volkslewe.

Net soos 'n volkskerk klein in verhouding tot 'n volk kan wees, soos byvoorbeeld gedurende die ontstaanstyd van 'n kerk in 'n volk, so kan 'n volkskerk egter ook groot in verhouding tot die volk wees. Dan is dit nog nie sy grootheid wat sy volkskerklikheid bepaal nie. Of 'n volkskerk in verhouding tot die volk groot of klein is, sy grense word steeds kerkmatig en nie volksmatig nie, bepaal. 'n Volkskerk kan so groot word dat dit in 'n volkstaat by owerheid en staat tot in die hart toe binnedring. In daardie geval sou die staat van die owerheid se kant af bepaalde erkenning byvoorbeeld in wette, openbare optredes en so meer aan die kerk verleen. Op hierdie wyse kan 'n volkskerk ook 'n staatskerk word. Maar daarmee is volkskerk en staatskerk nie sonder meer en altyd dieselfde nie. 'n Staatskerk is nie 'n kerklike of volkskerklike gegewenheid nie, maar 'n staatsgegewenheid, 'n owerheidsbepaling. Waar 'n staat byvoorbeeld uit meerdere volke bestaan, 'n staatsvolk vorm, sou die kerk nie 'n staatskerk in die normale sin van volkskerk kan wees nie. Waar 'n staat imperialisties volke inpalm, sou 'n staatskerk kolonialisties wees, maar nie volkskerk nie. 'n Volkskerk is vanweë sy grense, opdrag en gerigtheid nie imperialisties, bowenasionaal, antinasionaal of internasionaal nie. Hy is intranasionaal en wil die volk in al sy geledinge kersten tot 'n Christelik-nasionale bestaan.

Die vraag sou maklik gevra kan word waarom dan van volkskerk gepraat word indien die grense daarvan gewoon die grense van die kerk is en die Bybel gewoon van kerk en nie van volkskerk praat nie. Hierop gee die opdrag en die gerigtheid van die kerk antwoord.

2. OPDRAG VAN DIE VOLKSKERK

Die opdrag van die volkskerk is die opdrag van die kerk, naamlik volke en nasies. Die opdrag van die kerk is die mensdom. Maar die Bybel gebruik altyd die terme van die normale natuurlike indeling van die mensdom. Die kerk moet na die nasies toe om by die mensdom uit te kom.

Die terme stamme, volke, tale en nasies is in die Bybel baie bekend. Volgens Matteus 28:19 het Jesus aan sy dissipels, en daarmee aan die kerk, gesê: "Gaan dan na al die nasies toe ..." Hierdie opdrag eggo aanhoudend deur die Woord van God. Gesien die uitverkiesing as roepstem van God wat deur die verkondiging van die kerk gerealiseer word, is die opdrag wat soos 'n refrein uit elke Bybelboodskap klink, te verstane. Tot in die laaste boek, Openbaring, kom hierdie opdrag in dieselfde terme voor. Neem maar as voorbeeld Openbaring 10:11: "Jy moet weer God se boodskap aangaande baie volke, nasies, tale en konings verkondig."

Teen die agtergrond van die Ou Testament word in Openbaring en soms in die res van die Nuwe Testament (byvoorbeeld met Pinkster) met stamme, tale en nasies, waarskynlik nie in die eerste plek die volke-indeling van die mensdom bedoel nie (Op 5:9; 7:9; 11:9; 14:6). Dit is eerder eerstens 'n verwysing na Israel. Israel word as 'n mikro-wêreld gesien en in sy totaliteit beskryf as stamme, tale, volke, nasies en konings. Die profeet Jeremia is byvoorbeeld as profeet vir Juda, hoogstens ook vir Israel, met sy profetiese opdrag belas. Tog lees ons van hom: "Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel" (1:5). In vers 10 word gesê: "Kyk, Ek stel jou vandag aan oor nasies en oor koninkryke om af te breek en uit te roei ..." In vers 18 kom dit duideliker uit dat Jeremia profeet in Juda is en tog word daar weer van die meervoudige konings gepraat: "Ek maak jou vandag 'n vestingstad ... teen die konings (nuwe vertaling: koningshuis) van Juda ..." Vergelyk ook Esegiël 2:3 en Deuteronomium 32:8.

Israel op wie die term volk slaan, is volgens ons moderne beskouing één volk, tog spreek Psalm 2 in vers 1 en 8 ook van nasies en volke. In Psalm 56 vers 8 spreek die oorspronklike van *ʿammīm*, volke, wanneer Dawid God se toorn teen sy vyandelike individue projekteer. Dat Israel eintlik primêr op die oog is by die kategorieë stamme, tale, nasies en koninkryke wat dikwels in een of ander kombinasie met mekaar in die Bybel genoem word, dui die benaming stamme, verwysend na die bekende twaalf stamme, duidelik aan. Handelinge 4:27 praat van die nasies en volke van Israel met wie Herodes en Pontius Pilatus teen Jesus saamgespan het.

Openbaring 10:11 en waarskynlik in 'n mate ook Matteus 28:19, is 'n opdrag om die verlossingsboodskap aan die totaliteit van Israel te bring. In gemeenskap met die mikrowêreld van die Israelitiese olyfboom word die makrowêreld van nasies, tale en koninkryke as indeling van die mensdom bedoel – soos dit as wilde olyftakke (olienhout) op die olyfstomp ingeënt kan word.

Die opdrag van die kerk omvat die volke. Maar die volke of 'n volk omvat nie die kerk nie. Daarom is die kerk volkskerk omdat sy opdrag die volke omvat. Indien dit net die omvang van die opdrag was, die volke, wat die volkskerk as term gemunt het, sou ons net sowel kon praat van volkekerk. Omdat meer nog as die omvang van die opdrag, die gerigtheid van die opdrag die volkskerkgedagte vorm, is die term volkskerk veel ryker en diepsinniger as die term "volkekerk" of "volkerekerk" van W J Snyman (Van Wyk J H 1985: 14).

Volke is nie maar net in die algemeen en verbygaande die adres waarby die kerk 'n boodskap aflewer nie. Elke volk is 'n besonderse adres, waar die kerk moet binnegaan en inwoon. Die saad van die Woord van God wat in 'n volksdeel die kerk van Christus plant, is die saad waarin daardie volksgeheel ewig behoue bly (Jes 6:13; Matt 24:14; Rom 11:26; Op 7:9; 21:3,26). Die kerk is nie die ewige koninkryk nie. Die kerk van vandag bestaan nie in die ewigheid nie. Die kerk is 'n tydelike aspek van die koninkryk van God.

2.1 Ewigheidswaarde

Om misverstand te vermy moet ons eerstens ingaan op die begrip *ewigheidswaarde*. Hierdie woord, waarvoor sommige teoloë vandag in verband met die kerk, baie lief is, moet liewers nie gebruik word nie – as dit nie gekwalifiseer word nie. Soos 'n groep teoloë die kerk ewigheidswaarde toeken, so is daar weer ander wat aan volke ongekwalifiseerd ewigheidswaarde toeken.

Beide kerk en volk het ewigheidswaarde – in die sin van ewigheidsbetekenis.

Die ewigheidsbetekenis van die kerk lê klaar en helder in die feit dat daar buite die kerk van die Here geen saligheid is nie. Die kerk as die aardse liggaam van Christus, sy hemelse Hoof, is die bedieningsruimte van die ewige lewe. As deel van die kerk is ons erfgename van die koninkryk van God. Die saak van die kerk is 'n ewigheidsaak. Maar die kerk van hierdie saak is tydelik. Die saak van die kerk is: in die kerk is God se ewige volk, sy ewige kinders, die ewige bruid van Christus. Die kerk het baie beslis ewigheidswaarde in die sin van ewigheidsbetekenis.

Die kerk as sodanig het egter nie ewigheidsbestaan nie. In hierdie verband moet ook noukeurig na ons belydenisskrifte en die reformatoriese tradisie gekyk word.

Die *Heidelbergse Kategismus*, Sondag 21 antwoord 54 sê van die kerk: "Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n

lewende lid is, en ewig sal bly." Die Kategismus sê nêrens dat die kerk ewig is of in die ewigheid sal bestaan nie. Daar word wel gesê dat die kerk van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader word. Daarby word die geloofsbelydenis uitgespreek "dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly". Die geloofsvertroue van 'n ewige lidmaatskap van die kerk sê alles oor my verhouding met die ewige saak van die kerk. Dit sê egter niks oor 'n ewige eksistensie van die kerk as struktuur nie.

Die teksverwysings van die Kategismus bevestig juis dat met hierdie ewige lidmaatskap van die kerk die volharding van die heiliges bedoel word – soos die *Dordtse Leerreëls* sê: "Hulle het hieroor sekerheid volgens die maat van die geloof waarmee hulle seker glo dat hulle ware en lewende lede van die kerk is en altyd sal bly en dat hulle vergifnis van sondes en die ewige lewe het" (DL V.9).

Die eerste Skrifverwysing van die Kategismus is Psalm 23:6: "... en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae". Hier is geen ewigheidsbestaan van die kerk ter sprake nie. Die saak van die kerk, naamlik die huis van die Here, sal tot in lengte van dae wees.

Die tweede Skrifverwysing bevestig dat die gelowige 'n ewige vertroue op God het: "dit is Hy wat julle ook end-uit sal laat vas staan, sodat daar geen aanklag teen julle sal wees op die dag dat ons Here Christus kom nie. God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here" (1 Kor 1: 8,9).

Dieselfde moet van die volgende Skrifverwysing gesê word: "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie" (Joh 10:28). Die saak van die kerk, naamlik die ewige lewe, is ewig. Die kerklike deel van die saak is egter tydelik.

Ook 1 Johannes 2:19 en 1 Petrus 1:5, die laaste verwysings van die Kategismus, handel oor wat konfessioneel genoem kan word die volharding van die heiliges en nie oor 'n ewige bestaan van die kerk as sodanig nie.

By noukeurige ondersoek van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, Artikel 27, blyk dit dat dit die presiese inhoud is wat ook in die Kategismus weerklank vind: "Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld en sal daar wees tot aan die einde toe, soos daaruit blyk dat Christus 'n ewige Koning is wat nie sonder onderdane kan wees nie." Wat die bestaansduur van die kerk betref, word hier verwys na die begin van die wêreld tot die einde van die wêreld. Die saak van die tydelike kerk is egter die ewige koningskap van Christus. Dat Hy nooit sonder onderdane is nie, is die troos van die kerk wat soms onder vervolging en afval verkeerdelik dink dat daar geen kerk meer is nie. Christus hou sy kerk in stand, vergeefs die hel se woede.

Enkele aanhalings uit die reformatoriese teologie sal hierdie saak afdoende belig.

Calvyn praat in sy Institusie 2 15 3 oor die lewensduur van die kerk binne die tydelike bedeling:

> "So dikwels as wat ons dus hoor dat Christus met voortdurendheid van die kerk deur so 'n bystand onderskraag word sodat die kerk tog te midde van die stormagtige woelinge waardeur dit voortdurend gekwel word, en te midde van ernstige en verskriklike beroeringe wat dit met ontelbare rampe bedreig, ongedeerd bly ... Omdat Hy wat in die hemel woon, sterk genoeg is om hulle aanslae te verbrysel, verseker Hy die godvrugtiges van die voortdurende behoud van die kerk ... Daaruit volg dat dit onmoontlik kan gebeur dat die duiwel met die hele toerusting van die wêreld die kerk ooit kan vernietig, omdat dit op die ewige troon van Christus gegrondves is ... Wanneer (een van ons) hoor dat die kerk nou deur die hand van Christus beskerm word, moet hy die volle vrug van hierdie genade in die tyd wat kom, verwag" (Calvyn 1986:651).

Karl Barth (1948:129) sê: "Wenn das Reich Gottes gekommen sein wird, wird die Kirche nicht mehr sein ..."

Karl Barth (1960:118–119) brei oor hierdie saak nog verder uit:

> "The Church announces the Kingdom of God, she is not the Kingdom of God. Her *raison d'être* is found only within the extent of this intermediary time when the victory of God has been declared, but has not yet been made manifest in glory ... But in the Kingdom of God there shall be no Church any longer (Cf Rev 21:22) ... The body of Christ shall continue to exist, of course, but not under the aspect of the Church. The Church is the temporal aspect of the body of Christ and its members. As such, she bears every stamp of human imperfection. She lies under the sign of the 'Not yet'. The Church is a provisional aspect of the Kingdom of God."

Die twee aanhalings van Karl Barth is doelbewus uit sy kommentaar op 'n belydenisskrif van die kerk gedoen.

Dr G C van Niftrik (1953:239), die bekende Nederlandse dogmatikus, sê oor die kerk: "De Kerk is niet het Koninkrijk Gods. Als het Koninkrijk Gods zal gekomen zijn, dan zal de Kerk er niet meer wezen (Op 21:22) ... De dwepers en idealisten aller tijden zijn met dit voorlopige karakter der Kerk nooit tevreden geweest ..."

Tereg sê prof A van Selms (1951:27): "Neem de prediking en de

sacramenten weg, en de Kerk is geen Kerk meer". Wanneer die prediking nie meer nodig is nie, is die opgawe en daarmee ook die gawe van die kerk as sodanig afgehandel. Karl Barth (1960:118) stel in hierdie verband: "Than (in the Kingdom of God), Jeremiah's prophecy shall be accomplished (31:34): 'And no longer shall each man teach his neighbour and teach his brother, saying 'know the Lord' for they shall all know me, from the least of them to the greatest says the Lord.'"

Laastens 'n aanhaling van prof J A Heyns (1977:201, 202):

> "Hierteenoor sou daarop gewys kon word dat die afgestorwenes nêrens in die Skrif *kerk* genoem word nie en ook nie voldoen aan die vereistes wat vir die kerk gestel word nie. In die visioen van Johannes in Openbaring 7 word nie van kerk gepraat nie, maar van 'n *skare* terwyl die feestelike vergadering van Hebreërs 12:23 hulle *nie* in die hemel bevind nie, maar daar slegs *opgeskrywe staan* (vgl Luk 10:20; Fil 4:3; Op 13:8) ... Die Bybelse beeld van die kerk is dié van 'n strydende kerk wat daagliks triomfeer, en 'n triomferende kerk (hier en nou – H G vd W) wat daagliks moet stry."

In Openbaring 21:22 word na die tempel verwys wat nie meer in die Nuwe Jerusalem sal wees nie. Die tempel het vir Israel simbool met allerlei betekenisse geword. In Jeremia 7:4 is die tempel vir Israel byvoorbeeld onregmatig 'n simbool van veiligheid. In Johannes 4 onder andere word dit duidelik dat Jerusalem, waar die tempel is, deur Israel beskou is as die plek waar of waarheen aanbid moet word. Daniël se venster in Babilonië kyk na Jerusalem toe (Dan 6:11). Die tempel met die omvattende en onafgebroke tempeldiens van die priesters, was die plek waar God ontmoet kon word. Hierdie werklikheid is egter deur die Jode aan die een kant geformaliseer asof God outomaties daar teenwoordig is. Aan die ander kant het die Jode God se teenwoordigheid ingeperk en tot die tempel gelokaliseer – iets waarteen Salomo by die inwyding van die eerste tempel al gewaarsku het (1 Kon 8:27). Jesus het die Gees en die waarheid in die plek van die tempel kom stel (Joh 4:21, 23). Stefanus het met sy aansluiting by Salomo se inwydingsgebed van die tempel (Hand 7:47–50) die wissel gevorm om die Nuwe-Testamentiese kerk van 'n tempeldiens oor te skakel na aanbidding op enige plek en tyd op aarde. Wat dus van die tempel ná Christus reeds totaal tot niet is, is die priesterdiens. Christus, ons Middelaar, het alle priesters oorbodig gemaak – en almal priesters gemaak. Die priesters is nou nie meer in die tempel nie; die tempel is nou in die priesters (1 Kor 3:16,17; 6:19; vgl ook Ef 2:21).

Die vroeë Christene wat moes vlug van die tempel af, en seker as Jode 'n heimwee daarna gekoester het, is vertroos dat die tempel nie meer

nodig is nie. Later moes hulle ook ervaar en verneem dat die tempel verwoes is. Die openbaring dat die nuwe Jerusalem geen tempel het nie, was vir die Christene tot troos. Hulle geloof is nie tempelgeoriënteerd soos die Joodse geloof was nie.

Alhoewel ons vandag nog vanweë ons plek- en tydgebondenheid op sekere plekke en tye oor die aarde eredienste hou – daarmee saam vind ons immers die merktekens van die ware kerk – sal die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde geen plek- of tydgebondenheid in die aanbidding van God hê nie. Soos daar geen tempel meer sal wees nie, wat nou al nie meer nodig is nie, so sal daar ook geen tyd- en plekgebonde kerkgestaltes meer wees nie.

Die kerk het dus ewigheidswaarde in die sin van ewigheidsbetekenis, maar nie in die sin van ewigheidsbestaan nie.

2.2 Volke en die Bybel

Ook volke het ewigheidswaarde. Selfs 'n huwelik wat geen ewigheidsbestaan het nie (Matt 22:30), het ewigheidswaarde. 'n Huwelik se ewigheidswaarde lê in sy ewigheidsbetekenis, soos byvoorbeeld dat 'n vrou haar man woordeloos vir Christus kan wen (1 Pet 3:1); dat kinders deur die band van selfs een gelowige ouer aan God behoort (1 Kor 7:14); en so meer. Volke wat basies uit die eenhede van gesinne groei, het ook ewigheidswaarde. Volk is die normale lewensruimte waarbinne ook die gelowige sy hele lewe leef. Hoe sou ontken kan word dat 'n gelowige se volkslewe geen ewigheidsbetekenis het nie? Die geloof sonder die uitwerking daarvan is dood. Ons geloofswerke, ons hele lewe, vind binne die ruimte van volksbestaan en die wyse van volkswees plaas.

'n Ou-Testamentiese wetenskaplike bevind (Breytenbach sj:174): "Die Ou Testament *verplig nie* die handhawing van die verskeidenheid (van volke) nie en dit word ook *nie verbied nie*". Volke is vanselfsprekend. Dieselfde uitgangspunt kom ook in die Nuwe Testament voor. Volke of sosio-politieke groepering word nie in die Nuwe Testament beveel of verbied nie: "In geen een van dié betrokke gedeeltes word die aanwesigheid daarvan (patriotisme) òf veroordeel òf beveel nie" (Van Aarde sj:178). Ook in die Nuwe Testament word die bestaan van volke, soos hulle histories ontstaan, groei, ontwikkel, verander en verdwyn as 'n normale gegewenheid onder die beskikking van God gesien.

Van Aarde (sj:178) stel verder: "Op een plek (Hd 17:26) word verwys na 'n skeppingsreëling waardeur God die verskeidenheid van sosio-politieke groepe gewil het, maar sonder die imperatief dat die handhawing daarvan 'n Goddelike eis is".

Slegs in die gelowiges van 'n volk word 'n volk gered. Die gelowiges van 'n volk maak die ewige omvang van daardie volk uit.

In hierdie verband sal dit voldoende wees om die eksegeet, F W

Grosheide (1954:362), aan die woord te stel: "In Matth 24 horen we, dat in het einde elk volk, wil men de kern van dat volk (naar den regel van Jes 6:13; Rom 11:26), die het eigenlijke van dat volk uitmaakt, tot de volle zaligheid komen kan, omdat het evangelie er is gepredikt, vgl Openb 7:9; 21:26".

Veral twee argumente word teen die gedagte van die ewigheidswaarde van volke gebruik. Eerstens word die vraag gestel in watter stadium van 'n volk die volk ewigheidswaarde het. Dit is natuurlik vir ons beperkte denkvermoë in sekere opsigte 'n groot vraag. Mense beweeg in mindere of meerdere getalle deur migrasie van die een volk na die ander. Gaan so 'n persoon met vervoegde volksverband, of dalk geen volksverband, by een of ander volk gevoeg wees? By watter een dan? Dieselfde probleem duik egter ook by individue op en nie net by volke nie. Nadat 'n persoon 'n gelowige geword het, ondergaan sy karakter en persoonlikheid nog vele ontwikkeling en verandering. In watter stadium of fase van sy lewensheiliging gaan hy op die nuwe aarde lewe? Al hierdie vrae hou verband met foutiewe uitgangspunte in ons beskouing oor die ewige lewe op die nuwe aarde. Twee van die vernaamste onbybelse uitgangspunte is dat die ewige lewe 'n ontfisiese vergeestelikte sal wees, of dat die lewe op die nuwe aarde 'n verstarde of verstolde bestaan van wat nou hier is, sal wees.

Sonder om hier breedvoerig op hierdie twee foutiewe beskouings in te gaan, kan maar net gemeld word dat ons ewige milieu nie verstarring gaan wees van wat ons of 'n volk in 'n stadium in hierdie bedeling was nie. Verstarring is nie die werk van die Heilige Gees nie. Vergeestelikking is ook nie die werk van die Gees as die Voleinder van alles nie. Die werk van die Gees is verheerliking. Hoe die verheerliking van mense of volke of die volheid van die nuwe aarde gaan wees, weet ons nie. Maar ons weet dat volkomenheid, volmaaktheid en perfekte doelmatigheid van alles en almal deel van die verheerliking sal wees (1 Joh 3:2; Kol 3:4; Rom 8:18–26). Ons leef immers in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers; waar alle verhoudinge op geregtigheid berus (2 Pet 3:13). Ons hoef nie te probeer om die ewige heerlikheid met ons beperkte begrip te deurgrond nie. Dit sal in hierdie bedeling nooit slaag nie, en is hoogstens bron vir die ontstaan van ideologieë. Wanneer die Bybel egter die bekende begrippe volk en volke gebruik om iets oor die nuwe aarde te sê, is dit vir ons onmoontlik om te ontken dat volke per kwalifikasie ewigheidsbetekenis het. Die wat- en die hoe-moontlikheid van volke in die ewigheid, is versluier. Daaroor pas swye.

Die tweede argument teen die gedagte van die ewigheidswaarde van volke word gegrond op Deuteronomium 32:8 en Handelinge 17:26, waar gesê word dat God geografiese en historiese grense aan die

bestaan van volke gestel het. Maar die argument dat God miskien die einde van 'n volk wil bereik en die volk dalk téén die wil van God spartel om homself nog te handhaaf, gaan nie op nie. Daar is geen Christelike etiese grond vir so 'n argument nie en dit kan ook nie op die aangehaalde Skriftuurplase gebaseer word nie. Indien hierdie verwerplike argument wat 'n volkome ondergrawing van 'n volkswil is, tog aanvaar moet word, moet dieselfde logika ook op 'n mens se lewe van toepassing gemaak word. Ook 'n mens se lewe is in God se hand (Ps 31:16). Ons lewenstye is ook vasgestel. Deur geen kwelling sou ons byvoorbeeld ons lewe met een enkele uur kan verleng nie (Matt 6:27). Nogtans is die Bybelsgefundeerde Christelike etiek volledig daarop ingestel dat die mens en sy medemens tot op die sterwensoomblik toe alles in werking moet stel wat tot die ontwikkeling, opbou en instandhouding van 'n persoon se lewe kan dien. Die poging tot lewensonderhoud kom in die etiek nooit in botsing met die geopenbaarde wil van God nie. Inteendeel: dit bly opdrag.

2.3 Volke en die Hervormde Kerk

Dat die begrippe ras en volk onregmatig vermeng kan word, is 'n feit. Maar in Suid-Afrika is die Afrikanervolk, in die lig van sy geskiedenis en sy huidige volksamestelling en volksbewussyn, onder andere 'n blanke volk wat nie Swartes assimileer nie. Ook Kleurlinge is vir die huidige nie 'n assimileerbare komponent nie. So ook 'n swart Engelsman, of swart Amerikaner, swart Duitser en so meer. Met Afrikanervolk word hier bedoel die fisiese en/of geestelike nageslag van die Voortrekkers onder wie die Ned Herv Kerk vandag bestaan en leef.

Die kerk bepaal nie volksgrense nie, maar aanvaar ter wille van die kerk se roeping as volkskerk, gegewe of bestaande volksgrense. Indien die kerk besef dat 'n bepaalde volksgrens van 'n bepaalde volk en volke in spesifieke omstandighede, soos die kleurgrens in die geval van die Afrikanervolk, 'n sensitiewe saak vir die betrokke volk is, om watter redes dan ook al, hou die kerk as volkskerk daarmee rekening. Indien vermenging geen probleem meer vir die volk sal inhou nie, soos die ontwerpgrondwet van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek al gelui het, sou die volkskerk stellig nie daardie spesifieke volksgrens wat in belangrikheid verdwyn het, kunsmatig wil herstel nie. Geen volksgrens is vir die volkskerk buite die volkswil om 'n prinsipe of ewige beginsel nie.

Ter wille van sy volksgerigtheid is 'n volkskerk nie teen 'n volk se volksbewussyn nie, maar gaan hy daar in sonder om daarin op te gaan. Daarom aanvaar 'n volkskerk dat ander volkskerke ook kerk van die Here is. Die uitsluiting van 'n gelowige uit 'n spesifieke volkskerk ter wille van die ordelike kerklike lewe binne 'n spesifieke volk, is niks

anders of iets ergers as die uitsluiting van 'n blanke Hervormde lidmaat uit 'n spesifieke gemeente nie. Dikwels wil 'n lidmaat baie graag aan 'n spesifieke gemeente, wat tog ook volwaardig kerk is, behoort, maar omdat hy oorkant die straat woon, kan hy nie. Om meer redes as geloof word hy uit daardie gemeentekerk uitgesluit. 'n Mens word lid van 'n kerk deur lidmaat van 'n gemeente te word. Die Hervormde Kerkwet (1986:1) sê immers: "'n Gemeente is die verskyningsvorm van die Kerk op elke aangewese plek".

Die Hervormde Kerk is verder byvoorbeeld nie verplig om 'n massa lidmate wat uit 'n susterkerk na hom toe wil oorkom, in sy midde te ontvang nie.

Sulke gelowiges kan wat die geloofsvereistes vir kerklidmaatskap betref, volkome wees, maar indien hulle om politieke of ander redes wil oorkom, is die Hervormde Kerk nie verplig om op grond van hulle geloofseienskappe hulle te móét aanvaar nie. Daar is dus verskeie orderedes, buiten die geloofsredes, waarom 'n bepaalde kerkorganisasie nie verplig is om gelowiges in sy eie midde te aanvaar nie. Daarmee sluit hy nie diegene uit die kerk van die Here uit nie. Dit sou hy wel doen indien dergelike gelowiges nêrens anders kerklik kán inskakel nie.

Die Hervormde Kerk het selfs in sy Kerkwet al met hoë prioriteit gestel dat die Kerk nie verplig is om iemand in sy midde te moet opneem nie. Sien byvoorbeeld die Kerkwet van 1937, Artikel 3: "'n Kerkraad is nie verplig om iemand wat met bewys van lidmaatskap van 'n ander Kerk versoek om as lid aangeneem te word, aan te neem nie en vir 'n weiering tot aanneming hoef geen rede opgegee te word nie."

Prof J P Oberholzer (1986: 4) skryf oor die huidige Artikel III: "Kyk tog na die artikel en lees hom soos hy daar staan. Lees hom in sy verband en teen sy historiese agtergrond. Self het ek nie daarmee probleme dat die artikel daar is en dat hy deur die laaste Algemene Kerkvergadering (die 61ste in 1986) so gelaat is nie, maar dan moet hy reg verstaan en reg hanteer word." Die eerlike en ongemotiveerde verkeerd verstaan van die artikel hou verband met die feit dat in die artikel meer gesê word as wat vir lidmaatskap, waaroor die artikel handel, van belang is. Die restant van wat gesê word, is 'n uitvloeisel uit die feit van die Hervormde Kerk se volkskerklikheid. Maar hierdie restant behoort nie alleen in Artikel III neerslag te vind nie, maar in al die artikels en bepalings. Die gees van die hele Kerkwet behoort volkskerklik te wees.

Die volkskerklike benadering hou verband met wat Oberholzer in die reeds genoemde skrywe sê: "Maar daar is wel deeglike Bybelse grond daarvoor dat die Kerk in sy gehoorsaamheid aan sy opdrag, dit probeer doen op 'n wyse wat hy effektief ag."

Dat die volkskerkgedagte nie maar net soos 'n vinger by Artikel III uitsteek nie, maar dat dit die gees van die hele Kerkwet word, behoort dit voorop in die Kerkwet geformuleer te word. Die Hervormdes in ons Kerk praat tans min of meer almal instemmend oor die volkskerkgedagte, maar dit kom nie werklik in die Kerkwet tot sy reg nie.

Daarom moet dit ernstig oorweeg word om al in Artikel I die volgende grondliggend vir die hele Kerkwet te stel:

> 1. Die Kerk
> Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as Christusbelydende volkskerk in die blanke Afrikanervolk grond hom as 'n openbaring van die een heilige, algemene Christelike kerk op die Bybel ...

In Artikel III kan dan normaal oor die gewone vereistes van lidmaatskap gehandel word. Dit beteken dat die woord "blanke" nie in Artikel III herhaal hoef te word nie, en dat die hele motivering by Artikel III kan verval, omdat die inhoud daarvan buitendien op die plek waar dit hoort, in Artikel IX, geskrywe is.

So kan sonder verlies van die Kerk se historiese standpunt, tewens met verbetering van sy standpunt, en tot bevrediging van alle welmenende kritiek, die jarelange studie en die wekelange debatte oor Artikel III beëindig word.

2.4 Identifikasie van die Hervormde Kerk

Aangesien 'n kerk homself in sy Kerkwet se Artikel I identifiseer, is dit vir die historiese agtergrond van die volkskerklike identiteit nodig om nou ook kortliks aandag aan die geskiedenis van die Kerk se Artikel I te gee.

In die Kerkwet van 1862 word slegs 'n historiese identifikasie in die naam, en 'n geografiese identifikasie in die lokalisering, aangegee: "De Nederduitsch Hervormde Kerk bestaat uit al de Hervormde Gemeenten in de Zuid-Afrikaansche Republiek." In 1877 is die artikel met die vermelding van die belydenisskrifte uitgebrei: "De Nederduitsch-hervormde kerk bestaat uit al de hervormde gemeenten in de Zuid-Afrikaansche Republiek. Hare belydenis staat uitgedrukt in de volgende formule: 'de Nederduitsch-hervormde kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek grondt zich op de leer van den bybel, als Gods heilig woord; den Heidelbergschen catechismus; de 37 Artikelen der Nederlandsche geloofsbelydenis en de 5 Dortsche leer-regels, zoals die zyn vastgesteld in 1618 en 1619 te Dordrecht."

In 1904 het die Kerk lidmaatskap in Artikel II beperk tot blanke persone alleen omdat die Zuid-Afrikaansche Republiek wat hierdie

bepaling in sy Grondwet gehad het, in die Anglo-Boereoorlog vernietig was. Maar Artikel I het basies dieselfde as in 1877 gesê – net 'n bietjie beter geformuleer: "De Nederduitsch Hervormde Kerk bestaat uit alle Hervormde Gemeenten in Zuid-Afrika. Zij grondt zich op den Bijbel als Gods Heilig en Dierbaar Woord. Hare belijdenis is uitgedrukt in de Formulieren van Eenigheid, t.w. de 37 Artikelen der Nederlandsche Geloofsbelijdenis, den Heidelbergschen Catechismus en de Dordtsche Leerregelen vastgesteld in 1618 en 1619 te Dordrecht." Dit is 'n beter formulering as in 1877 omdat die Bybel en die belydenisskrifte beter onderskei word. Die Kerkwet van 1910 behou die formulering van 1904 presies so. So is dit ook in 1917 en in 1920 se Kerkwette.

Die Kerkwet van 1925 het drie oppervlakkige veranderings. Eerstens is daar 'n sterk verafrikaansing in die formulering. Tweedens word die geografiese grense vanweë die Kerk se uitbreiding na Afrika vergroot. Derdens word "Dierbaar Woord" weggelaat: "De Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika bestaat uit alle Nederduitse Hervormde Gemeenten in Afrika. Zij grondt zich op de Bijbel als het Woord van God. Haar belijdenis is uitgedrukt in de Formulieren van Enigheid, t.w. de 37 Artikelen der Nederlandse Geloofsbelijdenis, de Heidelbergse Katechismus en de Dordtse Leerregelen, vasgesteld in 1618 en 1619 te Dordrecht."

In 1937 is slegs die proses van verafrikaansing verder voortgesit: "Die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika bestaan uit al die Nederduits Hervormde Gemeentes in Afrika. Die Kerk grond hom op die Bybel as die Woord van God; sy belydenis is uitgedruk in die Formuliere van Enigheid, naamlik die 37 Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, soos in 1618 en 1619 in Dordrecht vasgestel."

Die Kerkwet van 1951 openbaar twee belangrike sake. Eerstens is daar 'n terugkeer na die Nederlandse spelling Nederduitsch. Miskien het die sterk invloed van die Nederlandse kerkregtelike ontwkkeling in daardie tyd daartoe bygedra. Die tweede saak, ook in 'n mate onder voorgenoemde invloed, is die belangrike identifikasiebyvoeging: "... ooreenkomstig sy belydenis openbaring van die een heilige, algemene, Christelike Kerk ..." Die hele artikel lui soos volg: "Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, ooreenkomstig sy belydenis-openbaring van die een heilige, algemene, Christelike Kerk, bestaan uit al die Nederduitsch Hervormde Gemeentes in Afrika. Die Kerk grond hom op die Bybel as die Woord van God; sy belydenis is uitgedruk in die Formuliere van Enigheid, naamlik die 37 Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls soos in die jare 1618 en 1619 vasgestel."

Sommige latere Kerkwette verskil taalkundig 'n bietjie, byvoorbeeld

net met twee kommas. Dit het soms nie 'n komma na "algemene" nie. En dit het soms 'n komma na "Leerreëls". Ligte taalkundige veranderings kom in die afgelope tyd dikwels voor, soos byvoorbeeld dat kerk korrek met 'n kleinletter in die frase "Christelike kerk" geskryf word, en later weer verkeerdelik met 'n hoofletter; dat "formuliere van enigheid" foutief met kleinletters geskryf word; dat "enigheid" (eienskap van enig te wees) te maklik na "eenheid" verander is, en so meer. Ons gee daaraan nou nie verder aandag nie.

Sedert 1979 word die begronding van die Kerk op die Bybel meer beklemtoon: "Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika grond hom op die Bybel as Woord van God. Ooreenkomstig sy belydenis is die Kerk openbaring van die een heilige, algemene Christelike Kerk . . ."

Interessant is dat die woordjie "soos" in die frase "soos in 1618 en 1619 in Dordrecht vasgestel" verval het. Miskien was dit onnadenkend omdat dié woordjie nie net na die Dordtse Leerreëls verwys nie, maar na al drie die betrokke belydenisskrifte; nie soos hulle ná 1618/19 miskien gewysig kon wees nie, maar soos hulle met die Sinode van Dordrecht was.

Die Kerkwet van 1986 lui basies nog soos dié van 1979.

In die identifikasie van die Kerk kom sy volkskerklike karakter egter weinig uitdruklik tot sy reg. Ook dat die Kerk 'n belydende en nie 'n belydeniskerk is nie, kom nie in Artikel I uitdruklik na vore nie. Beide sake lê egter opgesluit, onderskeidelik in die naam van die Kerk en in die verhouding wat tussen die Bybel en die belydenisskrifte gestel word.

Dit sou dus korrek en goed wees om die kerk uitdruklik in Artikel I, soos reeds in die nuwe formulering hierbo voorgestel, as Christusbelydende volkskerk te identifiseer.

2.5 Belydende Kerk

Dat die Hervormde Kerk belydende en nie 'n belydeniskerk is nie, is ook by die volkskerkgedagte 'n belangrike faset. Die belydenis-kerkgedagte ontspring honderd jaar gelede by A Kuyper in Nederland. Hy het die belydenis so 'n groot selfstandigheid toegeken dat dit feitlik as 'n grootheid op sigself van die kerk losgemaak is. Dit moes as 'n akkoord of 'n kontrak vir kerklike gemeenskap dien. By skriftelike ondertekening van hierdie kontrak kon die kerklike kongres in Amsterdam in 1887 bygewoon word. Hoedemaker het tereg hierdie benadering gesien as strydig met Artikel 7 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* se prioriteit en volkomenheid van die Woord. Die klem moet nie lê op die besit van 'n belydenis nie, maar op die Christus-belydende aksie met die belydenis. Ons bely nie ons belydenis nie, maar ons bely

Christus met ons belydenis. Ons moet ons geloof bely en nie maar net geloof in ons belydenis hê nie. Dit gaan in die kerk nie soseer om die kerk nie, maar om die koninkryk. Net so glo ons nie in ons geloof nie, maar ons glo in Christus. Die kerk is nie gegrond op sy belydenis nie, maar op Christus van die Woord. Die Heer van die kerk is nie die belydenisskrifte nie, maar Jesus Christus. Jesus is die hoeksteen. Die apostoliese en profetiese getuienis, die Skrif, is die fondament (Ef 2:20). Die opdrag van die kerk is nie geleë in sy woord, die belydenis nie, maar in die Woord van God. Joh Dreyer (1957: 6) haal tereg Artikel 27 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* in hierdie verband aan en sê: "'die kerk ... is 'n heilige vergadering van die ware gelowiges in Christus wat hulle saligheid in Jesus Christus verwag, omdat hulle gewas is deur sy bloed ...', dan lê daarin opgesluit, dat die kerk noodsaaklikerwys 'n belydende kerk is, wat nie anders kan as om Christus te bely as Heer en Heiland nie."

Die kerk se opdrag is op Christus te bely voor die mense (Matt 10:32). Dit is om Christus ook te verkondig in die wêreld (1 Kor 1:23); te bely in die totaliteit van die volkslewe van elke volk, stam, taal en nasie.

Die idee van die vrye kerk het veral deur die invloed van teoloë uit die NG Kerk en Gereformeerde Kerke wat met Kuyper se teologie kennis gemaak het, in dié twee kerke gegroei. Hoewel hierdie beskouing van die vrye kerk nog vóór Kuyper teruggaan na die Independentisme en tot op die Anabaptisme, het laasgenoemde twee strominge waarskynlik min invloed, buite Kuyper om, direk via die aanverwante denominasies in Suid-Afrika op die twee susterkerke gehad. Dit verklaar histories waarskynlik ook waarom die twee susterkerke nie veel van die Arminianisme wat by die Doperse mense gevind word, ondergaan het nie.

Dat die NG Kerk graag as belydeniskerk bekend wil wees, is algemeen. B B Keet het reeds in 1941 gesê dat alle Gereformeerde kerke belydeniskerke is (vgl Dreyer sj:47). Ook die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika neem die belydeniskerk-stelling in: "In ons kerk is die belydenisskrifte onse grondplan. Daarom is ons ook wel belydenis- en nie belydende kerk nie" (Wedevegia 1957: 6) – Na aanleiding van ds P Snyman, seun van prof W J Snyman, se preek oor 2 Kronieke 3:3. Ook die nuwe kerk wat uit die NG Kerk kom, die Afrikaanse Protestantse Kerk, is in werklikheid 'n vrye kerk. Die feit dat hy homself "'n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners" noem, maak hom nog nie 'n belydende volkskerk nie. Daarom word in hierdie kerk klem gelê op die vrywilligheid: "'n *Lidmaat* word *vrywillig* (uit vrye wil) lid ... dien die Here *vrywillig* ... gee *vrywillig* bydraes ... *verloor nooit sy vrye wil nie* ... 'n *Kerkraadslid* word *vrywillig* ampsdraer ... dien sy gemeente *vrywillig* ... 'n Kerkraad tree *vrywillig* toe tot die ring, tree ook *vrywillig* toe tot

die sinode; mag dus ook *vrywillig* uittree ..." (Die Boodskapper April 1987: 7).

Omdat die begrippe vrye kerk, belydeniskerk, en om dan konsekwent te wees ook die begrip "oop kerk", met mekaar in assosiasie staan, kan dit begryp word dat die Afrikaanse Protestantse Kerk vooraf reeds sê (Voortsettingskomitee 1987: 4): "*Ons glo* aan 'n belydeniskerk binne volksverband ..." Selfs wanneer in die kring van hierdie nuwe kerk oor die verband kerk en volk gespreek word, word die begrip volkskerk noukeurig vermy:

> "Juis omdat Christus sy kerk binne 'n volk plant, dus binne die kultuur en die aard van so 'n volk plant, het so 'n Christenvolk, ook die Afrikanervolk, die roeping om lidmaatskap van sy inheemse kerk vir sy volksgenote te reserveer. Slegs so word die Godgewilde verskeidenheid reg geëerbiedig. KES (Kerk en Samelewing) se 'oop lidmaatskap' maak van 'n volkse (inheemse) kerk 'n internasionale kerk" (Die Boodskapper Junie 1987: 1).

Ten spyte van wat deesdae dalk met belydende kerk bedoel kan word, byvoorbeeld in die geledere van die sogenaamde "Belydende Kring", handhaaf die Hervormde Kerk sy Christusbelydende volkskerkkarakter omdat hy volksgerig wil wees in sy belydenisgebonde Christusverkondiging.

3. GERIGTHEID VAN DIE VOLKSKERK

Die gerigtheid van die volkskerk is die volk. Die volk rig nie die kerk nie en die kerk rig ook nie die volk nie. In beide gevalle sou ons met verkeerde verhoudings tussen volk en kerk te doene kry. Met die volk as die gerigtheid van die volkskerk word bedoel dat die kerk – soos gevorm deur die Woord en Gees van God – gerig is op die volk – soos dit vanweë sy geskiedenis, kultuur en omstandighede bestaan.

Die normale uitgangspunt van die volkskerkgedagte is dat 'n volk 'n Bybelse vanselfsprekendheid is. 'n Volk is meer as 'n versameling van mense. Dit het 'n fisiese dimensie met eienskappe soos ras, kleur, ouderdom, ontwikkelingsfases, bodemgeankerdheid, arbeid en so meer. Dit het ook 'n geestelike dimensie, samevattend genoem die nasionalisme van 'n volk. Dit is die volksgees of volksbewussyn. Hierin kan ons sê, om die beeld van 'n volk as 'n korporatiewe en koöperatiewe mens verder te trek, sit die hart van 'n volk. Die geestelike dimensie inisieer, inspireer, rig en regeer die fisiese dimensie. Uit hierdie bolwerk vloei 'n volk se kultuur voort. Dit is 'n sielsdimensie waarvan taal die lewende asem is.

Dit is uiteindelik die volkshart en gelyktydig deur die volkshart weer die hele bloedsisteem van die volk waarop die volkskerk hom rig.

Wanneer 'n volk in sy hart die wil omdra om Christelik te wees, kry die term Christelik-nasionaal sy ware betekenis. Dit is in hierdie konteks dat die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, Artikel 36, aan die owerheid 'n Christelike ampsplig toeken en dat ds M J Goddefroy reeds in 1888 in die gees van 'n nasionale of volkskerk kan praat (Van der Westhuizen 1981: 22).

B J Engelbrecht (1979: 140) beskryf 'n eie volksverband as bestaande uit vyf elemente: gebiedsruimte ('n eie, vrye vaderland), persoonsruimte ('n eie vrye volk), tydsruimte ('n eie geskiedenis), klankruimte ('n eie moedertaal) en godsdienstige ruimte (inheemse kerke).

Vyandige en vriendelike invloede op 'n volk konsentreer daarop om die gees van 'n volk te besoedel of te veredel. Wie en wat die godsdienstige ruimte van 'n volk binnedring en verower, regeer uiteindelik al die ander ruimtes van 'n volk. Daarom dat 'n volkskerk hom op die binnekamer van 'n volk rig – want Christus is Koning oor die totaliteit.

Toe die Afrikanervolk nog klein en in wording was, op die pad van die Groot Trek, is van hom gesê dat hy 'n Christelike volk is. Daarmee is nie bedoel dat hy in al sy handel en wandel Christelik was nie. Geen volk is Christelik in daardie sin van die woord nie. Selfs nie eens 'n Christen is in 'n dergelike sin Christelik nie. Maar wanneer iemand of 'n volk in die setel van sy wilsbeskikking Christus as sy Koning ag, kan hy in daardie sin Christelik genoem word. Wanneer die Voortrekkers hulle as verbondsvolk gesien het, het hulle ook nie daarmee bedoel dat hulle Israel, 'n nuwe Israel, of die kerk is nie.

Hulle het bedoel dat hulle volkshart ook aan die Verbondsgod verbind is – en daarom moet daarna gestreef word om Christelik te leef. Sarel Cilliers skryf op 23 Augustus 1854 aan die gemeentes in Transvaal: "So dan geliefde laat wij dog goeddoende niet vertragen laad wij dog een leven lyyen so als Cristin kinderen past in betaam daar wij een volk na sijn Name genoemd is mog wij ook in waarheid sijn verbonds volk genaamd word" (Venter 1983: 162).

Dit is goed begryplik dat dié verbondsvolkgedagte die volkskerkgedagte aangemoedig het.

Tereg gee John Dreyer (1954: 16) Van Niftrik hieroor instemmend soos volg weer:

> "Die begrip volkskerk het as agtergrond 'n verbondsleer, wat daar rekening mee hou, dat die verbond 'n groter ruimte aandui as die kring van uitverkorenes. Volkskerk bring tot uitdrukking, dat die Here weet wie syne is, maar dat *ons* dit nie so presies weet nie.

> Volkskerk bring tot uitdrukking die erbarming van Jesus met die skare, wat die wet nie ken nie. Volkskerk reken met die skape wat 'n mens nie so maklik as skape erken nie, omdat hulle van hierdie teologiese stal nie is nie, en wat daar tóg by behoort. Volkskerk reken met 'n objektiewe en universele betekenis van die heilswerk van Jesus Christus, wat verder reik as die uitgesproke geloofsbelydenis van die Kerk."

Die Christene en daarmee die kerk, moet immers die sout van die aarde wees – om al die mense, soos en waar hulle bereik kan word, bewarend, ordelik en suiwerend teen totale bederf te weer.

3.1 Verinheemsing

Toeëiening, waarin die woord "eie" ingebed is, is die werk van die Heilige Gees. Die Gees vernuwe en verheerlik. Hy vernietig nie en vervreem nie. "Hy vernieuwt ons niet naar het beeld van een ander mens, maar naar dat van Christus. Zo roept het werk van de Heilige Geest om ruimte voor de Afrikaanse kerken om zichzelf te zijn, dat wil zeggen om haar eigen identiteit te ontwikkelen" (Juffer 1987: 12). Hierdie toeëiening deur die Heilige Gees kan tereg die proses van daaglikse bekering genoem word. Die *Heidelbergse Kategismus*, Sondag 33, sê dat die ware bekering uit die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens bestaan. Sonder die proses van toeëiening, van kerstening, bly Christus 'n vreemdeling. Omdat Christus mens geword het, maak die inkarnasie dit moontlik dat Hy deur die Gees ons Verlosser in ons eie leefwêreld kan wees. Die Gees wat uitgestort is op alle vlees, herskep en verheerlik ons eie wêreld in gemeenskap met Christus wat vlees geword het. Ons eie wêreld kan nie ontken of verwerp word nie. Dit is 'n Bybels verantwoorde en 'n algemene ondervinding wat Juffer (1987: 13) soos volg bewoord: "Van de onafhankelijke kerken hebben we geleerd dat je de werkelijkheid serieus moet nemen. Je kunt de kulturele en maatschappelijke omstandigheden niet negeren. Anders krijg je blanke christenen met een zwarte huid." In eie taal word 'n volk sowel affektief as kognitief aangespreek.

Aan die ander kant moet steeds onthou word dat die Heilige Gees wat op alle vlees uitgestort is en wat Christus, wat vlees geword het, in ons eie wêreld ons laat toeëien, nie die Gees van die wêreld is nie. Hy is steeds die Gees van Christus. Daarom beteken toeëiening nog altyd 'n toekoms wat 'n diskontinuïteit met die sondige verlede is. Die kruis van Christus hou vir ons 'n breuk met en 'n bevryding van die sonde in.

Die volkskerk wil in sy sendingwerk, graag ook genoem kersteningwerk, erns maak met die verinheemsing van die kerk. Op hierdie saak

gaan ons nie nou weer volledig in nie. Daaroor is breedvoeriger gehandel in: *Volkskerk en Sending* (Van der Westhuizen 1981); *Beter Kontekstualisering van ons Teologiese Opleiding* (Van der Westhuizen 1984); *Verinheemsing en Sinkretisme* (Van der Westhuizen 1988).

Die verhouding kerk en wêreld of kerk en volk of kerk en owerheid, word nie bepaal deur die wêreld, die volk of 'n owerheid nie – maar deur die Woord van God. Hierdie verhouding is nie een waar die kerk bo die volk is nie. Dan sou die kerk soos die Roomse tradisie 'n bovolkse taal, Latyn, moet gebruik! Nee, die kerk is volkskerk en praat daarom die taal van daardie volk. Die kerk is ook nie langs die volk op 'n ander terrein as die volk nie. So 'n Lutherse twee terreine sou dit vir die kerk inderdaad onmoontlik maak om volkskerk te wees in die volle sin van volksgerigtheid.

Veral in die ekumenisme van ons dag, waar alle mense – ongesiens uitverkiesing en verbond – as minstens anonieme Christene gesien word, is die gedagte sterk dat die kerk tog maar latent onder die hele mensdom is waarin elke mens opgevang sit. So 'n onder-verhouding tussen kerk en volk, is nie alleen verwoestend vir die kerk se Bybelse gerigtheid op die volk nie, maar ook vir die kerk self. Volkskerk verdwyn hier saam met kerk, uitverkiesing en verbond. Ook die piëtistiese benadering dat die kerk buite die volk staan, buite die wêreld moet leef, onttrek die kerk uit die samelewing. Hier kan geen sprake van volkskerk wees nie, omdat die gerigtheid van die kerk op die volk omgeswenk is na 'n wêreldvreemde, volksvreemde, lewensvreemde vrome innerlike sielsgerigtheid.

Die mees aktivistiese ontkenning van die volkskerk as kerk gerig op die volk, vind ons by die geesdrywende Anabaptisme. By hulle is die verhouding volk en kerk dat die kerk teen die volk moet wees. Dit is die teenoorgestelde van die volkskerk wat op die volk gerig is. Selfs in ons belydenis word hierdie beskouing afgewys. "Daarom verwerp ons die wederdopers en ander oproerige mense, en in die algemeen almal wat die owerhede en regeerders verwerp en die regterlike mag omver wil stoot, wat die gemeenskap van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense verorden het, in verwarring bring" (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 36).

Die geordenheid van die mensdom in volke, die eerbaarheid wat vanaf die kinderlike eer vir hulle ouers vanaf die gesinne as volkselle na die volk uitbrei en so volksmatig die hele mensdom omvat, die regmatige besit van goedere waar individualiteit, gesinsverband, groepsbelang en volksoewereiniteit deur 'n regmatige owerheid erken word, word deur hierdie antagonistiese verhouding wat ook by moderne rewolusionêre teologieë voorkom, vernietig.

3.2 Verhouding kerk en volk

Die Bybelse riglyn vir die regte verhouding tussen die gelowige of die kerk en die wêreld of die volk, kan met die voorsetsel "in" beskryf word. Omdat die volkskerk op die volk gerig is, gaan hy in die volksgeledinge in. Hy gaan nie op in die volk nie. Die volkskerk is nie van die volk nie. 'n Christen is nie van die wêreld nie, maar in die wêreld. Dit is 'n suiwer heidense verhouding om die volkskerk 'n kerk van die volk te maak. Dan neem 'n volk, of 'n tradisie, of 'n sisteem, soos Swart Teologie inderdaad wil, 'n kerk in en ontdaan hom van sy wesenlike.

Dit is tegnies in 'n mate gewaagd om dus by 'n kerknaam van byvoorbeeld 'n "Nederduitsch Hervormde Kerk VAN Afrika" te praat, in plaas van byvoorbeeld IN Afrika.

Daar sou miskien gevra kan word of 'n volkskerk nie maar dieselfde beoog as die moderne genitiefsteologieë nie. As gemeenskapsteologieë konsentreer hulle tog ook op die eiesoortigheid van 'n besondere gemeenskap se behoeftes. Die een konsentreer op die situasie-analise byvoorbeeld van die onderdruktes, soos die Swart Teologie; die volgende fase konsentreer op die metode om die situasie te beredder, soos die Teologie van die Rewolusie; 'n ander fase het weer meer die doelwit in die oog, soos die Teologie van Bevryding. Die antwoord op die vraag hierbo is: Nee, indien daar iets gemeenskapliks is in wat die volkskerk en die samelewingsteologieë beoog, is daar nogtans 'n hemelsbreë verskil in hulle selfbeeld wat deur die onderskeie taakerkenning gevorm word. Die gerigtheid van 'n volkskerk, naamlik die volk, mag nooit sy taak, naamlik die Woord van God, word nie. Dit is die verskil met die gemeenskapsteologieë, dat hulle gerigtheid meteens ook hulle taak is. Daarom is hulle in werklikheid tydsgeesteologieë.

Omdat die kerk kerk in die wêreld moet wees, moet hy hom op die volke van die wêreld rig. Solank daar volke in die wêreld is, solank die mensdom in volke verdeel is, of wat ons ook al die verdelings sal noem, solank sal die kerk volkskerk moet wees – ter wille van sy gerigtheid. As die mensdom in A- tot Z-volke of -gemeenskappe verdeel is, sal die kerk as A- tot Z-kerke hom op die mensdom moet rig.

Reeds in die Nuwe-Testamentiese tyd het die kerk in sy gerigtheid met differensiasies tussen Jodechristene, heidenchristene, Griekssprekende weduwees, heidensending, Jodesending en so meer, rekening gehou (vgl oa Hand 6:15; Gal 2:9; 1 Kor 7:20; 9:20–22). Merkwaardig is die ooreenkomste tussen die organisasie waarvan Numeri 11 en Handelinge 6 praat om die saak van God in sy volk, Israel en die kerk onderskeidelik, die beste te dien. In Numeri 11 is dit die mense van ander afkoms wat saam met die Israeliete trek by wie die probleem

ontstaan. In Handelinge 6 is dit die Griekssprekendes teenoor die Hebreeussprekendes by wie die probleem ontstaan. In beide gevalle loop dit uit op 'n gemor en 'n gekla. In beide gevalle is die oorsaak van die probleem 'n voedseltekort. In beide gevalle word leiers geïdentifiseer om Moses en die apostels onderskeidelik by te staan. In beide gevalle word hierdie nuwe organisatoriese uitbreiding as onder die leiding van God gesien. In beide gevalle word 'n voltal verkies, naamlik sewentig en sewe onderskeidelik. In beide gevalle is 'n verkiesing nodig omdat die bestaande persone, Moses en die apostels onderskeidelik, alleen nie in staat is om al die noodsaaklike te doen nie. In beide gevalle is die verkose manne vol van die Heilige Gees. In beide gevalle word hulle ook profete of predikers, alhoewel die aanleidende oorsaak van hulle verkiesing nie die brood van die ewige lewe is nie, maar die daaglikse brood. Merkwaardig dat in die geval van die sewetal van Handelinge almal nie-Joodse name dra. Dit dui minstens daarop dat in die kerk daar plek is en selfs voorsiening gemaak word vir die beste bediening en daarmee ook die gelukkigste tuiste van ander kultuurgeoriënteerdes.

Met die bereiking van volke wie se kulture totaal onbekend in Bybelse tye was, vind die omskrywing van die kerk as volkskerk met die oog op die kerk se gerigtheid 'n historiese fondament; wat 'n wesenlike aansluiting by die Bybelse gedagte van huisgemeentes is.

Dit is die ware kerk wat hom by wyse van volkskerk op 'n volk rig om in die volk se hart deur Woord en Gees woning vir die Koning van alle konings te maak.

Wie waarlik besef dat hy 'n uitverkore lid van die verbondsvolk van God is, ly nie aan passiwiteit, fatalisme en onverskilligheid nie. 'n Ware besef baar diepe dankbaarheid waarvan die opvallendste eienskap die onmiddellike vreugde-oorvloei in die beskikbare omgewing is. En dit is die eie volk.

Die volksgerigtheid van die volkskerk is 'n direkte uitvloeisel ook van die opdrag van die kerk wat hy van sy Heer ontvang het. Tereg sê die huidige Kerkwet van die Ned Herv Kerk in Artikel III dat die opdrag van die kerk, gesien volke-omstandighede en die inhoud van die opdrag, op volkskerklike wyse "die beste tot sy reg sal kom . . ."

Aangesien die volkskerkgedagte op gesonde teologiese onderbou staan, kan die Hervormde Kerk hier te lande die volkskerkgedagte nie vir hom alleen toeëien nie. Calvyn, Hoedemaker of Van Ruler (vgl Botha 1973) het nie die volkskerkgedagte op die Hervormde Kerk se Artikel III van sy Kerkwet gebou nie! (Vgl egter Van Wyk D J C 1985: 20). Die teendeel is waar. Die volkskerkgedagte is in ons Suid-Afrikaanse situasie 'n deel van die onderbou van Artikel III. Ook wanneer Artikel

III sou verdwyn, staan die teologiese regverdiging vir die volkskerkgedagte nog steeds.

Artikel III bepaal wel die grense van die Ned Herv Kerk op grond van die volkskerkgedagte, maar nie volgens die volkskerkgrens nie. Die grense van die volkskerk as organisme is die grense van die kerk. Dit is alleen die geloof in Jesus Christus as genadeverbondsgawe wat die kerkgrens bepaal. Die afgrensing van 'n spesifieke volkskerk as organisasie val onder normale omstandighede min of meer saam met die grense van 'n spesifieke volk. Die grense van 'n spesifieke volkskerk word dus nie deur die grense van die volkskerk as normale kerkbeskouing bepaal nie; maar deur die gerigtheid van die volkskerk.

Die Ned Herv Kerk se grense of lidmaatskap sluit Nie-Blankes uit. Dit doen hy omdat hy 'n openbaring van die ware kerk is, maar nie die enigste nie. Aangesien elke spesifieke volkskerk op 'n spesifieke volk gerig is, is 'n volkskerk se lidmaatskap hoofsaaklik tot daardie volk beperk. Indien die situasie van daardie volk dié is van die Afrikanervolk in Suid-Afrika, is dit nodig dat een van die volkskerkmatige begrensinge baie spesifiek genoem moet word. Gevare soos die konflikpotensiaal tussen rasse in Suid-Afrika vereis dit. Aangesien ander blanke volksgroepe soos Nederlanders, Engelse, Duitsers en so meer in die Afrikanervolkslewe assimileerbaar is, en nie dieselfde konflikpotensiaal as die verskillende rasse inhou nie, en nie hier te lande selfstandige volke is nie, is hulle nie pertinent uit hierdie volkskerk uitgesluit nie.

Indien die medici vanweë die verskyning van een of ander virus byvoorbeeld, sê dat 'n gemeenskap vir 'n bepaalde tyd nie in een of ander byeenkoms moet vergader nie, is dit nie Bybels-ver-antwoordbaar vir 'n gemeente om dié opdrag summier te ignoreer en in 'n erediens byeen te kom nie. Die Bybel sê wel dat die onderlinge byeenkoms nie versuim moet word nie, dat daar altyd en reëlmatig deur die gelowiges gemeenskapsbeoefening ook op die wyse van 'n byeenkoms moet wees. Tydelike omstandighede, nie deur die Bybel of die kerk bepaal nie, maar deur die betrokke kundiges geïdentifiseer, spreek hier in sekere sin mee oor dinge wat geloofsake raak. Sonder dat die kerk nou natuurlike teologie bedryf, het hy God en sy naaste lief met die verstand deur verstandig rekening te hou met wat die kundiges van die mediese wêreld sê. Anders kan die gemeente of kerk dalk die volk of die hele mensdom in gevaar stel. Net so is dit ook nie natuurlike teologie of geskiedenisteologie nie wanneer 'n kerk getrou bly aan die Bybel, maar tog rekening hou met wat politieke of staatkundige kundiges hom byvoorbeeld oor konflikpotensiaal sê.

4. TAAK VAN DIE VOLKSKERK

Die taak van die volkskerk is om die Woord van God te verkondig. Dit is 'n verbygaande taak van die kerk wat saam met die kerk histories gebonde is. Omdat die kerk sy taak in historiese verbande, waarvan die volk die natuurlike, normale en algemeen voor-die-handliggende is, moet vervul, is hy 'n volkskerk.

Nie net om na die volke te gaan, en die omstandighede van volkebestaan, en die gevolglike volksgerigtheid van die kerk, bepaal die volkskerk nie, maar ook die taak van die kerk vereis dat hy hoofsaaklik volkskerk moet wees. Dat Jesus die Christus is, die Here is, moet aan elke volk gesê word, soos aan Israel: "Hoor, Israel, die Here ons God is 'n enige Here" (Deut 6:4). Om dit grondig, volledig, aanhoudend en geloofwaardig aan 'n volk te sê, vereis solidariteit met daardie volk. Omdat die kerk daarvoor in die volk moet ingaan en in die midde van die volk, sy kultuur, sy politiek, sy ekonomie en sy ander lewensfasette moet staan, kan hy volkskerk genoem word. Moses (Eks 32:32), Hosea, Paulus (Rom 9:3), al die profete en apostels, was in hul proklamasie van die Godsheerskappy krities, troostend, vermanend, verkondigend en prysend, nie buitestaanders nie. Om nie 'n buitestaander te wees nie, is dit nodig dat Paulus wat 'n Jood is, vir die Grieke soos 'n Griek moet word en vir almal alles. Daarom is die Hervormde Kerk se sendingbeleid volkskerklik sodat by voorkeur, en as dit kan uitsluitlik, 'n eie volkslid onder sy volk kersteningswerk moet doen.

Die taak van die volkskerk is moeiliker maar veiliger as die van 'n vrye of vryblywende kerk. Dit is moeiliker omdat sy taak as uitverkiesingsinstrument suiwer Bybels bepaal moet bly. Hy mag nie met volksinhoude die Bybelse inhoud van sy taak vervang nie. Hierdie risiko bestaan juis omdat hy in die midde van die volk kan vervolk. Dit is dieselfde gevaar dat die kerk in die wêreld kan verwêreld. Om hierdie rede mag die kerk hom tog nie uit die wêreld of uit die volk onttrek nie!

Hierdie risiko moet die kerk loop en die moeilikheid om vir jou eie mense, jou eie volk, jou eie wêreld die kritiese, herskeppende, omvormende en kerstenende Woord van God te spreek, oorwin. Dit het die profete en apostels gedoen – selfs in die aangesig van vervolging, gevangenskap, kruisiging, onthoofding, steniging en so meer.

Die enkele rede waarom die volk, die maatskappy, die owerheid nie vernietig moet word nie en ook nie vyandige voorwerp van die kerk mag wees nie, is omdat dit die skepping van God is. Die herskepping in Christus staan nie ver of weg van die skepping nie, maar gebeur daarbinne.

Die sout van die kerklike lewe bewaar reg en orde wat die enigste

vorm van voortbestaan van die samelewing is. In hierdie orde vind die kerk sy ruimte om in dít wat tydelik bewaar is, ook die nuwe van die ewige bewaring in te dra. Wanneer die lig van die Christelike lewe nie voor die menslike samelewing skyn nie, kan die ruïnes van 'n ordelose nag 'n poortlose buitenste duisternis word waarbinne die ewige lig nooit sal skyn nie.

'n Samelewing of 'n volk waarbinne die kerk hom soutend en ligtend gevestig het, moet met die kerklike boodskap binnegedring word om ordelik en regverdig in al sy sedelike, kulturele, sosiale en politieke geledinge tot verheerliking van God heilig te wees.

Net so min as wat die kerk moet verwêreld, net so min moet die wêreld verkerk. Die kerk is nie belangriker as die wêreld, die volk of die samelewing nie. Die kerk is instrument met die oog op die samelewing. Daarom bid die kerk steeds: Laat u koninkryk kom – nie in die kerk nie maar in die volk, in die mensegemeenskap, op die aarde soos in die hemel. Die kerk is nie net op sigself nie, maar gerig. Die kerk is op grond van sy dissipelskap van Jesus Christus geroepe om apostel te wees na alle mense in al die nasies.

'n Volkskerk moet die volk waarbinne die kerk leef, tot kerkvolk oproep – van die geringste individu en sy handelinge tot die hoogste owerheid en sy wette. 'n Volkskerk is nooit maar net tevrede met 'n vervolgende of 'n neutrale staat waarbinne hy lewe nie. Indien die kerk in so 'n swak posisie van vervolging deur die owerheid staan, kan hy nouliks iets drasties teenoor die owerheid sê. Wanneer die kerk se profetiese taak teenoor die owerheid selfs tot swye gedwing word, moet hy nog steeds minstens vir die owerheid bid.

Omdat die Woord van God 'n oodeel oor 'n sondige mensdom, 'n sondige volk, 'n sondige mens is, is die taak van die kerk om dit te spreek altyd makliker as dit oppervlakkig vanaf 'n buitestaander kom.Omdat die oproep tot bekering 'n liefdeswoord tot behoud is, moet die liefde van 'n volkskerk vir sy eie volk hierdie krisis van vrymoedigheid oorwin. Die Woord en Gees wat vrymoedigheid skenk, stel die volkskerk in staat om sy moeilike taak uit te voer.

Sou die volkskerk hom dus nie aan sy Bybelse kerklikheid hou nie, sal hy in 'n soort burgerlike godsdiens verval. Sou die kerk hom nie hou aan die volk waarbinne hy leef nie, sal hy in 'n soort vryblywende hovaardigheid opstaan.

4.1 Eenheid

Vandag is daar allerlei strominge wat wil hê dat dit onder die taak van die kerk val om één organisasie te word. Die bereiking van so 'n organisatoriese eenheid word dan gesien as die bereiking van kerklike mondigheid en volwassenheid. Kerkvolk en volkskerke moet hiervol-

gens uiteindelik hier en nou in die wêreld een word. Hierdie opvatting verwys na die groeigedagte, onder andere in Efesiërs 2 en Efesiërs 4. Eintlik is hierdie 'n positivistiese humanistiese, en nie 'n teologiese Bybelse opvatting nie.

Die mondigheid van die kerk word nie bereik deur die gesamentlike optrede in menslike organisasie nie. Kerklike volwassenheid is nie die eindpunt van 'n positiewe ontwikkeling of vooruitgang van die organisatoriese kerk nie. Die eenheid van die nuwe mensheid, die kerk, lê nie in die vrye toegang van mense tot mekaar en van organisasies tot mekaar totdat daar een kerklike organisasie is nie! Maar dit lê in die vrye toegang tot die Vader deur die een Gees (Ef 2: 18). Mondigheid en volwassenheid van die kerk word nie bereik deur die eenheid van organisasie nie, maar lê in die werklike eenheid van ons geloof en ons kennis van die Seun van God (Ef 4: 13). Volwassenheid lê in die vastigheid van die geloofskennis. Onmondigheid en onvolwassenheid van die kerk, van ons, is nie geleë in 'n onvolkome eenheidsorganisasie nie, maar in 'n onvolkome kennis van die waarheid. Om in liefde by die waarheid te bly, is om in alle opsigte na Christus toe te groei. In alle opsigte is mondigheid van die kerk geleë in die vaste geloofskennis van die Seun van God. Dáárin is ons, die kerk, dan soos 'n volgroeide mens, so volmaak en volwasse soos Christus. Onvolwassenheid is geleë in 'n gebrekkige en onvaste kennis sodat winde van dwaalleer ons op en af en heen en weer slinger – sonder dat ons kindervoetjies vastigheid vind (Ef 4: 13, 14). Om kerklike volwassenheid in eenheid van organisasie te soek, is juis 'n simptoom van die kinderagtigheid waarvan in Efesiërs melding gemaak word. Onmondigheid van die gelowige en die kerk lê in die wêreldsheid daarvan (1 Kor 3: 1–3; 13: 11).

In die reformatoriese teologie is die begrip van die priesterskap van die gelowiges die paslike vir die sogenaamde mondigheid of volwassenheid waarvan daar in die kerk sprake is. Veral Martin Luther het hierdie begrip van die algemene priesterskap in 'n verskeidenheid van geskrifte breed uitgewerk en sterk beklemtoon. Dit word nie alleen onder andere in 1 Petrus 2: 9 en Openbaring 5: 10 gefundeer nie, maar dit vind onder meer ook neerslag in die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, Artikel 28. Merkwaardig dat op die mondigheid van die gelowiges in die sin van die verantwoordelikheid of plig of amp van die gelowiges in die vereiste geplaas word om by die ware kerk aan te sluit. Kerkeenheid is geleë in waarheid – in afskeiding van die valse kerk. Hierdie volwassenheid van die kerk, as priesterskap van die gelowiges, word in die Hervormde Kerkwet in Artikel VIII gestel. Die kerkvolk is nie leke nie. Paulus sê: "Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê" (Fil 3: 15).

Omdat daar één ware kerk van Jesus Christus is, maar baie volke, is

die één kerkvolk in baie volkskerke versprei. Vir sover hierdie verspreiding 'n verdeling vanweë verskille in leer, waarheidskennis en geloof is, is dit verdeeldheid of verskeurdheid. Vir sover hierdie verspreiding slegs vanweë die verskeidenheid van volke, kulture en beskawings bestaan en nie in wesenlike geloofsverskille nie, is die kerk een. Dit bely ons in die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, Artikel 27: "Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is versprei en verstrooi oor die hele wêreld. Tog is dit met hart en wil saamgevoeg en verenig in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof."

Die positivistiese humanisme in die huidige teologiese debat kom eintlik daarop neer dat die kerk van vandag meer volwasse is as vroeër en dat sy mondigheid eindelik in organisatoriese eenheid moet uitmond. Terwyl die reformatoriese teologie, soos in die Bybel gefundeer, die mondigheid en volwassenheid van die kerk in enige eeu, selfs en veral in die eerste eeu, kan diagnoseer. Want dit is geleë in Woordkennis en die geloofsverhouding tot Christus. Indien kerklike volwassenheid met die evolusie van jare kom, wat dan van tye van vervolging wanneer die kerk klein en selfs ondergronds is? Meen dit die kerk is dan onmondig? Daarteenoor bely ons tog: "Hierdie kerk (die mondige, volwasse, enige, katolieke of algemene kerk) was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde ... En hierdie heilige kerk word deur God bewaar en in stand gehou teen die woede van die hele wêreld, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het ..." (NGB, Art 27).

Waar die waarheid van die evangelie nie onder verdenking is nie, is die mensgemaakte georganiseerde eenheid nie een van die kenmerke van die ware kerk nie. Dit is kenmerkend van die eenheid in waarheid om ruimte te gee vir mense en volke en kulture se eiesoortige inrigting van hulle kerklike uiterlikheid, struktuur, vorm en welwese. Dit is tewens openbaring van naasteliefde om vir mekaar ruimte te bied. Om ruimte aan mekaar se eiesoortigheid toe te laat, vloei uit die wese van die kerk. Waar die evangelie suiwer gepreek word, die sakramente suiwer bedien word, soos Christus dit ingestel het, en die kerklike tug gebruik word om die sondes te straf, hoef kulture, tale, tradisies, gebruike en gewoontes nie vir ander omgeruil te word nie (vgl ook Van der Westhuizen 1987: 20–37).

Dit kan in die heldere formulering van 'n groot Nederlandse teoloog saamgevat word: "Het is een der essentiële momenten in de catholiciteit der kerk, dat zij midden in de wereld staat, zorgende aandacht heeft voor het gehele leven der mensen, de kleur van haar omgewing

aanneemt, van pure catholiciteit ook nationaal wordt ..." (Van Ruler 1978: 134).

Die groot reformatoriese teoloog, Karl Barth, het hom aan die einde van sy lewe baie besig gehou met die verskeidenheid van kerke wat selfs teenoor mekaar staan. Eberhard Busch, 'n assistent van Karl Barth, het hieroor geskryf. C J Mans (sj: 70) som dit in 'n resensie soos volg op:

> "Barth se antwoord hiervoor is dat elke kerk steeds *dienende kerk* moet wees. En as *diens* die hoofsaak is, dan kan die een kerk ook nie vir die ander kerk sit en wag nie. Hy kan ook nie poog om die ander kerk te verander of aan hom gelykvorming te maak nie. Nee, maar hy moet voor sy eie deur vee! Aan die ander kant kan hy ook nie maar sy eie 'Glaubensweise' prysgee en hom tot die ander kerk 'bekeer' nie. Nee, hy moet hom eerstens en veral en altyd weer in nuwe gehoorsaamheid by Christus aanpas, hom tot Hom bekeer. Dus: geen karakterlose eenvormigheid nie maar eenheid deur die geloof in Christus!"

'n Kerk wat nie sy volle aandag aan sy ware dienswerk bestee nie, vind tyd om te kibbel oor oppervlakkighede, soos uiterlike eenheid wat gewoonlik met die verlies van ware eenheid gepaard gaan. Wanneer die kerk die prooi van 'n humanistiese vooruitgangsgeloof word, loop hy die gevaar om nie met begrip en fyn aanvoeling die dinge te kan onderskei waarop dit werklik aankom nie (Fil 1: 9, 10).

4.2 Direktheid van taak

Uitverkorenes, *eklektoí*, en kerk, *ekklesía*, is uitgeroepenes uit volke, nie weggeroepenes nie! Hulle is uitgeroep om in die volke in terug te gaan met God se voortgaande roepstem.

Die veiligheid van 'n volkskerk wat sy Bybelse taak vervul, lê daarin dat hy hom nie voltyds kan besig hou met een of ander kultuuroordrag, hetsy uit die Bybelse tye of uit een of ander sendende kerk se kultuur-milieu nie. Omdat die volkskerk die kultuur, tradisies, gebruiksgewoontes en styl van lewe van die volk aanvaar, kan hy die kerstening daarvan direk aanpak. Hy hoef nie 'n oorplanting van kultuur te doen onder die misleiding dat dit sy taak is nie. Hy kan meteens die inplanting van Christus deur Woord en Gees, berei. Dit is kerstening.

Die volkskerk staan direk onder sy Hoof, Jesus Christus, en kan met veiliger werksywer, sonder die bykoms van ander wêreldse vreemdhede, sy taak voortsit. Hiermee word nie gesê dat 'n vrye kerk nie direk onder die Hoof, Jesus Christus, wil staan nie. Maar die volkskerk staan

veiliger in sy taakvervulling omdat die rompslomp van kultuurvreemdheid uitgeskakel is.

Net soos die volkskerk wel gedurig daarop bedag moet wees dat sy taak die Woord van die Here is, só moet hy ook voortdurend bewus bly dat sy Hoof die Here van die Woord is.

5. HOOF VAN VOLKSKERK

Die Hoof van die volkskerk is die Here van die Woord. Uit die bepaling van die regte verhouding tussen kerk en volk, is dit al by wyse van afleiding duidelik dat die staatshoof, die owerheid, die volksregering, die koning, president of premier nie die hoof van die volkskerk kan wees nie. So 'n "people's church" waar Canaan Banana of 'n sosialistiese of kommunistiese regeringstelsel die hoof of hoofwoordvoerder van die kerk is, is 'n karikatuur van die volkskerk en is geen kerk nie.

Die Hoof van die volkskerk, die Here van die Woord, moet ook deur elke volk as Hoof van die volk erken word. Christus se koningskap oor alle volke met hulle konings of owerhede en al, is die motief van die volkskerk se grense, opdrag, gerigtheid en taak – soos gedeeltelik hierbo reeds beskryf.

Geen mens, binne of buite die volk, buite die volk soos byvoorbeeld in die geval van die Rooms-Katolieke Kerk, is hoof van die volkskerk nie. Ook in hierdie opsig, en daarmee in geen opsig, verskil volkskerk van kerk nie. Van kop tot tone is volkskerk die kerk van die Bybel. Van sy voete af is dit die liggaam van Christus. Sy oë sien die volk raak, sy ore hoor die volkstaal, sy mond spreek die moedertaal, sy hande handel op die volksterreine, sy voete bewandel die vaderland van sy volk, sy hart ken die vrese en liefdes, die swakheid en roem, die eersug en lafhartigheid van sy volk. Daarom kan hy die gedagtes uit die brein of die Woord van sy Hoof met sensitiwiteit (Rom 12: 2; Fil 1: 9, 10), doelgerigtheid en klarigheid spreek.

Die Here van die Woord bring in sy hoofskap van die volkskerk by die volkskerk die bewussyn dat nie alles en almal in 'n volk komponente van die volkskerk is nie.

Selfs nie eers Israel, wat in die Ou-Testamentiese tyd op 'n besondere manier die volk van God, die uitverkore volk, die verbondsvolk was, ontvang hoof vir hoof die ewige verlossing nie. Die uitverkore volk, die verbondsvolk, ontvang as uitverkore verbondsvolk die ewige guns wat God in Jesus Christus aan hulle bewys het. Maar ten spyte van die verlossing gaan vele individue verlore, omdat hulle Jesus Christus verwerp. Wie die roepstem van God, die Woord wat selfs mens geword het, nie gehoorsaam nie, verbreek die verbond.

God se soekende roepstem kom langs ou verbintenisse en nuwe verbintenisse. God se roepstem of uitverkiesing van mense kom langs die lyn van bestaande verbintenisse deurdat die kinders van die verbondsvolk by die verbond ingereken is. Dit is 'n sekondêre daad, 'n daad van die mens, as hy die verbond verbreek. In daardie geval is hy nog lid van die volk wat 'n verbondsvolk is, maar hy is nie meer lid van die verbondsvolk nie. Selfs in Israel se geval dus, waar volk, uitverkore volk, verbondsvolk en kerk skynbaar saamgeval het, is die bestaande verbintenis met die volk nie 'n waarborg dat elkeen in die volk 'n ewig begenadigde is nie.

In die tyd van Jesus se omwandeling op aarde en gedurende die ontstaantyd van die Nuwe-Testamentiese kerk, is dit juis Jode, lede van die uitverkore verbondsvolk, wat die roepstem van God uitdoof, Christus kruisig, die kerkmense vervolg, vang, stenig, onthoof en onderdruk. En hierdie kerkmense was ook Jode! In die vernuwing van die verbond, in die Nuwe Verbond, toe God oplaas sy Seun as roepstem gestuur het, het die Woord van God, die uitverkiesende verbintenis van God met individue, die breuklyn sigbaar gemaak. Die sinagoge van die Jode, Jode wat lede is van die verkore verbondsvolk, is die sinagoge van Satan (Op 2: 9). Hulle is volksmatig Jode, maar nie verbondsmatig nie. Hulle behoort aan die volk van die verbondsvolk, maar hulle behoort nie aan die verbond van die verbondsvolk nie – uiterlike verbondsteken ten spyt! Hulle is nie Jode as lede van die verbondsvolk nie. Want hulle is nie ware kinders van die gelowige Abraham nie (Joh 8: 40). Die heilslyn van die verbondsvolk loop van Abraham af nie oor die "nageslag" van die sinagoge nie, maar van Christus (Gal 3: 9, 29; Ef 2: 6; 1 Pet 2: 9; Gal 6: 16). Hy wie se hart in Christus besny is, is 'n Jood (Rom 2: 29). Hulle behoort aan die kerk.

Hierdie insig wat die Nuwe Verbond gebring het, het natuurlik die vraag geaktualiseer of die volk Israel dan verlore gaan en deur God vergeet is – omdat so baie van die volk die Christusverbond verwerp. Hierdie vraag is in essensie reeds deur Esegiël 9: 8 gevra: "Ag, Here my God, gaan U al wat van Israel oor is, uitroei terwyl U u toorn teen Jerusalem laat losbreek?"

Die verbondswraak van God raak nie almal in die volk of in die verbond nie. Die uitverkorenes – hulle wat deur die roepstem met God verbind is, dit wil sê deur die geloof in Jesus Christus, is ewige begenadigdes (Matt 24: 22, 24). Dit is dieselfde saak wat in Openbaring 6: 17 aan die orde kom: "Wie sal staande bly?" Weer is die genade van God in sy uitverkiesing en verbondstrou die antwoord. Ook Paulus spreek hierdie vraag in veral Romeine 11 klinkkaar aan. Romeine 11: 1: "Het God dan nie tog sy volk verstoot nie?" Ten spyte van die groot getalle van die volk Israel wat verlore gaan, gaan die verbondsvolk

beslis nie verlore nie. In die uitverkorenes wat in Christus verbonde aan God en aan mekaar is, word die hele verbondsvolk gered.

In die roepstem van God, Jesus Christus, word nie net duidelik dat die ongelowiges (Rom 11: 23) van die volk Israel nie aan die verbondsvolk behoort nie en dat in die gelowiges Israel as verbondsvolk gehandhaaf word nie, maar ook dat die verbondsvolk aan die ander kant uitbrei na ander volke, na alle volke – totdat die volheid van die nasies ingegaan het (Rom 11: 25).

Die verbond van God werk volksmatig, maar word in Israel as kleiner as die volk uitgewys en in die volke van die mensdom as groter as Israel. Hierdie dubbele feit werp egter nie die volksmatigheid van die verbond omver nie. Wat God belowe het, is nog steeds "vir julle en julle kinders" (Hand 2: 39).

Die verbondsvolk wat as olyfboomstomp in die Christusaarde groei (Kol 2: 6, 7), bring steeds nuwe takke voort wat aan Christus verbind, veranker en gewortel is – al word baie ander takke afgekap omdat hulle droog is.

Maar soos reeds gesê, God se soekende roepstem kom ook langs nuwe verbintenisse. Hierdie uitroepende keuse van God is vir almal wat daar ver is, "vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep" (Hand 2:39). God se uitverkiesende verbinding met mense werk dus nie net geboortematig in een volk nie. Tog word die geboortematige volkswyse van verbondsgeslagte nie met die nuwe verbintenisse vervang of vernietig nie. Inteendeel! Wanneer 'n takkie van die wilde olywe (olienhoutbome) op die mak olyf ingeënt is, groei dit en vertak dit om daardie nuwe volk se verbondsmatige volkstak te wees.

Daar ontstaan nie 'n nuwe verbondsvolk nie. Daar is net één verbondsvolk. Dit word kerk genoem, *ekklesía*, uitgeroepenes. Hulle is die *eklektoí*, die uitverkorenes. Daar is net één kerkvolk – soos daar net één olyfstomp is. Maar daar is báie volkskerke – soos daar báie olyftakke is.

In elke vertakking van die volke word die volheid van daardie volk as deel van die verbondsvolk gerealiseer. In die kerk van elke volk lê die hart van die volk, en die Hoof van die kerk moet die Koning van die volk wees.

Uitverkiesing staan nie teenoor verbond nie. Die kerk, die "nuwe" verbondsvolk, word nie saamgestel deur 'n kunsmatige aanplak van los lede as individuele uitverkorenes nie. Uitverkiesing word in die geloofsverbondenheid van die kerk sigbaar as die begenadiging van die mensdom. Die mensdom wat danksy God se genadige bestraffing by die toring van Babel as volke voortbestaan, word as mensdomlikheid in sy volke van uitverkore individue bewaar.

Hoewel die Nuwe Testament tog wel van individuele uitverkorenes

melding maak (1 Kor 1:1; Rom 16:13), word uitverkorenes meestal in hulle verbondenheid met mekaar gesien. Daar word gewoonlik gepraat van "ons", "julle", "hulle" (Ef 1:4; Joh 15:16; 1 Pet 2:5). In die *Heidelbergse Kategismus*, Sondag 21, word dan ook nie gesê dat Christus vir Hom enkelinge tot 'n gemeente verkies nie, maar "vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies (is) ... vergader". Uitverkiesing is eleksie en nie seleksie nie.

5.1 Nuwe mensheid

'n Nuwe mensheid word geskep. Hierdie nuwe skepping is nie 'n creatio ex nihilo, 'n skepping uit niks nie. Die handewerk van God in die ou mensheid word nie laat vaar ten gunste van 'n nuwe nie. Die nuwe skepping is ook nie uit die oue asof die oue herleef of ontwikkel nie. Die nuwe mensheid is 'n skepping van die groot Beeldhouer wat Hy aan die oue verrig. Daardeur verrig Hy wondere met die ou mensheid – Hy vorm die oue na 'n nuwe skepping, en blaas daarin die asem van die nuwe lewe. Dit is waarom die Gees in die kerk vaardig is.

Die nuwe skepping, en daarmee reeds die kerk as verbondsvolk in die huidige geloofsbedeling, is nie 'n alternatiewe skepping of gemeenskap nie.

Midde in die mensdom en sy volke van individue groei die nuwe skepping vanaf die tweede Adam, Jesus Christus, as Hoof, soos die ou mensheid van sonde Adam as hoof het.

Christus as die Hoof van volkskerke, omdat Hý alleen die Hoof van die kerkvolk is (Ef 1:22; 4:15; Kol 2:19), is dit omdat Hy Verbondsmiddelaar, Uitverkiesingshoof en Uitverkiesingsmiddelaar is. Christus is Hoof van die kerk, terwyl die kerk die liggaam van Christus is. Verbondshoof en kerkhoof is wat die hoofskap betref verskillende beelde wat onderskeidelik na 'n groot koning en 'n menslike kop verwys. Die begrip "hoof" vervul in meer gevalle verskillende funksies.

Christus is die Woord wat in die begin was, by God was, en self God was – wat mens geword het (Joh 1:1–18). By die skepping was hierdie Woord die Skeppingswoord, die Skeppingshoof. Alles het deur Hom ontstaan – Hy is die Skeppingsmiddelaar. Alles het Hy onderwerp – Hy is die Koning. Hy is die Woord wat die verbintenis van die mens met God in die paradys tot stand gebring het. Hy is die Verbondshoof, die Koning. Die mens moes in gehoorsaamheid aan Hom God se verteenwoordiger op aarde wees. Die mens moes soos 'n priester voor die aangesig van God leef deur in die skepping namens God in te tree, en voor God namens die skepping op te tree.

Omdat die mens sy roeping in die sonde laat verval het, het die Koning uiteindelik self Priester geword, die Verbondshoof self Ver-

bondsmiddelaar, God self mens. In Christus is die kerk nou 'n koninklike priesterdom om profeties die deugde van sy Hoof te verkondig.

Die eenheid van die kerk in sy Hoof en die verskeidenheid van die kerk in die volke, maak dat die kerk volkskerke moet wees. Nie alleen die eksterne faktore soos die grense, die opdrag, die gerigtheid en die taak van die kerk bepaal dat daar volkskerke behoort te wees nie. Ook die interne faktor dat die Here verbondsmatig die kerk in standhou, vereis die volkskerkkarakter van die kerk. Want verbondsmatigheid het in die eerste plek 'n volksorganiese dimensie.

Die kerk groei en bestaan voort op die wyse van sending en aanwas deur geboortes. Albei weë is volgens die Skrif verbondsmatig. Op hierdie twee wyses kom mense binne die verbond van God. Die aanwaswyse per geboortes uit verbondsgesinne is ten nouste verbonde aan die bepaalde volk waaraan die gesin behoort. Die kerk word in hierdie sin in 'n volk voortgebore. Omdat die kerk van die Here die volk van die Here is, is die kerk volk, dit is volkskerk. Omdat die kerk of volk van die Here ook met die naelstring elke keer aan 'n bepaalde volk verbonde is, is hy volkskerk. In die volkskerk word 'n bepaalde volk verlos.

Samevattend bestaan die volkskerk teologies hoofsaaklik op twee bene. Eerstens is daar die adresmatige been – dat die kerk volkgerig is. Die volk is die adres waar die kerk sy kersteningstaak moet verrig. Die kerk bestaan in die midde van die volk. Tweedens is daar die verbondmatige been – dat die kerk en volk met mekaar ook verbonde raak vanweë die geboortes van verbondskinders. So word die volk ook basies voortgeplant.

Die kerk is dus om meer as een rede volkskerk. Hy is omtrent om alle redes van sy kerkwees volkskerk. Indien 'n kerkformasie hom nie as volkskerk gedra nie, mag die vraag gevra word of hy werklik sy kerkwees ten volle en op die beste wyse vervul. 'n Kerk wat dit wel doen, is volkskerk of hy hom so wil noem of nie wil noem nie. Die kerk as volkskerk is nie 'n gefikseerde of gestandardiseerde model nie.

Gesien die grense, die gerigtheid, die opdrag, die taak en die Hoof van die kerk moet die kerk volkskerk wees en is volkskerk die normale kerkbeskouing.

LITERATUURVERWYSINGS

BARTH, K 1948. *Credo.* Zürich: Evangelischer Verlag.

BARTH, K 1960. *The Faith of the Church.* Great Britain: Fontana books.

BOTHA, SJ 1973. *Die Volkskerk.* Pretoria: HAUM.

BREYTENBACH, APB sj (1979). *Die waardering van die volkere-verskeidenheid in die Ou Testament.* In: *Lidmaatskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.*

CALVYN, J 1986 (vertaling deur Simpson). *Institusie van die Christelike Godsdiens* 2. Potchefstroom: CJBF.

DIE BOODSKAPPER, April 1987.

DIE BOODSKAPPER, Junie 1987.

DREYER, Joh sj. Wat is die kerk? 'n Belydenis- of 'n belydende kerk, *HTS* 36/1 en 2.

DREYER, Joh 1954. Tweërlei beskouings oor 'n Volkskerk. *Die Hervormer,* Oktober.

DREYER, Joh 1957. Belydenis en nie Belydende Kerk nie? *Die Hervormer,* Maart.

DORTDSE LEERREËLS.

ENGELBRECHT, BJ 1979. *Temas rondom die Reformasie.* Pretoria: HAUM.

GROSHEIDE, FW 1954. *Het heilig Evangelie volgens Mattheus (Commentaar NT).* Kampen: Kok.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

HEYNS, JA 1977. *Die Kerk.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

JUFFER, A 1987. Alle den Volcken. *Maandblad van de Gereformeerde Zendingsbond in de Nederlandse Hervormde Kerk,* September.

KERKWET EN BEPALINGS VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA, 1986. Pretoria: NHW-Pers.

KERKWET EN BEPALINGS VAN DIE NED HERV KERK, 1862, 1877, 1904, 1910, 1917, 1920, 1925, 1937, 1951, 1979.

MANS, CJ sj. Eberhard Busch, Humane Theologie. *HTS 25/1, 69–71.*

NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS.

OBERHOLZER, JP 1986. Artikel 3 moet reg gebruik word. *Die Hervormer,* November.

VAN AARDE, AG sj (1979). *Volkere verskeidenheid en die Nuwe Testament.* In: *Lidmaatskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.*

VAN NIFTRIK, GC 1953. *Kleine Dogmatiek.* Nijkerk: GF Callenbach.

VAN DER WESTHUIZEN, HG 1981. *Volkskerk en Sending.* Pretoria: HAUM.

VAN DER WESTHUIZEN, HG 1984. Beter Kontekstualisering van ons Teologiese Opleiding. *Theologia Viatorum,* Julie, 56–63.

VAN DER WESTHUIZEN, HG 1988. Verinheemsing en Sinkretisme. *Die Hervormer,* Oktober 19, 12, 16.

VAN RULER, AA 1978. *Verwachting en voltooiing.* Nijkerk: GF Callenbach.

VAN SELMS, A 1951. *Wie achter is moet voorgaan.* Over de Nederlandsche Geloofsbelijdenis. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

VAN WYK DJC 1985. *Artikel III van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: 'n verantwoording.* Pretoria: Kital.

VAN WYK, JH 1985. *Man van die derde weg. WJ Snyman as teoloog.* Potchefstroom: PU vir CHO.

VENTER, EA 1983. *Ons geskiedenisalbum.*
VOORTSETTINGSKOMITEE 1987. *Geloof en Protes.* Pretoria: Aurora Pers.
WEDEVEGIA, 1957. Om te vra is vry. *Die Hervormer,* Maart, 6.

Volkskerk en vrye kerk

FJ VAN ZYL

1. INLEIDING

1.1 Gestaltes van kerkwees

In sy kerkwet (-orde) formuleer die Ned Herv Kerk van Afrika sy opvatting oor homself as kerk van die Here. Daar is net een, heilige, algemene, Christelike kerk, maar hierdie een kerk kom in verskillende gestaltes tot openbaring. Die Hervormde Kerk is een so 'n gestalte, 'n ander gestalte is die vrye kerk en nog 'n ander die belydeniskerke. Die oogmerk van hierdie studie is om die aard en wese van elkeen nader te bepaal.

1.2 Ruimtes vir kerkwees

'n Kerkorde wil die lewe en die werk van 'n kerk op só 'n wyse reël dat dit ordelik en doeltreffend kan geskied. Naas die prinsipiële riglyne vanuit Skrif en belydenis, het die wêreld as leef- en werk*ruimte* van die kerk ook 'n besliste uitwerking en invloed met betrekking tot die bepaling van die leef- en werk*wyse* van die kerk in die wêreld.

Omdat die kerk van die Here kerk in die wêreld en kerk vir die wêreld is, reken die Hervormde Kerk dat sy lewe en werk binne die konkrete situasie waarin hy kerk moet wees, die ordelikste en doeltreffendste in die gestalte van 'n volkskerk kan geskied. Die konkrete lewens- en werkruimte in Suid-Afrika vertoon immers 'n diversiteit van volke, tale en kulture. En aangesien duidelike en verstaanbare verkondiging van die Woord, sowel as die onderlinge opbou van mekaar binne die gemeenskap van die gelowiges tot die mees wesenlike van die roeping van die kerk behoort, wou die Hervormde Kerk in die uitvoering van sy taak altyd volksgerig wees. In hierdie opsig verskil die kerke van die Hervorming wesenlik van die Rooms-Katolieke Kerk.

1.3 Roomse kerkwyse

Die Roomse Kerk het 'n oorwegend ritualisties-sakramentalistiese inslag. Godsdienswetenskaplike ondersoek het aangetoon dat godsdienstige rites nie land-, kultuur- en volksgebonde is nie. Die Roomse Kerk is na sy wese bo- of supra-nasionaal. Taaleiendomlikheid het dan ook in die bedieningspatroon van hierdie kerk eintlik nooit 'n deur-

slaggewende rol gespeel nie. Daarom kan die Roomse Kerk gemaklik afsonderlikheid en andersheid van volke, nasies en kulture negeer. Die kerke van die Reformasie wil daarenteen kerk van die Woord wees en is derhalwe verkondiging-gerig. Daarom hou hierdie kerke rekening met en heg hulle besondere waarde aan taal- en kultuur-entiteite en -identiteite.

1.4 Rome en Calvyn

Die Roomse Kerk wat met sy Vatikaanstad 'n kerkstaat in die kleine wil wees, het 'n karakteristieke heersersingesteldheid. Dit beweeg bokant volke en individue. Neerbuigende en opsoekende pastorale bewoënheid met die lidmaat ontbreek so-te-sê geheel-en-al. Die laaste res van pastorale sorg vind 'n mens in die bieg: maar ook hier is dit nie 'n uitgaan van die kerk na die individu toe nie, eerder 'n kom van die lidmaat na die kerklike gesag toe. In teenstelling hiermee vind 'n mens by die kerke van die Reformasie 'n diensingesteldheid. Daarom wil hierdie kerke die waarheid van die evangelie na die hart van elke mens en volk bring en wil hulle ingaan in al die geledinge van 'n volk, sodat die hele volk onder die beloftes en die tug van die Woord gestel kan word. Besonderlik is hierdie strewe kenmerkend van die kerke wat in die tradisie van die Calvinisme ontwikkel het.

Histories sou 'n mens die begin van die volkskerkgedagte na Calvyn toe moet terugvoer. Die drang om die hele volk in al sy geledinge met die evangelie te deurdring, was in die tyd van Calvyn makliker uitvoerbaar as in die huidige tyd. Hy het te doen gehad met homogene volke en met homogene of verwante kulture. Vandaar dan ook sy opvatting dat daar in elke land en onder elke volk slegs een kerk kan wees. Meer kerke in een land en onder een volk sou verdeeldheid of verskeurdheid van Christus impliseer, wat onmoontlik en ongeoorloof is. Met die koms van plurale gemeenskappe met 'n diversiteit van taal en kultuur en geestesstruktuur binne dieselfde landsgrense, en met die erkenning van meer as een legitieme gestalte van die kerk in dieselfde gebied, het die Calvynse idee van een kerk in een land onder een volk oneindig meer problematies geword. Calvyn se gedagte sal alleen nog realiseerbaar wees in die sin van meer as een volkskerk vir die verskillende heterogene gemeenskappe binne dieselfde landsgrense.

1.5 Teokratiese beginsels

Behalwe die volkskerkgedagte het Calvyn se teokratiese visie ook besondere invloed gehad op die ontwikkeling van die reformatoriese kerk, veral in Nederland waar die Calvinisme uiteindelik geseëvier het na aanvanklike suksesse van die Lutherse kerk. Calvyn leer dat God die

wêreld regeer deur middel van die kerk en die owerheid. In die kerk regeer Christus self onmiddellik deur Woord en Gees, en middellik deur die ampte. Calvyn het dit duidelik onderstreep dat kerk en owerheid 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar het, maar sonder dat die een op die terrein van die ander mag oortree. Wat die heilige dinge, die sacra, betref, beklee dit die sentrum in die lewe van die kerk.

Die owerheid staan nie los van hierdie sentrum nie. As die owerheid in gedagte hou dat die God wat in die kerk aanbid word, dieselfde God is wat aan hom die mag toegeken het waaroor hy beskik, sal hy nie net alleen die ordening van die burgerlike lewe inrig volgens die voorbeeld binne die kerk nie, maar sal hy ook tevrede wees met sy reg slegs rondom die heilige sentrum, rondom die sacra. Die teokratiese beginsel van Calvyn het in Nederland egter ontaard deurdat die owerheid vir homself al meer seggenskap in kerklike sake toegeëien het. Die Nederlandse Kerk het die bevoorregte kerk van die staat geword, en hierdie inisiatief het van die staat uitgegaan. Dit is die wese van 'n staatskerk. Solank die owerheid die Christelike waarheid handhaaf, kan dit nog gaan. Dit word egter 'n saak van 'n ander kleur as die owerheid neutraal word en vreemde strominge soos liberalisme en modernisme begin verdra. Dan kan die bemoeienis van so 'n owerheid in kerksake daartoe lei dat 'n kerk in die reëling van eie sake aan bande gelê word.

In die Nederlandse Hervormde Kerk het dit gelei tot allerlei strominge en opvattings en partyskappe wat daartoe bygedra het dat die kerk innerlik kragteloos gemaak is. Die kerk het as instituut nog die volk omsluit, maar innerlik was hy verlam deur die bestrydende rigtings en die magteloosheid as gevolg van owerheidsinmenging waardeur die uitoefening van leertug verhinder is. Geen wonder dat daar van die Nederlandse Kerk as 'n siek kerk gepraat is nie.

1.6 Nederlandse kerklike krankheid.

Dis begryplik dat daar verset moes kom teen so 'n toedrag van sake in die kerk, want dit het verlammend deurgewerk na alle fasette van die kerklike lewe. Die leier van die verset was die begaafde Amsterdamse predikant, Abraham Kuyper, wat hom lankal nie meer tuis gevoel het in sy kerk nie. Die oorsaak vir die ontaarding en krankheid van die Nederlandse Hervormde Kerk het Kuyper toegeskryf aan die feit dat hierdie kerk 'n volkskerk was. Dit, volgens hom, was die rede waarom die Nederlandse Kerk 'n groot, lompe massakerk geword het wat almal maar doop en al die geledinge van die volk binne die instituut van die kerk ingesluit het en gereken het dat daarmee die kerksheid en Christelikheid genoegsaam gewaarborg is. So 'n kerk, wat volgens Calvyn die moeder van die gelowiges is, was vir Kuyper ondenkbaar. In so 'n volkskerk het Kuyper 'n bedreiging van die heiligheid van

verbond en kerk gesien. Om hierdie heiligheid te verseker, moes die kerk as instituut uit ware gelowiges bestaan sodat dit as organisme kerstenend in die wêreld kan werk. Teenoor die volkskerk wat almal op grond van die genadeverbond doop, en teenoor die gedagte van die volkskerk dat almal reeds deur geboorte aan die kerk behoort, het Kuyper die gedagte van die vrye kerk gestel. Dit beteken tweërlei:

- Die massakerk moet opgebreek word in kleiner kerke wat deur die wil en vrye beslissing van die individu gevorm word en wat kragtens die feit dat hierdie individue almal weergeborenes is, die ware kerk uitmaak.
- Dis 'n vrye kerk omdat dit nie staatsgebonde is nie. Uit hierdie reaksie van Kuyper het die Gereformeerde Kerke in Nederland ontstaan.

1.7 Volkskerk in Suid-Afrika

As voortsetting van die Nederlandse Hervormde Kerk op Afrikaanse bodem, is die Ned Herv Kerk kragtens sy historiese afkoms 'n volkskerk, en wel in die sin dat hy hom dwarsdeur sy bestaan op die Afrikanervolk gerig het. Vanselfsprekend het die Ned Herv Kerk sy eie ontwikkelingspatroon gehad en is hy nie slegs 'n replika van die Nederlandse Kerk nie. Al het die woord nie altyd voorgekom nie, was die saak van die volkskerk nog altyd aanwesig. Dis veral met die koms van ds Goddefroy dat die volkskerkgedagte, en wel in die trant van Hoedemaker, sterk na vore gekom het. 'n Mens sou kon sê dat die volkskerkgedagte eers tydens die Algemene Kerkvergadering van 1986 in die diskussie rondom Artikel III van die Kerkwet op die voorgrond getree het in die beraadslagings van die Kerk.

2. DIE PRINSIPE VAN VOLKSKERK TEENOOR VRYE KERK

2.1 Onkunde oor volkskerk

Prinsipieel in kerklike konteks beteken verantwoordbaarheid van 'n opvatting en/of 'n handeling dit wat gegrond is op Skrifgetuienis en kerklike belydenis. Omvattende verwysingsmateriaal oor die volkskerk uit die geledere van ons kerk ontbreek. Afgesien van *Die Volkskerk* (Botha 1973) en *Volkskerk en Sending* (Van der Westhuizen 1981), is daar feitlik net 'n paar sporadiese artikels oor die onderwerp. Dit verbaas des te meer in die lig van die feit dat die Ned Herv Kerk nog altyd uitgesproke volkskerk wou wees. Nêrens nog het die kerk in sy Kerkwet of offisiële uitsprake duidelik gesê wat sy opvatting oor 'n volkskerk is nie. Die enigste direkte verwysing word gevind in die

motiverende aanhangsel van Artikel III waar die voorneme uitgespreek word om "volkskerke" onder die verskillende volksgroepe te vorm.

Indirekte verwysings na die wese van 'n volkskerk vind 'n mens in sinsnedes soos "almal wat deur die genadeverbond tot die kerk behoort", en "... tot die Ned Herv Kerk van Afrika behoort ... persone wat kinders van lidmate van die kerk is". Aangesien die volkskerkgedagte van ons kerk nog altyd by die ander onder verdenking gestaan het, veral by Afrikaanse susterkerke, soos weer geblyk het uit resente artikels in kerklike tydskrifte en dagpers, is 'n prinsipiële besinning oor die volkskerk dringend noodsaaklik. Nòg in Skrif, nòg in belydenis vind 'n mens enige direkte uitspraak oor 'n volkskerk of 'n vrye kerk. Trouens in Skrif en belydenis vind 'n mens as 't ware slegs uitsprake oor die kerk waaruit 'n teologiese leer oor die kerk gekonstrueer kan word. Ons sien ons taak dus só dat daar nagegaan word of daar plek is vir die idee van 'n volkskerk binne die Bybelse getuienis oor die kerk.

Indien wel, wil ons die idee van 'n volkskerk afgrens teen 'n vrye kerk-idee en dit wel met verwysing na enkele aspekte soos grondslag, ontstaan en eenheid van die kerk. In een van die artikels van resente datum word nie gepraat van 'n vrye kerk teenoor 'n volkskerk nie, maar wel van 'n belydeniskerk. Aangesien die beskouing oor grondslag, ontstaan en eenheid van die kerk wesenlik maar dieselfde is as dié van die vrye kerk, sal die belydeniskerk nie afsonderlik behandel word nie.

2.2 Verbondskerk

Enige Christelike kerk, volkskerk of vrye kerk, kan alleen eiendom van die drie-enige God wees. In die woord "volkskerk" val die klem nie op die volk nie, maar op die kerk. "Volk" staan hier nie in eiendomsverband nie, maar in rigtingsverband as die objek waarop kerklike prediking en pastorale sorg gerig is. Die kerk van die Here, in watter gestalte dit ook tot openbaring kom, kan net een grondslag hê. Die kerk van die Here, en daarom ook die volkskerk, rus op twee grondpilare: verkiesing en genadeverbond. Voor die skepping van die wêreld het God ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees en ons toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees (Ef 1:4, 5).

In navolging van Calvyn wat onderskei tussen 'n sigbare en onsigbare kant van die een kerk van die Here, word die uitverkiesing die verborge grond van die onsigbare kant van die kerk genoem, naamlik die getal van die uitverkorenes wat alleen by God bekend is. Die genadeverbond is weer die grondslag van die sigbare kant van die een kerk van die Here. Die verbond word genadeverbond genoem omdat God Hom aan die mens verbind en beloftes aan hom toesê, nie op grond van enige verdienste aan die kant van die mens nie, of op grond

van enige voorwaarde waaraan die mens moet voldoen nie, maar enkel omdat God genadig en barmhartig is. God se verbond is wat sy uitgangspunt betref, eensydig. Dit is God wat onvoorwaardelik sy verbond met Abraham en sy nageslag aangaan.

In kringe van die volkskerkgedagte word die eenheid van die genadeverbond in Ou en Nuwe Testament gehandhaaf. Die gemeente sing immers vandag nog saam met Psalm 105 dat God die verbond met Abraham sy vrind van kind tot kind bevestig. In sy volle verwesenliking is die verbond egter tweesydig. Die doopformulier praat ook van twee partye wat by 'n verbond betrokke is. Die beloftes van 'n verbond word eers 'n werklikheid as God se bondgenote sy beloftes aanvaar, as hulle aan God gehoorsaam is, as hulle in Hom glo.

Hiermee kom 'n nuwe element by die verbondsgedagte, naamlik die geloof. Ten opsigte van die verhouding: genadeverbond en geloof in Christus, moet daar teen 'n dubbele misverstand gewaarsku word wat 'n mens in vrye kerk-kringe opmerk, naamlik dat die geloof in Christus die enigste grondslag en voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk is. Geloof in Christus vervang dus die genadeverbond as grondslag van die kerk. Die vraag is of daar genoegsame grond vir so 'n beskouing in die Skrif gevind kan word. Dit wil eerder lyk asof die Bybel 'n baie noue verband tussen die genadeverbond en Christus lê. Volgens Nuwe-Testamentiese spraakgebruik is die verbond nie 'n verdrag nie, maar 'n testament. In 'n testament beloof die testamentmaker 'n erfenis aan 'n erfgenaam. Christus is die erfgenaam van die rykdomme wat God in sy genadeverbond beloof en almal wat in Hom glo, deel in hierdie beloftes van God se verbond. Abraham met wie God sy genadeverbond gesluit het, het in Christus geglo (Joh 8). Galasiërs 3:16, 17 spreek dit duidelik uit dat God se beloftes aan Abraham op Christus gerig was.

Die nagmaalformulier sê dat Christus met sy dood en bloedstorting die nuwe en ewige testament, die verbond van genade en versoening, bevestig het toe Hy gesê het dit is volbring. Dr G Oorthuys is volkome reg as hy skryf: "Christus en die verbond is só een, dat wie nie in Christus glo nie, soos Abraham in Christus geglo het, nie wesenlik saad van Abraham, nie wesenlik 'n erfgenaam van die verbond is nie. Dat geloof in Christus die of 'n enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk is, kan ook nie sonder meer aanvaar word nie. Dat geloof, ook onder die Ou Verbond 'n wesenlike element van die genadeverbond uitgemaak het, kan nie ontken word nie. Dit is egter nie voorwaarde vir die verbondsverhouding van God tot die mens nie, maar die wyse waarop God self die verbondsbelofte verwerklik. Anders kan die geloof so maklik as 'n verdienstelikheid aan die kant van die mens gesien word, 'n goeie werk op grond waarvan God sy genade skenk. Dit gaan hiermee soos met die verkondiging van die evangelie: dis 'n krag van

God tot redding vir elkeen wat glo. Geloof ook hier nie as voorwaarde vir redding nie, maar die wyse waarop die Goddelike krag die redding deel van die mens maak deurdat dit self die geloof skep."

2.3 Volkskerk en doopppraktyk

Vir die volkskerk val verbond en kerk saam en is hulle onskeibaar aan mekaar verbind. Die een is nie los van die ander nie. Die doop as teken en seël van die verbond verseker ons dat God, die Vader, 'n ewige, genadeverbond met ons sluit en ons tot sy kinders aanneem; dat Christus ons deur sy kruisdood van sonde reinig; dat die Heilige Gees in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus heilig. Sulke verbondskinders is die Here se eiendom, hulle is in die kerk. Vir die volkskerk is dit 'n baie fundamentele saak, want daarmee hang die kerk as volkskerk saam. Ook kinders van lidmate van die kerk behoort aan die kerk van die Here kragtens die genadeverbond, al is hulle nog nie gedoop nie. Deur die doop word 'n mens nie opgeneem in die genadeverbond nie, maar jy word bestempel as iemand wat tot die genadeverbond behoort. Kragtens die genadeverbond handhaaf die volkskerk 'n ruim doopppraktyk, in navolging van die visie van Calvyn.

Calvyn se ruim verbondsgedagte en doopppraktyk blyk onder meer uit die advies aan John Knox dat ook die nageslag van gelowige voorouers tot die liggaam van die kerk behoort, al was die grootouers en/of ouers ook afvallig gewees. Hier moet opgemerk word – en daarom is die kategese vir die volkskerk so belangrik – dat dit vir Calvyn nie meer net om die doop van almal gegaan het wat na die kerk toe gebring is nie, maar dat hy baie sterk gestaan het op die noodsaaklikheid van onderrig en opvoeding tot die regte geloof van die kinders.

2.4 Volkskerk en apostolaat

Die kerk het 'n belydenis- en 'n getuienistaak. Wat laasgenoemde betref, beteken dit dat die evangelie van die koninkryk in die hele wêreld verkondig moet word. Die oë van die kerk moet dus na twee kante toe oop wees. Die kerk moet op die koninkryk gerig wees. Self is hy nie die koninkryk nie, maar hy verkondig die koms van die koninkryk en is in diens van die koninkryk en op pad na die koninkryk toe. Die kerk is ook op die wêreld gerig. Die kerk het 'n dienswerk in en aan die wêreld. Die kerk is die oë waarmee die wêreld gesien kan word soos hy werklik is. Die kerk is immers uit die wêreld geroep en het as eersteling uit die wêreld juis dit ontvang wat die ganse wêreld ook nodig het en wat die kerk as dankbare verloste aan die wêreld verskuldig is. Wêreld is 'n begrip met meer as een betekenis. In die Bybel word dit ook gebruik as aanduiding van die sondige mensheid.

Die Bybel dink egter nie aan die wêreld as 'n ongeordende massa of as 'n menigte enkelinge nie. Die mensdom leef in verbande van gesin, familie, stam, geslag, volk en nasie.

Die Bybel hou rekening met taal en kultuurverskille by die uitvoering van die kerk se taak. Op Pinkster is die evangelie in elkeen se taal gehoor. Paulus wil vir die Jode 'n Jood en vir die Grieke 'n Griek wees. Volke, tale, stamme en nasies is geykte uitdrukkings in die Skrif. Die Bybel sien die kerk eerder in "volks"-verband as individualisties. Daarom word die kerk self volk van God genoem, die nuwe Israel. Kerk in Ou-Testamentiese verband is die vergadering van Israel, in die Nuwe Testament die saamgeroepte menigte. Dit is dan ook die bedoeling met die woord "volk" in die volkskerk. Dit is 'n volkskerk, nie primêr weens gebondenheid aan 'n bepaalde volk nie, maar in gehoorsaamheid aan die Heer van die kerk wat sy kerk na die wêreld toe gestuur het met die evangelie van verlossing.

'n Volkskerk is nie 'n kerk wat die ideale en strewes van 'n bepaalde volk norm van sy doen en late laat wees nie, maar 'n kerk wat werk om die hele volk uiteindelik te kersten. Daarom wil hierdie tipe kerk voortdurend werk aan die kerstening en reformasie van die hele volk in alle verbande en wil dit ook die kerk van die Here in hierdie gestalte 'n werklikheid laat word onder ander volke wat in aard, taal en kultuur heeltemal anders as ander volke is. Die gevaar dat 'n volkskerk te volks kan word is groot, maar daarteen moet voortdurend gewaak en gestry word. Dit kan alleen suksesvol geskied as in gedagte gehou word dat die Kerk slegs kerk van die Here kan wees en dat sy grense alleen deur verkiesing en die genadeverbond bepaal word. Sy lidmaatskap kan nie anders bepaal word nie as wat geldend is vir die een kerk van die Here, oral en altyd.

2.5 Kuyper en Independentisme

Daar is reeds op gewys dat Kuyper die ontaarding en krankheid van die Nederlandse Kerk van sy dag toegeskryf het aan die feit dat daardie kerk 'n volkskerk is. Teenoor die volkskerk stel hy die idee van die vrye kerk waardeur die massale kerk in kleiner kerke opgebreek moes word. Die vrye kerk-idee het egter nie by Kuyper ontstaan nie, maar moet teruggevoer word na die Independente wat op hulle beurt weer sterk beïnvloed is deur die individualistiese doperse gedagte. Van sy ontstaan af in die sewentiende eeu uit die kring van Cromwell het die vrye kerk-idee hom teenoor die volkskerk gestel. Kuyper se independentiesindividualistiese geneigdheid tree sterk na vore in sy eie vrye kerk-idee en dit het hom veral nadelig uitgewerk in 'n verskraling van die genadeverbond. 'n Verwerping van die volkskerk moet trouens nood-

wendig daartoe lei dat die genadeverbond en die doop, as teken en seël daarvan, in die gedrang moet kom.

2.6 Kinderdoop en volkskerk

Rondom genadeverbond en kinderdoop kan verskillende opvattings onderskei word. Die kerngedagte by die volkskerk is dat 'n mens kragtens die genadeverbond reeds by geboorte as kinders van lidmate van die kerk aan die kerk behoort. Die doopformulier stel dit duidelik dat hoewel ons kinders in sonde ontvang en gebore is, hulle nogtans in Christus geheilig is en daarom as *lidmate van sy gemeente* behoort gedoop te wees. Die wederdopers verwerp die kinderdoop hoofsaaklik op grond van die bewering dat daar in die Skrif geen direkte opdrag daarvoor gevind word nie.

Vanselfsprekend verwerp hulle die genadeverbond as grondslag vir die doop en lê as gevolg van hulle individualistiese inslag meer klem op wat die mens self doen as op wat God in sy genadeverbond skenk. Vanuit 'n fundamentalistiese Skrifbeskouing word bewuste geloof na aanleiding van Markus 16:15 as volstrekte voorwaarde gestel vir ontvangs van die doop. Kinders word dus uitgesluit uit die kerk. Daarom is dit dat hierdie doperse groepe so heftig teen die volkskerk gekant is. Die enigste betekenisvolle doop vir hulle is die grootdoop.

Ten opsigte van die kinderdoop het daar by sommiges wat ons wil noem 'n rasionele probleem ontstaan. Dit gebeur soms dat kinders wat gedoop is en derhalwe die volle toesegging van die beloftes van die genadeverbond ontvang het, nooit tot geloof kom nie. Nou word daar geredeneer dat God wat tog van ewigheid af die wat aan Hom behoort, ken, nie die genade kan verseker aan mense van wie Hy weet dat hulle dit nie sal aanvaar nie. Aan die een kant het dit daartoe gelei dat baie kerkmense die betekenis van die kinderdoop ontken het en slegs die grootdoop erken het. Tot vandag toe leef hierdie gedagte by sommige lidmate van sommige gevestigde kerke voort. Baie laat hulle weer as volwassenes doop, sonder dat hulle na een of ander sektariese groepering oorgaan. By ander wat die kinderdoop gehandhaaf het, ontstaan daar die gedagte van 'n tweërlei betekenis wat aan genadeverbond en kinderdoop geheg moet word. 'n Uiterlike en 'n innerlike genadeverbond word aanvaar. Vir die een kind beteken dit dat hy of sy slegs uiterlik tot die genadeverbond en die kerk behoort, en nie deel kry aan die verbondsbeloftes nie, vir ander beteken verbond en doop 'n versekering van volle geloofsgeregtigheid. Die kern van die saak is dat twee dope aanvaar word: 'n uiterlike en kragtelose vir hulle wat net uiterlik aan die kerk behoort en 'n ware, heerlike doop wat die volle heil verseker vir dié wat deur God geken word. Dit is veral in piëtistiese en

bevindelike kringe dat hierdie opvatting oor die doop aanhang gevind het.

Kuyper en ander vrye kerk-gesindes handhaaf die verbond en een doop, maar wys die ruim verbondsgedagte en doopprаktyk van die volkskerk af omdat hulle daarin 'n bedreiging sien vir die heiligheid van verbond en verbondseël. Voor die Doleansie het Kuyper ook 'n ruim doopprаktyk gehandhaaf. Na die Doleansie gee hy dit egter prys en stel hy Jesaja 59:21 tot basis van sy doopleer. Waar Calvyn die kinderdoop toelaat aan kinders van gelowige voorouers, al is eie ouers en grootouers afvallig, daar sluit Kuyper die doop uit vir kinders, nie net van grootouers nie, maar ook van ouers wat buite God en sy kerk geleef het. Die uitgangspunt van Kuyper, om die suiwerheid van die vrye kerk te verseker, is dat slegs werklike gelowiges en hulle kinders gedoop word. Omdat kinders nie bewustelik kan glo nie, word hulle gedoop op die veronderstelling dat hulle later weergebore sal word en sal glo. Op hierdie wyse word die gedagte van veronderstelde weergeboorte dan ingebring as voorwaarde vir die doop van kinders van gelowiges.

Die grondgedagte is dat die doop met sy beloftes van heil alleen die uitverkorenes van God toekom, alleen hulle wat werklik sal glo. Maar hiermee is ons weer terug by die gedagte van 'n tweërlei betekenis van die doop. Die veronderstelde weergeboorte is maar net 'n veronderstelling wat deur die lewe van sommige gedooptes tog later ook maar geloënstraf word, net soos wat dit gebeur met sommige gedooptes van die volkskerk. Ten grondslag van die veronderstelde weergeboorte lê tog maar die gedagte dat aan die kind wat uitverkies is, die volle heil verseker word, aan die ander egter niks. Dus tog maar tweërlei betekenis van die doop. 'n Mens kan beswaarlik aan die gedagte ontkom dat die reg om te doop hier gesoek word in iets van die mens. Die doop is nie meer 'n seël op God se belofte nie, maar 'n seël op ons eie geestelike staat en besit. Hoewel daar uiterlik uitgegaan word van die genadeverbond as grondslag van doop en lidmaatskap van die kerk, het iets anders heimlik in die plek daarvan gekom: iets van die mens, sy geloof, sy weergeborenheid. Die onderhawige saak dat sommiges wat gedoop is nie tot geloof kom nie, is te groot vir ons klein menslike verstandjie om met allerlei spekulasies en veronderstellings opgelos te word. Hier moet ons die rykdom van God se genade laat geld wat aan almal in die doop beloof word, sowel as die verantwoordelikheid van die mens. Immers, wat nie geopenbaar is nie, is aan die Here ons God bekend, maar wat geopenbaar is, is vir altyd aan ons en ons nageslag bekend (Deut 29:29).

2.7 Individualisme en vrye kerk

Die veronderstelde weergeboorte bring ons weer terug by die individualistiese grondtrek van die Independente, die Wederdopers, die Piëtiste. Hierdie grondtrek beïnvloed en bepaal ook die vrye kerk se opvatting oor die ontstaan en die eenheid van die kerk. By hierdie individualisties-gesinde groepe word die kerk meer op die wil van die mens as op die wil van God gegrond. As Kuyper pleit vir vrye kerke in die plek van die volkskerk, pleit hy ook dat daar vryheid van wil gelaat moet word vir elke geestesaard. By al hierdie individualistiese groepe, ook by die vrye kerk-mense, is die kerk 'n vereniging van gelowiges, of bekeerdes, of weergeborenes. Sodra die klem gelê word op die wil van die individu en op die vereniging van gelykgesindes, is die deur oopgemaak om ook weer deur die wil van die individu die vereniging te verlaat. Hier lê die grond van die afskeidingsbeginsel waarop Kuyper se vrye kerk-idee gefundeer is.

Dit is 'n ou en moeilike vraag oor wie eerste is, die individuele gelowige of die kerk. Word eersgenoemde gekies, dan word die kerk 'n georganiseerde groep gelowiges. Dan lê die begin van die kerk by die wil van die mens en nie by die wil van God nie. Vir Calvyn is die kerk voor die individuele gelowiges, want die kerk is die moeder van die gelowiges. Die *Heidelbergse Kategismus* leer dat die Seun van God, deur Woord·en Gees, uit die hele menslike geslag van die begin van die wêreld af tot die einde toe, 'n gemeente, 'n kerk vergader. In ooreenstemming met Skrifgetuienis en belydenis het volkskerkkringe nog altyd die kerk primêr as instelling, as stigting van God gesien, terwyl die vereniging en vergadering van gelowiges, die gemeenskap van die heiliges nie as onbelangrik verbygegaan word nie. Die kerk as instelling van God, as moeder van die gelowiges, moet onderskei maar nie geskei word van die kerk as vergadering van gelowiges nie. Maar ook hierdie vergadering geskied nie uit eie inisiatief van individuele gelowiges nie, maar deur die verkiesing en roeping van God. Hierdie twee kante van die kerk vertoon 'n soort analogie met die genadeverbond wat grondslag van die kerk is; in sy uitgangspunt is die genadeverbond eensydig 'n saak van God, maar die verbond kom eers tot volle verwerkliking as God se bondgenote deur die geloof sy beloftes aanvaar.

2.8 Ware kerkeenheid

Ook wat die eenheid van die kerk betref, werk die individualisme van die dopersgesinde Independente by die vrye kerk duidelik deur. Die Independente is immers van mening dat die plaaslike gemeentes (kerke) outonoom behoort te wees. As hulle wil, kan hulle hul aan 'n

gemeenskaplike orde onderwerp, maar hoef dit nie te doen nie. So gesien sou die eenheid van die kerk alleen op die wil van mense gegrond wees. Die eenheid sou dan meer in 'n onderlinge ooreenkoms geleë wees en nie in die wese van die kerk self nie. Dat Kuyper ook in hierdie rigting dink, kom duidelik uit as hy van die belydenis praat as "accoord van kerkelyke gemeenschap". Miskien is dit om hierdie rede dat daar in sommige kerklike kringe van 'n belydeniskerk gepraat word. Volgens getuienis van die Skrif op baie plekke is die eenheid van die kerk geleë in sy wese as liggaam van Christus. Christus het immers net een liggaam. Dis geleë in die kerk as moeder van die gelowiges volgens Calvyn. Dis geleë in die feit dat Christus van die begin van die wêreld af tot die einde toe vir Hom 'n kerk vergader. 'n Mens kan verstaan waarom die eenheid van die kerk in vrye kerk-kringe so ywerig gedemonstreer moet word: die kerk word immers primêr van die kant van die mens gesien, dus ook sy eenheid.

3. SAMEVATTENDE KONKLUSIE

Uit ons ondersoek blyk dit duidelik dat die wesenlike verskil in die kerkbeskouing van die volkskerk en die vrye kerk daarin geleë is dat eersgenoemde die kerk primêr van bo af, van God af sien en verstaan, terwyl laasgenoemde die kerk van onder af, van die mens se kant af sien en verstaan. Die grondslag van die kerk is vir die volkskerk die genadeverbond waardeur God uit vrye genade op grond van die kruisoffer van Christus Hom aan die mens verbind en die mens aan Hom. Vir die vrye kerk is die grondslag, hoewel die verbond aanvaar word, tog uiteindelik iets van die mens: *sy* geloof, *sy* weergeborenheid. Vir die volkskerk gaan die kerk as instelling van God aan die individuele gelowiges vooraf. Die ontstaan van die kerk is geleë in die wil en die daad van God.

Vir die vrye kerk moet die ontstaan van die kerk by die wil van individuele gelowiges gesoek word as die vereniging van gelykgesindes. Dit is volgens Otto Weber in stryd met die begrip van die kerk as liggaam van Christus. Die liggaam ontstaan immers nie deur die wilsdaad van sy lede nie. Vir die volkskerk is die eenheid van die kerk geleë in sy wese, sy syn. Christus is die syn, die wese van die kerk. In Hom, die Waarheid, is die eenheid van die kerk geleë. Net soos die kerk self nie ontstaan en bestaan deur die wil van mense nie, net so kan die eenheid van die kerk nie menslik gedemonstreer word nie. Dis onnodig en onmoontlik. Met die oog op dit alles lyk die konklusie gewettig dat die volkskerk 'n baie meer normale verskyningswyse van die kerk van die Here in die wêreld as die vrye kerk is.

LITERATUURVERWYSINGS

BARTH, KARL 1959. *Kirchliche Dogmatik* 4, 3(ii) 72. Zürich: Zollikon.

BOTHA, SJ 1973. *Volkskerk*. Pretoria: HAUM.

BOTHA, SJ 1987. *Die Volkskerk*, Ongepubliseerde studiestuk vir die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

CALVYN, JOHANNES. *Institutie*, A Sizoo vertaling, 2de druk. Delft.

KOOPMANS, J 1949. *Onder het Woord*, versamelde opstelle. Amsterdam.

OORTHUYS, G EN KROMSIGT, PJ 1933. *Grondslag en Wezen der Kerk*. Wageningen.

VAN DER WESTHUIZEN, HG 1981. *Volkskerk en Sending*. Pretoria: Kital.

VAN DER WESTHUIZEN, HG 1987. *Volkskerk as Normale Kerkbeskouing*, Studiestuk vir die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

WEBER, OTTO 1962. *Grundlagen der Dogmatik II*, Afdeling X. Wageningen.

ISBN 0 7986 2796 4